

DIE HISTORIESE ONTWIKKELING, ORGANISASIE EN  
EKONOMIESE BETEKENIS VAN DIE MAGALIESBERGSE  
KOÖPERATIEWE TABAKPLANTERSVERENIGING.

---oooOooo---

deur

F.J.L. STEENEKAMP Honns.- B.Comm.

Verhandeling aangebied ter gedeeltelike voldoening  
aan die vereistes vir die graad

MAGISTER COMMERCII (EKONOMIE).

in die

Fakulteit van ~~E~~konomiese Wetenskappe

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

Christelike Hoër Onderwys

Januarie 1958..

## V O O R W O O R D.

Graag wil ek my dank en erkentelikheid betuig aan almal wat my van verskillende kante op vriendelike en belangelose wyse met raad en daad bygestaan het.

In besonder wil ek my waardering uitspreek teenoor my promotor, prof. dr. B. van Deventer vir die aanmoediging wat van hom uitgegaan het en vir die leiding wat ek van hom ontvang het by die voltooiing van hierdie **verhandeling**. Voorts my dank aan die Raad van Direkteure van die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging, vir die welwillende toestemming om die vereniging die onderwerp van my verhandeling te maak, en aan die bestuur en personeel van die Koöperasie vir die vriendelike hulp en medewerking verleen by die navorsingswerk.

Ten laaste my dank aan dr. T.T. Cloete wat die taalversorging van hierdie verhandeling waargeneem het.

---oooOooo---

# I N H O U D S O P G A W E

## A F D E L I N G   A

### DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE M.K.T.V.

#### HOOFSTUK   I

1.   Voorgeskiedenis en omstandighede wat gelei het tot stigting.
2.   Begin van organisasie.
3.   Die stigting van die vereniging.
4.   Die M.K.T.V. as onbeperkte koöperatiewe vereniging.
5.   Raadsbesluite vóór en ná aanvang van werksaamhede.
6.   Aanspreeklikheidsklousule van die M.K.T.V.
7.   Aanleidende oorsake tot verpligte koöperasie 1909-25.
8.   Soek na 'n oorsese mark.
9.   Prysvaling as gevolg van Na-oorlogse depressie 1921-22.
10.   Verkryging van verpligte koöperasie.
11.   Samevatting.

#### HOOFSTUK   II

### DIE M.K.T.V. AS VERPLIGTE KOÖPERASIE.

Inleiding.

1.   Die Sentrale Koöperasie.
2.   Stryd om Invoerbeheer van toepassing te kry.
3.   Aanleiding tot die ontstaan van die Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid.
4.   Statistiese ontwikkeling van die M.K.T.V.
5.   Samevatting.

Afdeling B. .... /

## A F D E L I N G   B

### HOOFSTUK   III

#### DIE   ORGANISASIE   VAN   DIE   M.K.T.V.

1.   Raad van Direkteure.
2.   Die M.K.T.V. se Voormanne-organisasie.
3.   Die verskillende afdelings van die Koöperasie.
  - i)   Tegniese afdeling.
    - a)   Ontvangs en Waardasie.
    - b)   Fermentasie.
    - c)   Gradering.
    - d)   Proctor (droging ens.).
  - ii)   Ingenieursafdeling.
    - a)   Werkswinkel.
    - b)   Wewery.
    - c)   Bou-afdeling.
  - iii)   Administratiewe afdeling.
    - a)   Sekretariële afdeling.
    - b)   Boekhou-afdeling.
    - c)   Handels-afdeling.
    - d)   Versekeringsafdeling.
    - e)   Versendingsafdeling.

Samevatting.

Afdeling C. .... /

## A F D E L I N G   C

### HOOFSTUK   IV

#### EKONOMIESE   BETEKENIS   VAN   DIE   M.K.T.V.

##### Vernaamste   doelstellings   van   die   M.K.T.V.

- a)   Bemarking van Tabak (Hoofstuk v).
- b)   Verskaffing van landboubenodigdhede.
- c)   Voorskotte op gelewerde produkte.
- d)   Belegging van fondse en verhuur van eiendom.
- e)   Lenings aan lede.
- f)   Inligting aan lede i.v.m. verbouing van tabak ens.
- g)   Versekering teen haelskade.
- h)   Aanstelling van amptenare.
- i.   Indirekte dienste.

### HOOFSTUK   V.

#### BEMARKING   VAN   TABAK.

- 1.   Geskiedkundige ontwikkeling van bemarking van tabak.
- 2.   Bemarkingsmasjinerie in die Unie.
- 3.   Metodes van bemarking in sommige lande:
  - a)   Tabakveilings in V.S.A. en Suid-Rhodesië.
  - b)   Waardasie-verkoopsisteen in Switserland.
  - c)   Kontrakproduksie in Suid-Amerika.
  - d)   Inskrywingsisteen in Nederland.
  - e)   Koöperatiewe en Beheerde bemarking in die Unie van Suid-Afrika.
- 4.   Samevatting en slotopmerkings.

A F D E L I N G   A .

HISTORIESE   ONTWIKKELING.

## A F D E L I N G   A.

### HISTORIESE OORSIG   VAN   DIE   MAGALIESBERGSE KOÖPARATIEWE   TABAKPLANTERSVERENIGING.

#### HOOFSTUK   I.

#### VANAF   STIGTING   TOT   VERPLIGTE   KOÖPERASIE   IN   1925.

##### 1.   VOORGESKIEDENIS   EN   OMSTANDIGHED E   WAT   GEJ EI   HET   TOT STIGTING.

Vanaf die vyftiger jare in die 19de eeu is tabak in die Rustenburgse distrik verbou deur die Voortrekkers wat hulle daar gevestig het. Aanvanklik het die tabakboer net in sy eie behoeftes voorsien, omdat daar geen afsetgebied was nie. Die klein oorskot het ook later saam met ander landbouprodukte gedien as ruilmiddel vir verbruikersgoedere, eers aan handelaars in hawes en later aan handelaars wat hulle in die binnelandse dorpe gevestig het. Die produksie was dan ook betreklik klein in die beginjare maar het vinnig toegeneem na die ontdekking van diamante en goud, asook na die toenemende gebruik van tabak deur die naturelle. Die ruilwaarde van tabak was besonderlik laag, aangesien die winkelier natuurlik altyd gesorg het dat hy 'n veilige winsmarge toegelaat het by berekening van die waarde van die gelewerde produk, en omdat hy bewus was daarvan dat die boer van hom afhanklik is vir die verkoop van sy produk, en ook nie geaarsel het om die hoogste pryse te vra vir sy ware wat hy aangebied het nie. Fabrikante het hulle eers aan die einde van die 19de eeu aan die Rand en plaaslik (Rustenburg) gevestig, en alleenlik 'n klein gedeelte van die produksie kontant aangekoop teen lae pryse.

Gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1901) moes die produksie van tabak in die Rustenburgse distrik gestaak word, en die mark wat ontstaan het in die stede, is bedien deur invoer van buite. Na die oorlog het die tabakprodusente van die Rustenburgse/....

burgse distrik hulle in 'n swaar stryd om te bestaan bevind; nie alleen moes hulle van vooraf begin nie, maar hulle moes die mark weer verower wat hulle eers voorsien het. Die lokale produksie het die onmiddellike gevolg gehad dat pryse gedaal het, waardeur die tydperk van heropbou en ekonomiese opheffing verleng is.

Daar was geen georganiseerde bemerking waardeur die planters hul produk lonend kon bemerk nie. Besiel met die ideaal van opbou van wat vernietig is deur die oorlog en met 'n strewe na verligting van die ekonomiese druk wat geheers het, was die tabakboer ryp vir enige vorm van organisasie en leiding wat ten doel sou hê om hom ekonomies op te hef.

## 2. BEGIN VAN ORGANISASIE.

Georg Wilhelm Ottermann is op 11 Desember 1862 in Hermansburg, Duitsland gebore. <sup>1)</sup> Op 17-jarige leeftyd het hy na Suid-Afrika gekom, waar hy hom eers in Natal en 'n jaar later (1881) te Kroondal, distrik Rustenburg, gevestig het, hoofsaaklik as boer.

Daar hyself, as Transvaalse burger, die wapen teen die vyand opgeneem het, was hy ook een van die verarmde boere wat onder ekonomiese druk moes leef. Hy het besef dat die tabakprodusent onder destydse toestande nie 'n bestaan kon maak nie en dat die probleem se oplossing slegs in die ekonomiese produksie en bemerking deur een kanaal gevind kan word. Tot hierdie slotsom het hy gekom nadat hy inligting daaroor uit 'n Duitse Verhandeling oor „Saamwerk en Koöperasies" geput het <sup>2)</sup>, wat hy in 1903 van 'n broer van hom uit Duitsland ontvang het, nadat hy hul nood, per brief, aan sy broer gemeld het. Hy het vervolgens leiding geneem en so het die eerste klein tabakboerevereniging op koöperatiewe grondslag in Transvaal ontstaan (1904), saamgestel uit sewentien boere te Kroondal. Hierdie organisasie, die „Magaliesberg Farmers' Association", het sowat na twee jaar ontbind, as gevolg van die

3/.....

---

1) Georganiseerde Landbou, Maart 1957, Pag. 8.

2) Die werk self kon nie opgespoor word nie; die naam „Saamwerk en Koöperasie" kom voor in 'n lêer van mnr. Ottermann.

feit dat dit n baie klein deel uitgemaak het van die getal tabakplanters en dat die invloed wat dit op die verwerking en bemarking van tabak uitgeoefen het te gering was, maar die koöperatiewe ideaal is vir die tabakboere daaruit gebore, met as hoofdoel die bemarking van tabak in blaarvorm en nie in gefabriseerde vorm nie.

As gevolg van die voortdurende uitbuiting deur fabrikante en handelaars, het die posisie van die tabakplanters al slegter geword, wat aanleiding gegee het tot n breër organisasie. Geïnspireer deur die vordering wat tot dusver gemaak is, het mnr. Ottermann daadwerklik voortgegaan om meer lede te werf. Met groot persoonlike opoffering het hy met n muilkar van plaas tot plaas gery om die koöperatiewe idee onder sy medeboere te propageer. Die aanname van die Wet op Koöperatiewe Landbouverenigings in 1908 deur die Transvaalse regering en die aanstelling van mnr. B. Stilling-Andersen as registrateur van Koöperasies, was n verdere aansporing tot die stigting.

### 3. DIE STIGTING VAN DIE KOÖPERASIE.

Die stigtingsvergadering is gehou op 20 Januarie 1909, waarby mnre. Ottermann en H.N.J. v.d. Merwe onderskeidelik op getree het as voorsitter en sekretaris. Nadat die Konsepregulasies van die Magaliesberg Koöperatiewe Tabakplanters Vereniging (hierna genoem die M.K.T.V. òf die Koöperasie òf die Vereniging) voorgelees is, het besprekings van die reglemente (statute) plaas gevind, en dit is daarna aangeneem deur die  $\pm$  800 persone wat die vergadering bygewoon het en as lede aangesluit het.

Die distrik is in sewe wyke ingedeel en elke wyk is verteenwoordig deur n direkteur, met mnr. Ottermann as voorsitter.

Die nodige dokumente is aan die registrateur van Koöperasies gestuur en die M.K.T.V. is geregistreer op 18 Mei 1909 onder die koöperasiewet van 1908.

Hier moet egter vermeld word dat, hoewel die meeste koöperasies in Suid-Afrika hulle ontstaan te danke het aan die Koöperatiewe gedagte wat deur die Engelse regering, in 1905, aan die

Kaap gebring is, deur die aanstelling van mnr. P.J. Hannon as superintendent van landboukoöperasies, en alhoewel die stigting van die M.K.T.V. plaasgevind het onder die regering van Lord Selborne in 1909 <sup>3)</sup>, is die koöperatiewe gedagte wat aanleiding gegee het tot die stigting van die M.K.T.V. afkomstig van uit Duitsland in die jaar 1903.

#### 4. DIE M.K.T.V. AS ONBEPERKTE KOÖPERATIEWE VERENIGING.

Soos blyk uit die naam van die Vereniging, is dit n onbeperkte koöperatiewe vereniging. Dit is nie gestig met die doel om n onbeperkte vereniging daarvan te maak nie, maar dit is wel as sodanig deur die registrateur geregistreer as gevolg van bepalings van die Koöperatiewe Wet op Landbouverenigings van 1908. Aanvanklik is voor die aanname van die wet van regeringskant beloof dat die regering self die volle verantwoordelikheid sal dra in verband met die bewerking, verkoop en finansiering van tabak. Soortgelyke ondersteuning is gedurende dié tyd aan die suiwelnerwerheid verleen, waarna strak verwys sal word. In verband met die beloofde aanspreeklikheid neem die direkteure die volgende besluit, wat hulle aan die regering stuur vir heroorweging:

„Aangesien die Regering aanvanklik ondernomen heeft de gehele verantwoordelikheid van voorschotten enz., te dragen. Aangesien op deze voorwaarde een koöperatieve vereniging van tabakplanters gesticht is te Rustenburg. Aangesien de Regerings vervolgens verklaard heeft niet genegen te zijn deze verantwoordelikheid te dragen en deze op de schouders der vereniging wil plaatsen. Aangesien de Direkteuren deze voorwaarden op publieke vergaderingen hebben bekend gemaakt en zij bevonden hebben, dat al meerderheid der tabakplanters niet genogen is op deze voorwaarden een koöperatieve vereniging te stichten. Zo besluiten zy niet met de koöperatie van tabak aan te gaan tensy de Regering zoals oorspronkelijk beloofd, de gehele verantwoordelikheid op zich neemt.

5/.....

---

3) Georganiseerde Landbou, Maart 1957, pag. 8.

Tevens wensende Direkteuren onder de aandacht der Regering te brengen dat aan Zuiwel-fabrieken volle ondersteuning word verleend en de Regering daarvan de verantwoordelijkheid draagt en zy kunnen niet insien waarom de Regering met dezelfde ondersteuning aan de Tabakplanters zou verlenen aangesien dit een der voornaamste industrien van Transvaal is." 4)

Ter verduideliking van die standpunt van die regering, vir hul optrede, by monde van die registrateur, is daarop gewys dat die verenigings in die Kaap, soos hulle toe genoem is, nie altyd suksesvol was nie, en die redes hiervoor aangevoer was nl. :

- (i) buitensporige finansiële hulp van die kant van die staat,
- (ii) onbekwame bestuur in sekere gevalle, en
- (iii) ontrouheid van die kant van lede.

Laasgenoemde is toegeskryf aan die feit dat lede geen verantwoordelijkheid teenoor hul koöperasie aangevoel het nie, weens die beperkte aanspreeklikheid wat hulle geniet het onder die maatskappiewet waaronder die verenigings geregistreer is. Om dië redes het die wetgewers van Transvaal, in hul strewe om die skynbare moeilikhede wat in die Kaap ondervind is te voorkom en om n goed ontwikkelde gees van onafhanklikheid en selfhelp teweeg te bring, besluit dat diegene wat graag by n koöperatiewe onderneming wou aansluit, bereid moes wees om die las van onbeperkte aanspreeklikheid te aanvaar.

Gehoorsaam aan die wet, het die lede en direksie van die M.K.T.V. hul onbeperkte aanspreeklikheid aanvaar, en met die grootste versigtigheid en waaksaamheid oor die werkaangeleenthede van die vereniging het die Raad van Direkteure besluite geneem en beginsels neergelê wat n stewige grondslag gevorm het, wat die onbeperkte koöperatiewe vereniging alleen tot eer strek. Vandag nog is dit die enigste Vereniging van die drie-en-veertig wat onder

---

4) Direkteursvergadering, 7 Okt. 1909.

die koöperatiewe wet van 1908 geregistreer is en op die ou koöperatiewe register verskyn. Omdat daar, soos dit later in die verhandeling sal blyk, 'n gesonde toestand in die vereniging heer, bestaan daar vandag geen behoefte by die lede om hulle onbeperkte aanspreeklikheid te verander na beperkte aanspreeklikheid nie, maar hulle voel ook veilig en trots op wat deur hulle vereniging tot stand gebring is onder beginsels van selfhelp en waaksaamheid. Om genoemde beginsels toe te lig, kan kortliks op 'n paar besluite gelet word wat geneem is net vóór en ná die aanvang van werksaamhede op 1 April 1911.

5. RAADSBESLUIE NET VOOR EN NÁ AANVANG VAN SAKE. 5)

(i) Mnr. G.J. Alta, 'n kenner van tabak, word aangestel as sekretaris-bestuurder, Dit word van hom verwag om 'n borgtog van £1,000 te gee.

(ii) Mnr. D.Schutte word aangestel as rekenmeester met 'n borgtog van £500.

(iii) Opdrag aan finansiële komitee om inligting in te win i.v.m. „ongelukke assurance" - die masjins moes verassureer word teen besering in diens van die vereniging. Die geboue waarin die vereniging gefunksioneer het, moes ook verseker word teen brandskade.

(iv) Opdrag word aan die heer Taylor, van die Departement van Landbou, gegee om die nodige boeke, kwitansievorms, tjekboeke en ander nodige skryfmateriaal te bestel op koste van die Vereniging.

(v) Dit was die strewe om alleen die beste tabak te bemark en om die naam van die Vereniging goed te hou. 6)

(vi) Die aanstelling van ouditeurs en verbetering van die boekhoustels het die aandag geniet. 7)

Bogenoemde besluite is 'n bewys dat die direksie vanaf die begin van werksaamhede met die grootste versigtigheid te werk gegaan het en waar moontlik gebruik gemaak het van middele tot hul

---

5) Direkteursvergadering, 28 Maart 1911.

6) Id., 14 Junie 1911.

7) Id., 26 Julie 1911.

beskikking, soos regsadvies, getrouheidswaarborge, assuransie, ouditering ens., om ten alle tye die risiko's te verminder en om die lede van die vereniging in hul onbeperkte aanspreeklikheid te beskerm.

6. KLOSULE VAN AANSPREEKLIKHEID.

Om die aanspreeklikheid van lede na aanleiding van die statute van die M.K.T.V. uiteen te sit, word slegs klosule 16 van die statuut aangehaal, nl.:

„Dit is n voorwaarde van lidmaatskap dat al die lede gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir betaling van die skulde en verpligtings van die vereniging: Met dien verstande dat, behoudens die bepaling van die eersvolgende paragraaf van hierdie regulasie, n persoon wat bedank het of uit die vereniging uitgesit is, en die boedel van n persoon wat oorlede is, nie aanspreeklik is nie -

- (a) ten opsigte van sulke skulde en verpligtings van die vereniging aangegaan na bedoelde bedanking, uitsetting of dood, en
- (b) ten opsigte van enige skulde en verpligtings van die vereniging hoegenaamd sodra die balansstaat en wins- en verliesrekening van die vereniging onderteken deur sy ouditeurs, n batige saldo ten gunste van die vereniging aantoon;

„Met dien verstande, voort, dat niemand aanspreeklik is vir die terugbetaling van n lening wat deur die vereniging aangegaan is voor die datum waarop hy lid geword het, en wat deels of ten volle aangewend is om voorskotte aan die lede van die vereniging te maak of om boerdery benodighede aan sy lede te verskaf of om die onkoste verbonde aan die hantering, bewerking of van die hand sit van produkte van sy lede te dek, tensy hy van die vereniging n voorskot uit die opbrengs van die lening ontvang het of deur die vereniging voorsien is van boerdery benodighede aangekoop of op n ander wyse verkry uit die opbrengs van die lening, of tensy die onkoste deur die vereniging gemaak om daardie lid se produkte te hanteer, bewerk, of van die hand te sit, uit die opbrengs van die lening gedek is.

„Ondanks die voorbehoudsbepalings by hierdie regulasie, is elke lid, wat bedank het of wat uitgesit is, in die geval van likwidasië van die vereniging ook aanspreeklik vir die koste, onkoste en uitgawes verbonde aan die likwidasië, indien sodanige likwidasië binne twaalf maande na die bedanking of uitsetting van so 'n lid begin."

Die klosule word gekenmerk deur sy strengte en tog billike bepalinge wat die aanspreeklikheid van sy lede betref.

#### 7. AANLEIDENDE OORSAKE TOT VERPLIGTE KOÖPERASIE, 1909-1925.

Met die aanvang van sy werksaamhede, het die vereniging nie sonder probleme begin nie. Die vereniging moes begin as konkurrent teen fabrikante en handelaars wat finansieel sterk was; dit moes sy lede en produsente opvoed om die voordele van koöperatiewe produksie en bemerking in te sien - 'n voordeel wat nie altyd in die begin te bespeur is nie maar wat gewoonlik groter diwidende in die toekoms inhou.

Die algemene probleme wat deur die vereniging ondervind is na die stigting, in hul poging om ordelike bemerking te bewerkstellig, kan in die volgende saamgevat word.

(a) Tabakprodusente kon hulle tabak vrylik regstreeks aan kopers bemark, met die gevolg dat daar nie volle beheer oor die bemerking van die produk deur die lede uitgeoefen kon word nie.

(b) Aanloklike pryse is deur ander belanghebbendes aangebied om die vereniging in 'n onaantreklike lig te stel.

(c) Die produksie het in verskillende streke in die Unie begin toeneem, wat die veld van onbeheerde bemerking vergroot het.

(d) Daar was geen invoerbeheer oor tabak nie en dit het 'n gevaar vir die Unie-produsent ingehou.

Om die genoemde probleme uit die weg te ruim, het daar 'n groot taak op die skouers van die Vereniging en sy direksie gerus, en om die probleme te bowe te kom, was hulle daadwerklike optrede ten opsigte van elk van die genoemde probleme as volg:

A. VRYLIKE VERKOOP VAN PRODUK DEUR NIE-LEDE.

Baie planters het besluit om nie aan te sluit as lede van die vereniging nie as gevolg van:

- i) die verantwoordelikheid wat gepaard gegaan het met die onbeperkte aanspreeklikheid;
- ii) omdat hulle nog nie die volle vertroue ten opsigte van die koöperatiewe gedagte gehad het nie, en
- iii) as gevolg van die feit dat die vereniging 75% van die markwaarde van die produk by lewering deur die lid, uitbetaal het en die surplus, indien enige, pas na afsluiting van die boeke aan die einde van die boekjaar; daarteenoor het gestaan die volle uitbetaling deur fabrikante en handelaars.

Die voorsitter, mnr. Ottermann, en sy raad van direkteure het reekse van vergaderings gehou, asook huisbesoek gedoen by nie-lede, om weer eens die koöperatiewe ideaal uiteen te sit; hulle het ook die suksesse wat reeds deur die vereniging behaal is, aangetoon en die verwagtings geskets as die produsente 100% die vereniging ondersteun. Dié optrede het die gevolg gehad dat groot getalle planters aangesluit het as lede.

B. AANLOKLIKE PRYSE DEUR FABRIKANTE.

Fabrikante was deeglik bewus van die feit dat n organisasie soos die Vereniging, met n doel van bemarking deur een kanaal, hul winste en monopolie sou afneem, en daarom dan ook dat alle moontlike pogings deur hulle aangewend is om die Vereniging in sy doel te dwarsboom op hoofsaaklik die volgende wyses:

- (i) Aanloklike pryse vir die produk word aangebied; dit het daartoe bygedra om verdeeldheid onder produsente en ontrouheid onder sekere lede te bewerkstellig.
- (ii) n Aanloklike prys kon gewen word deur die produsent wat die produk met die beste kwaliteit aan die fabrikant verkoop. <sup>8)</sup> So is n jaarlikse kontantprys van £400 uitgeloof deur n fabrikant. Dit het meegebring dat

---

8) Direkteursvergadering, Notule 17 Junie 1917.

die direksie besluit het om vir dieselfde bedrag n prys uit te loof.

(iii) Fabrikante het kontrakte met planters aangegaan waar-deur laasgenoemde verplig is om hul produk aan die fabrikant te verkoop - selfs lede het onder die verbintenissen gestaan.

(iv) Fabrikante het watergronde aangekoop om self tabak op grootskaal te verbou om nie die vereniging te ondersteun nie. Verder is planters deur fabrikante geëksploiteer en so verplig om hul produk aan fabrikante te lewer.

Eers nadat die wet op Verpligte koöperasies in 1925 aange-neem is, het fabrikante wat tabak verbou het in die geproklameerde gebiede hul produksie gestaak, omdat hulle verplig was om die produk aan die plaaslike verenigings te lewer.

#### C. TOENAME VAN PRODUKSIE IN ONGEORGANISEERDE GEBIEDE.

As gevolg van beter pryse, die ontwikkeling van beter voerfasiliteite en die beter handelsomstandighede wat voortgespruit het uit Unifikasie, is daar in ander gebiede in die Unie, waar toestande gunstig is, vir die verbou van tabak, n begin gemaak met produksie. Dit het meegebring dat daar omgewings was waar daar nog geen koöperasie was nie en fabrikante kon hulle voorrade dus aankoop in onbeheerde gebiede, wat die gevolg gehad het dat gevestigde koöperasies dit moeilik gevind het om hulle produk van die hand te sit.

#### HULP AAN ANDER KOÖPERASIES EN GEBIEDE.

Die onselfsugtige hulp wat die M.K.T.V. in die verlede aan ander koöperasies en ongeorganiseerde gebiede verleen het, is gedoen met die doel voor oë om die hele tabakproduksie van die Unie onder beheerde (Koöperatiewe) bemarking te verkry. So vroeg reeds as 1911 is daar deur ander koöperasies by die M.K.T.V. aangeklop om hulp, wat nooit geweier is nie. Die volgende word besluit deur die M.K.T.V. se direksie i.v.m. die bemarking van ander koöperasies se produk: 9)

---

9) Notule, Direkteursvergadering, 12 April 1911

„Dat aan deze verenigingen geschreven worde, dat di vereniging ter eniger tyd bereid is hun behulpsaam te zyn met verkopen van hun tabak; dat het gebouw van regeringswege te Rustenburg op gronde evenwel te klein is voor de opbrengst van dit distrikt; dat so spoedig mogelik aangebouwd zal worden en dat zodra daarmee gereed is die zaak ver inoverweging genomen sal worden. Intussen kunnen de andere verenigingen afvaardig deur senden om die zaak te bespieten, indien zy zulks verkiesen."

Nadat voorsiening gemaak is vir meer pakruimte, het die M.K.T.V. planters uit ander distrikte se produk ingeneem vir bemarking. <sup>10)</sup> So is tabak gedurende 1919 so vër as uit Waterberg en Swaziland ontvang. <sup>11)</sup> As gevolg van die goeie kwaliteit tabak wat ontvang is, afkomstig uit die distrik Waterberg, word planters aldaar aangemoedig om aan te sluit as lede van die M.K.T.V. - groot getalle het aangesluit. <sup>12)</sup> Gedurende die oesjaar 1920 doen die Waterbergse Koöperatiewe Landbou Vereniging self aansoek om lidmaatskap van die M.K.T.V. om ook hul tabak te bemark, maar dit word nie toegestaan nie, omdat die Koöperatiewe wet van 1908 dit nie toelaat nie; nogtans word besluit dat hul tabak ontvang en bemark sal word. <sup>13)</sup> Die ondersteuning wat die M.K.T.V. van die kant van planters uit die Waterbergse distrik ontvang het, was dan ook die rede dat n takkantoor van die M.K.T.V. op Nylstroom geopen is waar nie-lede en lede van die Waterbergse Koöperatiewe Landbou Vereniging hul tabak kan lewer. As gevolg van dié diens sluit feitlik alle planters by die M.K.T.V. aan.

<sup>14)</sup> Ook word gedurende 1922 deur die Vaalrivier Tabakkoöperasie aansoek gedoen dat die M.K.T.V. behulpsaam moet wees met die bemarking van hul produk.

Die M.K.T.V. het die leiding geneem in die poging om die hele tabakbedryf onder beheerde bemarking te verkry, daarom dat dit gehelp het met die stigting en organisasie van ander koöperasies, soos te Baberton, Piet Retief, Middelburg en selfs buite die gren-

---

10) Notule, Direkteursvergadering, 12 April 1911.

11) Ibid., 25 Sept. 1919.

12) Ibid., 7 April 1920.

13) Ibid., 29 Maart 1925.

14) Ibid., 29 Aug. 1922

se van die Unie met die stigting van 'n koöperasie in Swaziland en die hulp i.v.m. die interne organisasie daarvan.

D. VRYE INVOER VAN TABAK VANAF RHODESIË EN SWAZILAND.

Reeds vanaf die begin van werksaamhede van die M.K.T.V. het die Unie-producent moes meeding op die lokale mark met die tabak-producente van Rhodesië en Swaziland. Nieteenstaande die feit dat die M.K.T.V. herhaalde kere vertoë tot die regering gerig het om invoerbeheer toe te pas, het tabak die Unie vry ingekom sonder enige beskerming vir die Unie-producent. Daar is gepoog om deur middel van samewerking met die koöperasies in Rhodesië, die toestand bevredigend op te los, maar dit het geen verligting van die probleem gebring nie.

Die vrye invoer het meegebring dat daar tekens van die probleem van oorproduksie was, en die taak het op die skouers van die M.K.T.V. gerus om 'n mark elders vir oorskotte te vind.

(Daar invoerbeheer eers na 1925 van toepassing geword het, sal dit in die volgende hoofstuk behandel word.)

8. SOEK NA 'n OORSESE MARK.

Reeds so vroeg as 'n jaar na die aanvang van die werksaamhede van die M.K.T.V., het die direksie voor die probleem te staan gekom dat daar 'n oorproduksie in sig was. Dadelik is pogings aangewend om samewerking met die Staat te verkry ten einde 'n mark in die buiteland vir oorskotte te verkry. So besluit die direksie: 15) „.... dat de Bestuurder weer een rondreis moet maken en te zamen met de voorzitter en indien mogenlyk met de Heer Piet Grobler (L.U.K.), Generaal Botha (destydse premier) gaan zien ten einde met Z.Ed. de wenschelykheid te bespreken om Europa te bezoeken voor het verkryging van een overzee markt."

Op die daarop volgende vergadering doen die voorzitter verslag in verband met 'n besoek aan Generaal Botha en deel aan die vergadering die volgende mee: 16) „Dat de Eersten Minister van heelen

---

15) Direkteursvergadering, 22 Mei 1912.

16) Ibid., 23 Aug. 1912.

harte die pogingen wil steunen, indien de gelden der begrooting dit toestaan. Verder deelt de voorsitter mede, dat de Heer Smith, sekretaris van Landbou, een besoek aan Rustenburg heeft gebrach en hy een onderhoud met Z.Ed. de Eersten Minister heeft gehad omtrent deze zaak, tezamen met de Vice Voorsitter, en dat ook de Heer Smith de belangrykheid inzag en symphatie betuigde met het plan ." Groot was die teleurstelling toe die voorsitter op dieselfde vergadering n brief voorlees, ontvang van die sekretaris van Landbou, wat in hoofsaak die volgende inhoud: <sup>17)</sup> „...dat Generaal Botha, geheel in teenstelling met Z. Eds. eerste gegeven verklaring, nu geen kans ziet de Vereniging van Regeringswege te steunen. Nadat deze mededeelingen door de Raad met groote aandacht zyn gehoord wordt op voorstel van de Heeren v.d. Merwe - Malan besloten de Regering nogmaals te naderen en Haar bekend te maken met het volgende besluit: „Deze vergadering met het oog op het belangrykheid van deze bezigheid en het snelle uitbreiding van de tabak industrie over geheel Zuid-Afrika is van oordeel, dat weldra de produksie van tabak te groot zal zyn voor de behoeften van de lokale markten; reden en waarom pogingen dienen aangewend te worden om een markt te vinden voor de afzet van tabak in Europa. Daar deze zaak van gewicht is voor geheel Zuid-Afrika, wordt de Regering verzocht iemand naar Europa te zenden om over de moeglykheid van uitvoer onderzoek in te stellen en te rapporteeren. Deze Vereniging verzoekt echter de Regering haar te raadplegen met 't oog op de persoon, die gezonden zal worden."

Die regering het baie simpatiek gestaan teenoor die probleem wat nasionaal van aard was, waarmee die tabaknywerheid te kampe gehad het, maar het nie sy weg oop gesien om op daardie stadium enige hulp te verleen in die soek na n buitelandse mark nie. Die M.K.T.V. se bestuur het besluit om self voort te gaan om die produksie binne- sowel as buitelandse te bemark, nieteenstaande die feit dat dit gepaard gegaan het met groot uitgawes en die Staat aan die anderkant n inkomste verkry het van die bedryf in die vorm van

---

17) Direkteursvergadering, 23 Aug. 1912.

aksynsbelasting.

Om hul produk asook dié van ander verenigings te kan bemark, het die M.K.T.V. die volgende gedoen:

- (i) Aanmoediging aan boere om die beste soort tabak te verbou, deur inligting te verkry van die plaaslike regeringsproefplaas;
- (ii) die beste metodes te volg by die bewerking en gradering van die produk deur die boer;
- (iii) deur die produk te adverteer op tentoonstellings, sowel binne- as buitelandse;<sup>18)</sup>
- (iv) die verkryging van agente om die produk oorsee te bemark.

In 1919 word dit eers moontlik vir die vereniging om van sy eie beamptes na Europa te stuur met die oog daarop om die mark te ondersoek. <sup>19)</sup> Die afvaardiging was so suksesvol dat 'n kontrak met „Siemssen & Co.“ gesluit word vir tabak van 1-miljoen lb. van verskillende grade, met 100% hoër pryse as wat binnelands verkry kan word. (Op hierdie goeie sake, word besluit om 'n reeks van vergaderings te hou, lede daarvan te verwittig en as gevolg van die goeie vooruitsigte nuwe lede te trek). Verder het dit die gevolg gehad dat pryse binnelands gestyg het. Planters het ook ingesien dat die vereniging in hulle belang werk, wat meegebring het dat meer nie-lede by die vereniging aangesluit het.

#### 9. PRYSDALING AS GEVOLG VAN NA-OORLOGSEDEPRESSIE (1921-1922)

Die goeie pryse vir tabak wat produsente gedurende die paar voorafgaande jare (1922) ontvang het, het 'n styging meegebring in die produksie. Die styging in die produksie het daartoe meegehelp dat pryse skerp gedaal het as wat die oorlogsdepressie alleen sou veroorsaak het. Die swak ekonomiese toestande wat oor die hele wêreld geheers het, het die gevolg gehad dat die vraag na Unie-tabak in die buiteland gedaal het; selfs ook binnelandse fabrikante wat verdere prysdalings verwag het, het minder voorrade

---

<sup>18)</sup> Direkteursvergadering, 25 Sept. 1919.

<sup>19)</sup> Ibid., 4. Nov. 1919.

voorhande gehou, wat die onverkoopte voorrade in die pakhuis van die Vereniging laat styg het. Lede het ontrou begin word en bedankings het toegeneem. Fabrikante kon weer meer tabak van planters inkoop, en dit het die Vereniging beweeg om daadwerklik op te tree tot die verkryging van algehele kontrole oor die produk in die streek wat dit bedien het, deur middel van verpligte koöperasie.

#### 10. VERKRYGING VAN VERPLIGTE KOÖPERASIE.

Reeds so vroeg as 1911 word gedagtes gewissel in direkteursvergaderings oor die algehele kontrole i.v.m. die bemarking van tabak, maar eers in 1924 begin die Direksie met alle erns werk vir die verkryging van 'n verpligte koöperasie; so lui die notule van 14 Maart 1924: „Vervolgens kom ter bespreking die kwesie van verpligte koöperasie en deelt de heer S. v.d. Merwe zyn gedagte mede. Hy stelde o.a. voor dat 'n Kommissie benoem word in aanraking te kom met 't Goeverment asook met Parlements lede van alle partyen om sodoende ons posisie behoorlik aan hem te verduidelik."

'n Sekere mnr. Retief, 'n beampte van die Landbank, het hom veral ook vir die saak beywer en veral in hoër kringe die idee van verpligte koöperasie gunstig bespreek.

Op 10 Februarie 1925 word op 'n direkteursvergadering twee direkteure benoem, by name mnre. Otterman en Taylor, as afgevaardigdes na Kaapstad om die betrokke minister en die parlement te gaan spreek in verband met die indiening van die amendement op die Koöperatiewe wet.

Die direksie het altyd in voeling met die besprekings aangaande die verpligte koöperasie gebly, daar mnr. J.A. du Plessis, een van die direkteure van die M.K.T.V. ook parlamentslid was.

Die amendement op die Koöperatiewe wet is oorspronklik ingedien nl. dat voldoen sal word aan die eis dat 75% van die planters lede van die koöperasie moet wees. Hierop word 'n verdere amendement ingedien, waarop die M.K.T.V. die volgende telegram aan die minister van Landbou stuur: 20) „Ons verstaan dat U.Ed. Amende-

ment wil indien op die Amendement van die Koöperatiewe wet om te lees 75 persent van die produkt instede van produsent. My Vereniging dring ernstig op u aan om dit te laat soos ingedien by tweede lesing." 21) Met die derde lesing is 'n verdere amendement voorgestel dat die Vereniging sal moet voldoen aan die eise van 75 persent produksie sowel as 75 persent lidmaatskap van die planters is sy bediende gebiede; so is dit dan ook deur die parlement aangeneem:

WET NO. 38 VAN 1925.

Klosule 17 (1). „Wanneer de Minister overtuigd is dat in een distrikt, streek of provincie ten minste vijf en zeventig percent de voortbrengs van een soort landbouwvoortbrengselen de voortbrengers zijn van ten minste vijf en zeventig percent van zulke landbouw voortbrengselen voortbracht in dat distrikt, streek of provincie en leden zijn van een koöperatieve landbouw vereniging of maatschappij geregistreerd ingevolge de Hoofdwet of een wijziging daarvan en die als een van zijn doeleinden de vanderhandzetting van de soort landbouw voortbrengselen heeft kan de Minister op verzoek van een zodanige vereniging of maatschappij bij kennisgeving in de Staatskoerant verklaren dat vanaf een datum te worden vermeld in de kennisgeving elke voortbrenger van die soort voortbrengselen in zodanig distrikt, streek of provincie als in de kennisgeving vermeld wordt, zulke voortbrengselen door hem voortgebracht door tussenkomst van de vereniging of maatschappij verkopen moet het zij al dan niet hij een lid daarvan is." 22)

Twee dae na die vorige direkteursvergadering word die direkteure weer byeengeroep om 'n afgevaardigde na Kaapstad te stuur om te gaan uitvind wat van die M.K.T.V. verwag word om dié wet van toepassing te kry. Op 4 Augustus 1925 rapporteer die afgevaardigde, mnr. Taylor, dat die Vereniging alleen daaraan moet voldoen dat 75 persent van die planters as lede ingeskryf en 75 persent van die tabakproduksie in die bediende gebied deur die

---

20) Direkteursvergadering, 14 Julie 1925.

21) Ibid., 16 Julie 1925,

22) Ibid., 16 Julie 1925

vereniging gekontroleer moet word.

Groot organisasiewerk is aangepak om die 75 persent lede te verkry, want die Vereniging het reeds meer as 75 persent van die produk in sy streek gehanteer. Danksy die onbaatsugtige hulp van getroue lede wat uit eie inisiatief onverpoos lede gewerf het, het die wet op Verpligte koöperasie voor die einde van 1925 van toepassing op die M.K.T.V. geword in die distrikte wat dit bedien het, nl. Rustenburg, Pretoria, Waterberg, Marico en Krugersdorp.

Die uitwerking van verpligte koöperasie was dat alle tabakplanters, selfs ook fabrikante wat ten behoeve van hulleself tabak verbou het, hul produk aan die M.K.T.V. moes lewer. Dit het aan die Vereniging meer seggenskap besorg in die proses van bemarking, wat dadelik 'n verhoging van pryse meegebring het.

---

11.

#### SAMEVATTING.

Na die Anglo-boereoorlog het die tabakprodusent in die Rustenburgse omgewing homself in 'n swaar stryd om te bestaan, bevind. Pryse van plaasprodukte was algemeen laag. Daar was geen georganiseerde bemarking nie en die planters was blootgestel aan uitbuiting deur handelaars en fabrikante. Mnr. Ottermann het ingesien dat die tabakprodusente op hierdie wyse nie kon bestaan nie en dat hulle probleem se oplossing slegs in ekonomiese produksie en bemarking deur een kanaal lê.

Tot hierdie slotsom het hy gekom, nadat inligting oor koöperasies ingewin is uit 'n Duitse verhandeling oor Saamwerk en Koöperasies, wat aanleiding gegee het tot die stigting van die Magaliesberg Farmers' Association te Kroondal, distrik Rustenburg, in 1904. Binne twee jaar is die Vereniging ontbind as gevolg van sy gerige invloed, daar dit alleen uit 17 planters bestaan het, maar die koöperatiewe ideaal is vir die tabakboere daaruit gebore. is die M.K.T.V. gestig en Op 20 Januarie 1909, onder die Koöperatiewe Wet van 1908 geregistreer.

Na die begin van die werksaamhede, in 1911, het die Vereniging nog veel probleme ondervind in sy poging om ordelike bemarking te bevorder, wat kortliks as volg weergegee kan word:

(i) Tabakprodusente kon hulle tabak vrylik regstreeks aan kopers verkoop, met die gevolg dat daar nie volle beheer oor die bemarking van die produk deur die gekoöpereerde lede uitgeoefen kon word nie.

(ii) Aanloklike pryse wat deur ander belanghebbendes aangebied is om die koöperasies in 'n onaantreklike lig te stel, het bygedra om verdeeldheid onder produsente en ontrouheid onder sekere lede te bewerkstellig.

(iii) Die produksie het in verskillende streke in die Unie begin toeneem, wat die veld van onbeheerde bemarking vergroot het.

(iv) Daar was geen invoerbeheer oor tabak nie en dit het 'n gevaar vir Unie-produsente ingehou.

Onder leiding van mnr. Ottermann is daadwerklik opgetree, en verdere organisasie het bygedra tot verkryging van 'n oorsese mark en dat die M.K.T.V. se hele tabakproduserende gebied, wat die destydse distrikte Rustenburg, Pretoria, Waterberg, Marico en Krugersdorp ingesluit het, op aandrang van produsente kragtens die Wet in 1925 as 'n beheerde gebied geproklameer is, uit welke gebied blaartabak alleen deur middel van die M.K.T.V. bemark kon word.

---

## H O O F S T U K    I I

### DIE M.K.T.V. AS VERPLIGTE KOÖPERASIE, 1925-1957.

#### INLEIDING.

Die skerp prysdaling van landbouprodukte, dus ook van tabakpryse, gedurende 1921-22, was een van die vernaamste redes waarom die M.K.T.V. aangedring het op verpligte koöperasie, om sodoende 'n beter beheer oor die produk te kry in die streke wat dit bedien. Na die verkryging van algehele kontrole in die distrikte waarin die koöperasie funksioneer, was die probleem alleen plaaslik opgelos, maar die res van die Unie was nog onbeheer, sodat kopers nie verplig was om hulle inkope deur middel van georganiseerde koöperasies te doen nie. Die M.K.T.V. het hom veral in dié stadium daarvoor beywer om ander koöperasies aan te moedig om ook kontrole in hulle gebiede te verkry, sodat die hele tabakbedryf ten volle onder koöperatiewe beheer kan wees.

Om die samewerking van ander tabak koöperasies te verkry, neem mnr. Ottermann, die stigter van die M.K.T.V., weer die leiding op hom om te organiseer vir die stigting van 'n Sentrale Koöperasie, waardeur die gesamentlike belange van die verskillende koöperasies beter behartig kan word en hulle samewerking in gemeenskaplike belange kon verseker.

#### 1.    DIE    SENTRALE    KOÖPERASIE.

Die bestaande tabakkoöperasies word deur die M.K.T.V. aan die begin van 1926 te Pretoria byeengeroep, waaroor die afgevaardigde van die M.K.T.V., by name mnr. Taylor, die volgende aan die M.K.T.V. se direksie meedeel:

"..... dat de Vergadering te Pretoria byeen geroep met die doel om 'n Sentrale Maatskappy te stig, besluit het om oor te gaan tot die stigting daarvan, en dat ieder vereniging  $\frac{1}{2}\%$  (half) van hun omset moet bydra aan die fondse van die Maatskappy." 23)

Die Sentrale Koöperatiewe Tabakmaatskappy van Suid-Afrika

---

23)    Direkteursvergadering, 11-13 Maart 1926.

Bpk. (hierna genoem die „Sentrale" en/of „Centabak") het aanvanklik bestaan uit drie lede nl.:

- i) Die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging,
  - ii) Die Vaalrivier Koöperatiewe Tabakplantersvereniging,
  - iii) Piet Retief Koöperatiewe Tabakplantersvereniging,
- met die hoofkantoor te Rustenburg. Vandag is dit saamgestel uit die volgende tien geaffilieerde tabakkoöperasies:

TRANSVAAL EN VRYSTAAT: 24)

- (i) Die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging. Posbus 69, RUSTENBURG. Registrasiedatum: 18 Mei 1909.
- (ii) Die Vaalrivier Koöperatiewe Tabakboere Vereniging, Posbus 91, PARYS. Registrasiedatum: 30 Julie 1921.
- (iii) Piet Retief Koöperatiewe Tabakplantersvereniging, Posbus 104, PIET RETIEF. Registrasiedatum: 19 Februarie 1926.
- (iv) The Barberton District Co-operative Tobacco Company Limited, P.O. Box 60, NELSPRUIT. Registrasiedatum: 2 Februarie 1927.
- (v) Potgietersrust Koöperatiewe Tabakplantersvereniging, Posbus 2, POTGIETERSRUST. Registrasiedatum: 7 Julie 1933.

KAAPLAND:

- (i) Die Westelike Provinsie Koöperatiewe Tabakkwekers Maatskappy Beperk, Posbus 506, ZUIDER PAARL. (Turkse Tabak) Registrasiedatum: 23 November 1912.
- (ii) Die Kango Koöperatiewe Tabakmaatskappy Beperk, Posbus 46, OUDTSHOORN. Registrasiedatum: 12 Februarie 1922.
- (iii) Katrivier Tabak Koöperatiewe Maatskappy Beperk, Posbus 7, BALFOUR. Registrasiedatum: 4 Desember 1936.
- (iv) Die Gamtoos Koöperatiewe Tabakmaatskappy Beperk, Posbus 5, PATENSIE. Registrasiedatum: 31 Desember 1936.

SWAZILAND:

- (i) The Swaziland Co-operative Tobacco Company, Limited, P.O. GOEDGEGUN. SWAZILAND. (Gestig: 1931).

Hoewel Swaziland n protektoraat en nie n deel van die Unie is

24) Tabakwaardeerderskurses, Okt. 1957. Lesing mnr. J.P. Hamman.

nie, laat die statuut van die Sentrale dit toe dat tabakkoöperasies buite die Unie mag aansoek doen om lidmaatskap van die Sentrale, nl.:

KLOSULE 14. „Lidmaatskap word beperk tot

- (a) Koöperatiewe tabakverenigings en -maatskappye wat volgens die wet op Koöperatiewe Verenigings bevoeg is vir lidmaatskap.
- (b) Koöperatiewe tabakmaatskappye geregistreer in Swaziland, Suidelike Rhodesië, Noordelike Rhodesië, Bechuana-land Protektoraat of die gebied van Suidwes-Afrika, en deur die Minister van Landbou en Bosbou goedgekeur."

Die genoemde tien koöperasies funksioneer elkeen selfstandig wat interne beleid en werksaamhede betref.

(Die doelstellings en werkverrigting van die Sentrale sal in Afdeling C van die verhandeling uiteengesit word).

2. STRYD OM INVOERBEHEER VAN TOEPASSING TE KRY.

Die beheer oor die produk en die magte wat voortgespruit het uit die verkryging van verpligte koöperasie en die stigting van die Sentrale koöperasie, het meegebring dat die pryse van tabak in 1926 met  $\frac{1}{4}$  4 pennies per lb. verhoog is. Dit het planters aangemoedig tot 'n hoër produksie, wat weer die probleem van 'n oorproduksie sou laat ontstaan, indien invoere van tabak vanaf Rhodesië en Swaziland nie beheer sou word nie.

Om die invoerbeheer van toepassing te kry op tabak afkomstig van Rhodesië en Swaziland, het die M.K.T.V. saam met die Sentrale 'n lang en moeilike stryd gestry, want reeds so vroeg as 1928 beland die tabaknywerheid in die probleem van 'n groot oorproduksie wat nie van die hand gesit kon word nie. Verskeie versoeke is tot die regering gerig deur die M.K.T.V., in samewerking met die Sentrale, om invoere te beperk vanaf Rhodesië en Swaziland, dog die antwoord van die regeringsweë in dié verband ontvang gedurende die begin van 1929, was: „..... dat die voordeel van die wedersydse handel onder die konvensies tussen Rhodesië en die Unie, aan ons (Unie) kant is, en dat die Regering nie daarvan wil hoor om 'n belasting te lê op dié tabak nie." 25)

VOORSTELLE VAN DIE KANT VAN DIE  
REGERING.

Nadat die M.K.T.V., deur middel van die Sentrale, die volgende besluite, deur hulle goedgekeur, aan die regering gerig het, word n voorgestelde plan van die Minister ontvang, wat die probleem volgens die Minister moontlik sal oplos.

BESLUIITE DEUR DIE M.K.T.V. GENEEM.

a.) „Met die oog op die kritieke toestand waarin die tabaknywerheid van die Unie vandag (Mei 1929) verkeer, wat groteliks toe te skrywe is aan die vrye instroming vanuit Rhodesië en Swaziland, versoek die lede van die M.K.T.V. die Hoog Edele Regering beleefd dog dringend om sonder versuim die nodige stappe te neem om die tabakplanters van die Unie behoorlik te beskerm teen sodanige invoer van tabak.

b.) ..... dat versoek word met die oog op die inkomste wat die staat jaarliks ontvang uit die aksynsbelasting op sigarette, dat n bedrag van minstens 10% jaarliks daaruit opsy gesit word tot bevordering van die tabaknywerheid in die algemeen, en meer in besonder tot die verkryging van n uitvoer mark." 26)

VOORGESTELDE PLAN VAN MINISTER VAN LANDBOU.

Dat n moontlike oplossing gevind kan word deur kontrole order koöperatiewe samewerking tussen die kwekers van die Unie en Rhodesië op die volgende basis, nl. die vasstelling van minimum pryse vir Unie en Rhodesiese tabak, en die kontrolering van die verskillende grade. 27)

Die M.K.T.V. het die minister daarop gewys dat die voorgestelde plan prakties onuitvoerbaar is, daar die tipes en grade glad nie ooreenkom met mekaar nie, en ook dat Unie-tabak in die lug gedroog en dié van Rhodesië in n oond gedroog is. Verder was daar ook nog n verskil in die standarde van die verskillende grade van tabak, wat moeilik te kontrolere is.

---

26) Direkteursvergadering, 21 Mei 1929.

27) Ibid., 25 Julie 1929.

Met die oog op bostaande besware teen die voorgestelde plan, voel die direksie derhalwe oortuig dat die beste wyse waarop die regering die toekoms van die tabakboer van die Unie kan beveilig en op 'n permanente en gesonde voet kan plaas, daarin lê om 'n belasting te hef op alle ingevoerde tabak van Rhodesië en Swaziland.

Die aandag van die regering word verder daarop gevestig dat gedurende die twee jaar 1928-29 sowat 14-miljoen lb. tabak alleen van Rhodesië op die Unie-mark geplaas is. Die invoere was dus die oorsaak van die kritieke toestand waarin die tabaknywerheid hom bevind het, want op dié stadium was daar 'n oorskot van  $\pm$  12-miljoen lb. wat nie van die hand gesit kon word nie en wat op die wêreldmark geplaas moes word.<sup>26)</sup>

#### PESSIMISME ONDER LEDE I.V.M. HULLE KOÖPERASIE.

As gevolg van die lae pryse en omdat daar geen verwagting was vir 'n moontlike agterskot nie, en ook a.g.v. die onbeperkte aanspreeklikheid teenoor hulle koöperasie, het menige planters besluit om as lede te bedank. Die volgende syfers sal die graad van pessimisme duidelik aantoon, en eers nadat die regering begin optree het tot voordeel van sy eie burgers, het die toestand verbeter:

27)

| DATUM.     | BEDANKINGS | OORLEDE  | NUWE LEDE. |
|------------|------------|----------|------------|
| 10/10/29   | 28         | 2        | -          |
| 18/11/29   | 58         | 5        | -          |
| 6/12/29    | 20         | 2        | -          |
| 16/1/30    | 39         | -        | -          |
| 11/2/30    | 22         | -        | 4          |
| 20/3/30    | 38         | 2        | 4          |
| Mei 1930   | 15         | 2        | 13         |
| Sept. 1930 | 13         | 2        | 35         |
|            | <hr/> 233  | <hr/> 15 | <hr/> 56   |

26) Direkteursvergadering, 25 Julie 1929.

27) Maandverslae deur Hoofbestuurder.

Die bedankings was n teleurstelling en probleem vir die M.K.T.V., en dit het gelei tot verdere aanvalle teen die regering, en hulle het die regering self aanspreeklik gehou vir die verarming van die gedeelte van die bevolking, soos blyk uit die notule: „<sup>28)</sup> n Punt van baie groot belang is dat die produksiekoste van tabak in Rhodesië kleiner is dan die van die Unie-planters, te wyte aan gunstiger klimaatstoestande en goedkoper arbeid. Dan moet ook nie uit die oog verloor word dat die duisende tabakplanters van die Unie hulle lewensbestaan maak uit tabakboerdery terwyl die tabak boerdery in Rhodesia in die meeste gevalle deur sterk maatskappye vir winsmaking gevolg word. Vir die rede meen die Raad, ten einde te voorkom dat ons tabakplanters arme blankes gaan word, onmiddellike beskerming en ondersteuning deur die regering verleen moet word."

Die regering het begin besef dat hy moet optree ten einde die toestande te verbeter.<sup>29)</sup> n Handelskonferensie is gehou tussen Rhodesië en die Unie in verband met die aangeleentheid, en na baie sorgvuldige onderhandelinge met die betrokke ministers, is daar uiteindelik ooreengekom dat 2½-miljoen lb. tabak per jaar die Unie vry sal inkom, waarna invoerbelasting gehef sal word.

Dié stap van die regering het n groot verligting in die tabaknywerheid gebring - dit het planters weer aanmoediging gegee, met die gevolg dat bedankings verminder het en planters het weer begin aansluit by die koöperasie.

Die krisis van 1928-29 was seker een van die moeilikste tye wat die M.K.T.V. deurgemaak het, maar uit die krisis het die bestuur ook baie kennis gekry wat hulle kon gebruik om die toekoms met n groter sekerheid in te gaan.

#### VOORUITBEPLANNING: VRAAG EN AANBOD.

Daar tabakpryse, voor die aanstelling van die Beheerraad oor die Tabaknywerheid in 1935, bepaal is deur vraag en aanbod, het die M.K.T.V. inligting ingewin, jaarliks vooruit, na die hoeveel-

---

28) Direkteursvergadering, 25 Julie 1929.

29) Direkteursvergadering, 9 en 10 Oktober 1929.

heid wat deur fabrikante benodig sal word, om sodoende die planters op hoogte te kan hou van die vraag op die lokale mark. Wanneer dit nodig was, het die Vereniging planters gewaarsku om die produksie in te krimp en meer te let op die kwaliteit van die produk.

Vanaf die begin van die dertiger jare het produsente meer en meer oondgedroogde tabak gelewer, sodat op die invoer van sulke tabak vanaf Rhodesië ook beperkings gelê moes word. So word dan ook aan alle afgevaardigdes na die Koöperatiewe kongres te Kaapstad op 27 en 28 Februarie 1930, opdrag gegee i.v.m. spesiale standpunte wat op die Kongres gehadhaaf moes word nl.: 30)

- (i) Algehele belastingheffing op alle tabak ingevoer vanaf Rhodesië en Swaziland met 'n voorkeur van 50%.
- (ii) Die beginsels van algehele kontrole oor die tabaknywerheid in die Unie moet ondersteun word, en alle pogings moet aangewend word om dit so gou moontlik te verkry.
- (iii) Wetgewing moet aangevra word ten effekte dat die koper van tabak direk van planters in 'n geproklameerde streek, krimineel strafbaar moet wees.
- (iv) Die vasstelling van minimum verkoopspryse moet deur alle koöperasies gehandhaaf word.

Voortspruitend uit bogenoemde standpunte, blyk dit dus dat daar nog ongerymdhede plaasgevind het in geproklameerde gebiede wat dit vir koöperasies moeilik gemaak het om 'n prysstabiliteit te handhaaf. Daarom dan ook dat op die kongres sterk daarop aangedring is dat algehele kontrole oor die hele tabakbedryf ingestel moet word en om dit so spoedig moontlik deur wetgewing te verkry.

### 3. AANLEIDING TOT DIE RAAD VAN BEHEER OOR DIE TABAKNYWERHEID.

Reeds vanaf die stigting van die M.K.T.V. in 1909 het die Koöperasie gevoel dat die staat sy deel moet bydra en verantwoordelikheid moet neem in verband met die bemarking van tabak. Ver-

al as gevolg van die ekonomiese krisis van 1921-22; 1928-29 en die depressie van die dertiger jare wat die koöperasie moes deurmaak, is sterk aangedring op algehele kontrole deur wetgewing.

In samewerking met die Sentrale koöperasie is die sogenoemde Tabakreëlingswet No. 19 van 1932 in die lewe geroep.

VERNAAMSTE BEPALINGS VAN DIE TABAKREËLINGSWET VAN 1932.

- i) Die Minister kan van tyd tot tyd die invoer van tabak of enige soort tabak in die Unie verbied, kontroleer of reël.
- ii) Alleen gelisensieerde tabakhandelaars mag tabak van produsente koop.
- iii) Die uitvoer van tabak sal vasgestel word na verhoudig van die tabakuitvoer-kwotapersentasie, (wat nie van toepassing was op invoere vanaf Suid- en Noord-Rhodesië nie).

Die wet het nie genoegsame magte gehad om n invloedryke uitwerking op die tabaknywerheid teweeg te bring nie, want fabrikante het baie maklik n lisensie gekry en het dus nóg direk van planters gekoop. Verder het dit ook nie verligting gebring in verband met invoere vanaf die Rhodesies nie. n Prysstabiliteit kon dus nie gehandhaaf word nie, omdat fabrikante mededingend gestaan het teenoor tabakkoöperasies; daarom dat laasgenoemde voortdurend by die regering aangedring het om algehele kontrole deur koöperasies.

OPDRAG AAN AFGEVAARDIGDES NA TABAKKONGRES, 1931.

Die persone wat namens die M.K.T.V. afgevaardig is na die Tabakkongres gedurende 1931, het die volgende addisionele beskrywings-punte ontvang, opgestel deur die direksie, om dit vir goedkeuring aan die kongres voor te lê:

Dat die regering dringend versoek word om:

- (i) Onmiddellik die nodige reëlins te tref om voortaan geen invoer van tabak uit Suid- en Noor<sup>d</sup>-Rhodesië vry van belasting toe te laat nie, aangesien die tabakhoere.

in die Unie genoeg tabak produseer om in die behoeftes van die Unie-fabrikante te voorsien; en

- (ii) dat die regering so gou moontlik 'n Raad van Beheer insake die tabakbedryf moet aanstel om die blaartabakmark behoorlik te reguleer en te kontroleer in belang van die tabakplanters, sowel as die verbruikers van tabak in die Unie. 31)

In verband met die eerste beskrywingspunt het die regering 'n klein verligting gebring, soos uiteengesit onder die bepalinge van die Tabakreëlingswet van 1932. Ten opsigte van die tweede beskrywingspunt blyk uit die notule van die M.K.T.V. die volgende:

„Die Raad moes egter andermaal sy teleurstelling weer te kenne gee oor die onsimpatieke houding van die Minister van Landbou, in verband met al ons voorstelle wat deur hom eenvoudig geweier en sonder gegronde of bevredigende redes van die hand gewys is, waarna eenparig as volg besluit word:

„Dat ons Vereniging die voorstelle van die Sentrale aan die Minister goedkeur in verband met algehele kontrole en 'n Tabak Kontrole Raad van Beheer vir die Tabakindustrie van die Unie, en versoek tewens die Sentrale, in belang van die tabakplanters van die Unie, om met alle kragte voort te gaan in hulle pogings vir algehele kontrole van tabak in die Unie." 32)

As gevolg van die herhaalde versoeke tot die regering om algehele kontrole onder 'n Beheerraad, het die regering intussen laat ondersoek instel oor die werking van beheerrade soos toegepas in oorsese lande, veral in Duitsland, want reeds in Junie 1933 was die direksie van die M.K.T.V. nie meer sonder twyfel in verband met hulle versoek tot die regering nie, soos blyk uit gesprekke op Raadsvergaderings, nl.: „Dat die algemene opinie van die Raad is dat ingeval van Algehele Koöperatiewe Kontrole, dat nogtans afsonderlike koöperasies gevorm moet word met eie verantwoordelikeid en indentiteit, maar dat die bewerking en gereedmaking van

---

31) Direkteursvergadering, 9 Sept. 1931.

32) Ibid, 12 en 13 Okt. 1932.

die tabak van die verskillende koöperasies sover moontlik gesentraliseer word op die mees geskikte sentrum waar al die nodige fasiliteite beskikbaar is. Dit word gevoel dat deur 'n sentrale skema verbasend bespaar sal word op die bewerking van die tabak sowel as alle verdere uitgawes van sulke koöperasies. Behalwe dit sal deur so 'n skema nie alleen 'n beter artikel (produk) en uniformiteit van grade en standaard verkry, maar ook sal pryse gereël en gestabiliseer kan word." 33)

Die gedagte van sentralisasie wat deur die direkteure geopper is, word vandag algemeen in die verskillende tabakkoöperasies aangetref, want dit hou al die genoemde voordele in tot beswil van die planters en vir 'n beter kontrole deur bestuurders van die koöperasies oor die werksaamhede in die koöperasies.

Na die verskyning van die Koöperasiekommissie se rapport, waarin onder andere aanbevelings gemaak is in verband met algehele kontrole en 'n Beheerraad insake die tabakbedryf, word die volgende sterk benadruk by die regering, deur die lede op die Jaarlikse Algemene Vergadering van die M.K.T.V., gehou op 28 April 1934:

(i) „Dat 'n wettelike Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid verwelkom sal word, mits -

(a) Die meerderheid van die Raad sal bestaan uit gekose verteenwoordigers van die gekoöpereerde tabakplanters soos aanbeveel deur die Sentrale Koöperatiewe Tabak Maatskappy van S.A. Bpk.

(b) Die magte van die Raad uitgebrei word sodat die standaard en grade wat bemark word in die Unie sal vasstel, en die Raad ook die mag sal hê om die minimum verkoopspryse van standaardgrade van tabak in die Unie vas te stel." 34)

Die volgende is aanbevelings van die aanbevelings van die Koöperasiekommissie wat op dieselfde vergadering goedgekeur is:

---

33) Direkteursvergadering, 29 Junie 1933.

34) Ibid. 6 September 1935.

- (ii) „Aanbeveling Nr. 2 van die Kommissie is beslis onaanneemlik. Die Raad van Beheer moet eers bewys lewer dat hy net sulke bevredigende of beter beheer sal kan uitoefen soos op die oomblik die geval is deur die sogenaamde Verpligte koöperasie voordat dit oorweeg word om Artikel 17 van die Koöperatiewe Wet te skraap.

Sodra die Raad van Beheer bewys lewer dat hy bevredigende beheer in alle opsigte uitoefen dan sal die noodsaaklikheid van Verpligte Koöperasie waarskynlik vanself wegval. Onder geen omstandighede egter moet by voorbaat gesê word dat Koöperatiewe Beheer in geproklameerde area na vyf jaar sal verval nie. Soiets sal n uikers nadelige invloed op die tabakmark uitoefen. Lede van die M.K.T.V. is eenparig ten gunste van die behoud van Artikel 17 van die Koöperatiewe Wet en die proklamasie van sogenoemde Verpligte Koöperasie oor die bemarking van alle tabak in die Unie.

- (iii) „Aanbeveling Nr. 3. van die Kommissie is onaanneemlik.

„Waar daar distrikte of area's is waar die nodige meerderheid van Tabakplanters proklamasie van Koöperatiewe Beheer versoek, dan behoort die Minister sodanige proklamasie uit te vaardig.

- (iv) „Aanbeveling Nr. 4. van die Kommissie is aanneemlik, mits die sin „onderhewig aan n breër vertolking" nie beteken dat die bestaande wet verwater sal word nie.

(v) Die aanbeveling van die Kommissie insake die heffing is aanneemlik mits dit vooraf bepaal word dat heffingsgelde alleen aan Koöperatiewe Organisasies uitbetaal sal word op tabak wat sodanige koöperatiewe organisasie bewerk en uitvoer om die binne-landse mark stabiel en gesond te hou."

Dit kan hier genoem word dat die destydse algemene bestuurder van die M.K.T.V. mnr. Jan J. de Kock, verantwoordelik was vir die opstelling van aanbevelings in verband met die Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid namens die M.K.T.V.

Gedurende die Parlementsitting in Augustus 1934, word die Wetsontwerp in verband met die Beheerraad bespreek en in 1935 word dit aangeneem en op die Wetboek geplaas.

Mnr. de Kock, in sy hoedanigheid as Sekretaris van die Sentrale, was ook verantwoordelik vir die opstelling van die memorandum om voorsiening te maak vir die nodige masjinerie vir beheerde bemarking van alle tabak in die Unie. 35)

Die memorandum is deur die direksie goedgekeur, en dit is beskou as 'n praktiese en uitvoerbare skema wat 'n bevredigende oplossing sal gee aan die groot vraagstuk om die Tabaknywerheid op 'n vaste en gesonde basis te plaas. Aan die algemene bestuurder word ook verlof toegestaan om die memorandum, namens die Sentrale, met ander tabakkoöperasies te gaan bespreek.

Die tabakoes van 1936 is dan ook beheer deur die Beheerraad wat vir dié doel aangestel is. Sedert 1936 het die tabaknywerheid onder die Raad van Beheer en die Bemarkingswet No. 26 van 1937, soos gewysig, waaronder die Beheerrade vandag val, asook die Koöperatiewe Wet (Wet No. 29 van 1939, soos gewysig), met rasse skrede vooruit gegaan.

(Die werksaamhede van die Tabakbeheerraad, die bepalinge van die Bemarkingswet en Koöperatiewe Wet sal in Afdeling C onder „Die bemarking van Tabak" uiteengesit word.)

Die Tabaknywerheid het baie te danke aan die M.K.T.V., want vanaf sy stigting het dit onverpoos gewerk om die nodige masjinerie in te stel sodat die bemarking van tabak op die voordeligste wyse kan geskied vir die planters en verbruikers.

Sedert 1936 tot 1957 het die M.K.T.V. 'n modelkoöperasie geword, nie teenstaande die dood van sy geliefde algemene bestuurder, mnr. Jan J. de Kock, en mnr. Nic Combrinck, voorsitter van die direksie, wat in die vloedwaters van 1944 op dieselfde dag verdrink het, en nie teenstaande die probleem van oorproduksie in 1952-53, wat op bekwame wyse deur die huidige hoofbestuurder, mnr. J.P. Hamman, namens die Sentrale en in samewerking met die Raad van Direkteure van die M.K.T.V. en ander Tabakkoöperasies opgelos is, o.a. deurdat daar oorgeslaan is na die verbouing van 'n ander Vir-

giniese tabak-tipe, waarvoor daar n mark in die buiteland bestaan het, en deur die uitskakeling van tipes wat die bemarking bemoeilik het.

#### 4. DIE ONTWIKKELING VAN DIE M.K.T.V., STATISTIES GESIEN.

##### DIE LEDETAL VAN DIE VERENIGING.

Op 20 Januarie 1909 word die M.K.T.V. met sowat 800 lede gestig; in 1921 het dit te staan gekom op ruim 4000 lede, wat toon dat daar groot vertroue in die vereniging was na 11 jaar se diens. In 1931 was die aantal lede 4814, nadat dit in 1925 geproklameer is as verpligte koöperasie en 75 persent van die planters lede van die vereniging moes gewees het.

Soos blyk uit die onderstaande syfers, is daar nog steeds n toename in die ledetal, maar as gevolg van die beperkte watervoorraad, is dit te betwyfel of die ledetal aansienlik sal toeneem in die distrikte wat tans deur die vereniging bedien word. Vanaf 1935, die jaar toe die Tabakbeheerraad n voldwonge feit geword het, is daar n opwaartse neiging in die aantal lede wat aansluit - die meeste van die nuwe lede is persone wat oorgeslaan het van die verbouing van ander tipes van produkte na dié van tabak, as gevolg van gunstiger pryse, met in 1939 en 1943 die maksimum ledetal. Sedert 1948 neem die aansluitings geleidelik af, waaruit afgelei kan word dat die versadigingspunt, bepaal deur die bodem en veral deur die watervoorraad, feitlik bereik is. Die meeste bedankings kom voor gedurende die jaar Junie 1929 tot Mei 1930, as gevolg van die krisis in die tabakbedryf veroorsaak deur n oorproduksie en die vrye invoer van tabak vanaf Rhodesië. Sedert 1933 is daar n daling in die aantal bedankings. Die sterftes in persentasie bereken op die ledetal aan die begin van elke jaar, is konstant.

T A B E L 3.

LEDETAL, BEDANKINGS EN STERFGEVALLE.

| Boekjaar | Lede aan<br>begin van<br>jaar. | Nuwe<br>Lede | Bedank-<br>ings. | Sterf-<br>tes. | Lede aan<br>einde van<br>jaar. |
|----------|--------------------------------|--------------|------------------|----------------|--------------------------------|
| 31/32    | 4,814                          | 204          | 58               | 24             | 4,936                          |
| -/33     | 4,935                          | 235          | 75               | 26             | 5,087                          |
| -/34     | 5,087                          | 123          | 26               | 23             | 5,161                          |
| -/35     | 5,161                          | 296          | 21               | 25             | 5,410                          |
| -/36     | 5,410                          | 567          | 15               | 42             | 5,920                          |
| -/37     | 5,920                          | 469          | 8                | 41             | 6,340                          |
| -/38     | 6,340                          | 516          | 9                | 47             | 6,800                          |
| -/39     | 6,800                          | 531          | 9                | 32             | 7,290                          |
| -/40     | 7,290                          | 920          | 4                | 82             | 8,124                          |
| -/41     | 8,124                          | 763          | 7                | 41             | 8,839                          |
| -/42     | 8,839                          | 490          | 17               | 47             | 9,265                          |
| -/43     | 9,265                          | 537          | 11               | 61             | 9,730                          |
| -/44     | 9,730                          | 939          | 8                | 54             | 10,607                         |
| -/45     | 10,607                         | 654          | 4                | 35             | 11,222                         |
| -/46     | 11,222                         | 735          | 7                | 81             | 11,869                         |
| -/47     | 11,869                         | 671          | -                | 93             | 12,447                         |
| -/48     | 12,447                         | 844          | -                | 75             | 13,216                         |
| -/49     | 13,216                         | 759          | -                | 108            | 13,867                         |
| -/50     | 13,867                         | 567          | -                | 101            | 14,333                         |
| -/51     | 14,333                         | 532          | -                | 114            | 14,751                         |
| -/52     | 14,751                         | 394          | -                | 95             | 15,050                         |
| -/53     | 15,050                         | 262          | -                | 96             | 15,216                         |
| -/54     | 15,216                         | 201          | -                | 106            | 15,311                         |
| -/55     | 15,311                         | 153          | -                | 118            | 15,346                         |
| -/56     | 15,346                         | 160          | 2                | 138            | 15,366                         |
| -/57     | 15,366                         | 235          | 2                | 113            | 15,486.                        |

GEMIDDELDE LOONTREKKERS: BLANK EN

NIE-BLANK.

Tabak is een van die landbougewasse wat baie handearbeid vereis, sowel deur die boer in die prosesse van aanplanting, insameling, en gereedmaking vir lewering aan die koöperasie, asook deur die koöperasie in die prosesse van ontvangs, waardering, fermentasie (in gistingsproses waardeur die waarde van die produk verder word), her-sortering, droging, baling en opstapeling. Dit is stellig baie onwaarskynlik dat handearbeid in enige van die prosesse deur meganisering vervang kan word, daar die hantering van die produk hom nie daartoe leen nie. Meganisering kan egter toegepas word op die gebied van tabakvervoer tussen die verskillende afdelings en selfs by die hysing daarvan as miedens gepak word. Lone is dan ook die grootste pos van die bedryfsuitgawe in die Wins- en - Verliesrekening van die Vereniging.

T A B E L 4.  
GEMIDDELDE LOONTREKKERS 1932-1956.

| Boekjaar | Blankes | Nie-blankes | Boekjaar | Blankes | Nie-blankes |
|----------|---------|-------------|----------|---------|-------------|
| 1932     | 16      | 65          | 1945     | 188     | 432         |
| 1933     | 60      | 56          | 1946     | 199     | 638         |
| 1934     | 85      | 89          | 1947     | 201     | 643         |
| 1935     | 156     | 156         | 1948     | 216     | 654         |
| 1936     | 201     | 237         | 1949     | 213     | 704         |
| 1937     | 199     | 192         | 1950     | 212     | 774         |
| 1938     | 214     | 241         | 1951     | 215     | 677         |
| 1939     | 246     | 261         | 1952     | 182     | 686         |
| 1940     | 269     | 269         | 1953     | 159     | 666         |
| 1941     | 294     | 485         | 1954     | 130     | 578         |
| 1942     | 214     | 386         | 1955     | 131     | 532         |
| 1943     | 178     | 481         |          |         |             |
| 1944     | 210     | 625         |          |         |             |

TABAKONTVANGSTE DEUR DIE M.K.T.V.


Die tabakproduksie word grootliks beïnvloed deur natuursomstandighede, daarom kan oorsake soos droogtes, oorstromings, hael, vroeë ryp, selfs sterk wind en plantsiektes aansienlike verminderinge aan die normale oesopbrengs veroorsaak. Nieteenstaande genoemde stremmende faktore en die produksie van geleentheidsboere, wat n wisselende opbrengs veroorsaak, word gevind dat daar n stygende neiging in die produksie was tot 1951/52, wat n hoogtepunt bring met n produksie van 34.8-miljoen lb. Sederdien was daar n daling tot 1955/56, veroorsaak deur hoofsaaklik ongunstige natuursomstandighede en tot n mindere mate deur die oorskakeling na die verbouing van n ander Virginiese tabak-tipe. Meer gunstige toestande gedurende die seisoen 1956/57 bring n styging in die produksie mee van 9.8-miljoen lb. op die vorige oesjaar.

Oor die algemeen is die verbouing van tabak reeds gedurende die afgelope aantal jare op n hoog gespesialiseerde basis, maar as gevolg van die navorsing en voorligting van die Sentrale Tabak Navorsingstasie, kan die produksie per morg in die toekoms nog toeneem. Gebiede soos byvoorbeeld die Loskopskema, waar sekere oppervlaktes nog nie ten volle ontgin is nie, kan ook n groter bydrae tot die M.K.T.V. se tabakontvangste maak, sodat selfs die klimaks van 1951/52 oortref kan word.

Die eerste tabakoes wat die M.K.T.V. gedurende 1911 hanteer het, het te staan gekom op 1 $\frac{1}{4}$ -miljoen lb. In 1921 was dit 4 $\frac{1}{2}$ -miljoen, in 1931, 7-miljoen, in 1938, 9.3-miljoen lb.

Die M.K.T.V. hanteer  $\pm$  60% van die totale produksie van die Unie, en hierin word gesien die belangrike rol wat die koöperasie in die tabaknywerheid speel.

Gewig in ponde. Skaal : 1 duim = 10,000,000 pond.



Jaar.

Skaal :  $\frac{1}{2}$  duim = 1 jaar

T A B E L 5.

DIE M.K.T.V. SE BYDRAE TOT DIE  
TOTALE PRODUKSIE IN DIE UNIE.

| Jaar    | A. Binnelandse<br>Produksie. (Droë-<br>blaar-syfer).<br>(00,000) lb. | B. Unie<br>verbruik.<br>(00,000) lb. | Tabakontvang-<br>ste M.K.T.V.<br>(vars gewig)<br>lb. | M.K.T.V.<br>Oesomset<br>£ |
|---------|----------------------------------------------------------------------|--------------------------------------|------------------------------------------------------|---------------------------|
| 1939-40 | 32.7                                                                 | 26.0                                 | 10,938,002                                           | 607,392                   |
| -41     | 20.7                                                                 | 30.4                                 | 20,167,632                                           | 1,168,351                 |
| -42     | 23.3                                                                 | 31.9                                 | 13,556,424                                           | 977,995                   |
| -43     | 31.2                                                                 | 31.8                                 | 14,569,881                                           | 1,189,316                 |
| -44     | 23.5                                                                 | 32.1                                 | 19,242,065                                           | 1,742,847                 |
| -45     | 31.5                                                                 | 35.1                                 | 12,554,495                                           | 1,264,067                 |
| -46     | 28.9                                                                 | 36.1                                 | 23,276,797                                           | 2,404,013                 |
| -47     | 38.3                                                                 | 35.4                                 | 18,289,499                                           | 2,177,433                 |
| -48     | 47.8                                                                 | 36.4                                 | 30,308,563                                           | 3,904,959                 |
| -49     | 44.6                                                                 | 40.1                                 | 33,867,431                                           | 4,221,228                 |
| -50     | 48.2                                                                 | 42.2                                 | 34,147,169                                           | 4,356,844                 |
| -51     | 51.5                                                                 | 42.3                                 | 34,543,063                                           | 5,510,617                 |
| -52     | 42.9                                                                 | 43.7                                 | 34,822,325                                           | 4,603,242                 |
| -53     | 38.4                                                                 | 44.3                                 | 27,568,133                                           | 3,854,969                 |
| -54     | 32.9                                                                 | 46.9                                 | 21,246,046                                           | 2,898,277                 |
| -55     | 29.1                                                                 | 48.2                                 | 21,088,241                                           | 3,100,513                 |
| -56     | 43.0                                                                 | 48.3                                 | 15,413,417                                           | 2,649,573                 |
| -57     | 54.0                                                                 | 53.0                                 | 25,261,674                                           | 4,604,352                 |

A. Produksie Oonddroog, ligte lugdroog en donker lugdroog.

B. Sigarette, pyp-, roltabak en snuif.

(Produksie n jaar vroeër as verbruik.)

GEBOUE:

In die beginjare van die Vereniging moes dit geboue huur vir die nodige opberging en ruimte vir verwerking van tabak, maar reeds


vroeg is besef dat hurgeld gespaar kan word indien eie geboue opgerig kan word. Terreine is na aan spoorwegstasies aangekoop en die vloerruimte is vergroot na mate behoefte daarna ontstaan het.

As gevolg van die herhaalde aanbou (te Rustenburg) is die geboue wat gebruik word vir die ongvangs, verwerking en berging van tabak, nie so goed beplan nie, maar dit is alleen n bewys dat die koöperasie se groei selfs die bestuur se vooruitbeplanning oortref het.

Die M.K.T.V. kan spog met sy administratiewe gebou wat modern toegerus is, asook met n raadsaal wat n besondere atmosfeer skep.

T A B E L 6.

Die volgende grafiek toon die styging in geboue se waardes aan:



RESERWEFONDSE EN LEDEBELANGEFONDS.

Volgens die statuut van die M.K.T.V. hoef die vereniging geen vaste kapitaal te hê nie, en in die balansstaat verskyn daar ook geen kapitale fonds nie. Die fondse benodig vir die verrigting van die werksaamhede van die vereniging, word verkry:

- 36) a) uit lenings aangegaan deur die vereniging;  
b) op enige ander wyse;

en sluit die reserwefondse en ledebelfangefonds in.

Vanaf 1911 tot en met 1935 het die Vereniging tot 'n groot mate gebruik gemaak van lenings, hoofsaaklik Landbanklenings, om voorskotte te maak aan lede vir gelewerde tabak. Die groot bedrae aan rente wat jaarliks deur die vereniging op lenings, veral gedurende die beginjare, betaal moes word, was 'n aansporing om fondse op te bou om in die eie behoeftes te voorsien en die vereniging op 'n gesonde finansiële basis te plaas tot voordeel van sy lede.

Sedert 1936 voorsien die Vereniging uit eie fondse in al sy finansiële behoeftes. Gedurende die tyd van die jaar wanneer die opgeboude fondse nie self deur die Vereniging gebruik word nie, word dit belê teen rente, wat 'n aansienlike bedrag inkomste aan die Vereniging besorg.

T A B E L 7.

TOTALE RESERWE- EN LEDEBELANGEFONDS.

| £    |        | £    |           |
|------|--------|------|-----------|
| 1911 | 988    | 1935 | 135,661   |
| 1915 | 6,949  | 1940 | 284,412   |
| 1920 | 30,349 | 1945 | 658,181   |
| 1925 | 43,201 | 1950 | 1,685,916 |
| 1930 | 55,997 | 1955 | 2,404,963 |
|      |        | 1957 | 2,808,704 |

---

36) Klousule 4 van die M.K.T.V. se Statute.

T O T A L E   B A T E S.

Die bates van die M.K.T.V. bestaan hoofsaaklik uit die poste kontant, geboue, masjinerie en voorraad. Die fondse wat belê word in tye wanneer dit nie deur die koöperasie self gebruik word nie, plus n bedrag wat in n lopende bankrekening geplaas word vir administratiewe doeleindes.

In onderstaande tabel sal getoon word watter groot deel die kontant uitmaak van die totale bates van die Koöperasie.

T A B E L   8.

| Jaar | Kontant   | Geboue, masjinerie,<br>voorraad, ens. | Totale Bates. |
|------|-----------|---------------------------------------|---------------|
|      | £         | £                                     | £             |
| 1940 | 404,100   | 120,342                               | 524,442       |
| 1942 | 604,133   | 206,463                               | 810,596       |
| 1944 | 873,297   | 410,250                               | 1,283,647     |
| 1946 | 1,183,154 | 600,722                               | 1,783,876     |
| 1948 | 2,184,500 | 967,004                               | 3,151,504     |
| 1950 | 2,412,789 | 1,200,198                             | 3,612,987     |
| 1952 | 2,119,354 | 1,027,188                             | 3,146,542     |
| 1954 | 2,121,456 | 956,446                               | 3,077,892     |
| 1956 | 2,825,441 | 985,603                               | 3,801,044     |
| 1957 | 3,571,254 | 1,135,826                             | 4,707,080     |

5. SAMEVATTING.

Bekwame organisasie het daartoe gelei dat die hele M.K.T.V. se tabak produserende gebied van die destydse distrikte Rustenburg, Pretoria, Waterberg, Marico en Krugersdorp op aandrang van produsente kragtens n wysiging in die Koöperatiewe Wet in 1925 as n beheerde gebied geproklameer is, uit welke gebied blaartabak

alleen deur middel van die M.K.T.V. bemark kon word.

Die stryd om bemarking deur een kanaal het verder uitgebrei. Ander distrikte het ook koöperasies gestig, en onder leiding van die M.K.T.V. is die Sentrale Koöperatiewe Tabakmaatskappy van Suid-Afrika, Beperk, in 1926 gestig, met die doel om samewerking en gesamentlike optrede in die bemarking van blaartabak tussen koöperasies te bevorder.

Met die samewerking van die verskillende tabakkoöperasies onder die Sentrale is die sogenoemde Tabakreëlinskemawet No. 19 van 1932 in die lewe geroep, en later het die oorspronklike Tabakbeheerraad in 1935 tot stand gekom. In 1939 is die Tabakbeheerraad kragtens die Bemarkingswet van 1937 hersaamgestel, en vanaf daardie tyd is die Unie se blaartabaknywerheid vir praktiese doeleindes 100 persent onder beheer.

Ook die interne organisasie en finansiële beleid van die M.K.T.V. is op 'n gesonde basis geplaas, sodat dit vandag as 'n model-koöperasie beskou kan word.

---oooOooo---

A F D E L I N G B.

O R G A N I S A S I E

A F D E L I N G    B.DIE ORGANISASIE VAN DIE M.K.T.V.HOOFSTUK    IIIDIE INTERNE ORGANISASIE.1. RAAD VAN DIREKTEURE.

Sedert die stigting van die Vereniging is met die grootste ywer en nougesetheid gepoog om die interne bestuur en organisasie op 'n gesonde basis te plaas en dit te handhaaf. Die pioniers van die Raad van Direkteure, wat meestal persone was met min opleiding, het deur lang samesprekings op vergaderings wat selfs tot drie dae geduur het, deur regsadvies wat altyd ingewin is en deur die inagneming van aanbevelings van amptenare, ouditeurs e.a., die gesonde grondslag gelê van die tans glad werkende interne aangeleenthede van die Koöperatiewe Vereniging.

Hierdie koöperatiewe organisasie het, trou aan sy aard as koöperatiewe vereniging, sy eie stelsel van bestuur en beheer ontwikkel, op beginsels waarvan dienslewering en die beskerming van sy lede se belange die uitgangspunt is. Die werkzaamhede van die Vereniging word bestuur en beheer deur 'n Raad van Direkteure verkose deur die lede van die Vereniging op 'n jaarlikse algemene vergadering.

Die metode van verkiesing van direkteure sal kortliks aangetoon word, met enkele opmerkings daarna. Die Raad van Direkteure bestaan uit nege lede wat soos volg uit die bostaande ses wyke gekies word:

|                    |               |
|--------------------|---------------|
| Rustenburg .....   | 3 Direkteure, |
| Brits .....        | 2 Direkteure  |
| Magaliesburg ..... | 1 Direkteur   |
| Nylstroom .....    | 1 Direkteur   |

Groblersdal ..... 1 Direkteur

Groot-Marico ..... 1 Direkteur

Die direkteure tree jaarliks afwisselend drie, drie en drie af, met dien verstande dat een direkteur jaarliks soos volg uit die verskillende wyke aftree:

Rustenburg ..... 1 Direkteur

Brits en Magaliesburg ... 1 Direkteur

Nylstroom, Groblersdal

en Groot-Marico ..... 1 Direkteur.

Volgens klousule 17 van die statuut word bepaal dat die direkteure wat elke jaar moet aftree, dié is wat die langste hul amp beklee het sedert hul laaste verkiesing, maar waar lede op dieselfde dag direkteure geword het, word, tensy hulle onderling anders besluit, deur middel van stembriefies vasgestel welke direkteure moet aftree.

Indien daar 'n vakature vir 'n betrokke wyk ontstaan, moet 'n persoon, woonagtig in daardie wyk en wat gewillig is om as direkteur te dien, genomineer word volgens klousule 19 deur lede van daardie wyk. Lede is geregtig om op die reeks jaarlikse algemene vergaderings hulle stemme uit te bring ooreenkomstig die aantal vakatures wat bestaan en kan vir kandidate binne die perke van hul stemreg, afgesien van die streek waar hulle woonagtig is stem, en lede is verplig om vir net soveel kandidate te stem as wat daar vakatures is. (Stembriewe wat meer of minder stemme aandui as wat daar vakatures is, word nie in aanmerking geneem by die telling nie).

Opmerkings:

i) Direkteure beklee 'n baie verantwoordelike amp, en besluite wat hulle neem namens die vereniging is van die grootste betekenis. Direkteure wat nie goed op hoogte van sake is met die aangeleenthede van die M.K.T.V. nie, mag moontlik besluite neem sonder dat hulle die implikasies

daarvan goed vooruit beplan het bv. n aanbeveling maak vir die algehele uitbetaling van die Ledebelangefonds aan lede, wat gewis die vereniging nadelig sal beïnvloed. As gevolg van die metode van aftrede van direkteure, bly die meerderheid van die direkteure (onder normale verloop van sake) n jaar en langer op die direksie en hulle is meer op hoogte van interne aangeleenthede van die Vereniging.

ii) n Direkteur van koöperasies verteenwoordig al die lede van die organisasie en nie net sy wyk deur wie hy genomineer is nie; daarom mag n lid van een wyk sy stem uitbring tussen twee kandidate genomineer in n ander wyk. Volgens klousule 19 moet die lid wat stem soveel stemme op sy stembrief uitbring as wat daar vakatures is. Dié metode bring mee n hartlike ~~sa~~mewerking tussen direkteure en lede tot voordeel van almal en dit verhoed groepsvorming en/of wyksbevoordeling.

Die statuut van die Vereniging gee breedvoerig die pligte en magte van die direksie weer. Hulle neem die leiding van die organisasie op hulle self, tree op as agente en trustees daarvan, sorg vir die uitvoering van die bepalings in die statuut en hou n wakende oog oor die belange van die Vereniging. Die finale gesag oor alle aangeleenthede van die onderneming berus by die vergadering van lede, waar die lid by wyse van voorstelle en met die uitoefening van sy stemreg, sy gesag as lid kan laat geld, d.w.s. gebaseer op n suiwere demokratiese grondslag.

Vir die uitvoering van die daaglikse werksaamhede, bestuur en beheer, is daar deur die Raad van Direkteure n hoof- assistent- en administratiewe-bestuurder aangestel. Verder is daar afdelingshoofde wat verantwoordelik is, elk vir sy onderskeie afdeling.

Daar word gewoonlik maandeliks, as dit in elk geval nodig is, n direksievergadering gehou. By elke vergadering

SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE ORGANISASIE VAN DIE M.K.T.V.

ALGEMENE LEDEVERGADERING

RAAD VAN DIREKTEURE

HOOFBESTUURDER

ASSISTENT - HOOFBESTUURDER

ADMINISTRATIEWE BESTUURDER

| TEGNIIESE AFDELING       | INGENIEURSAFDELING | ADMINISTRATIEWE AFDELING      |
|--------------------------|--------------------|-------------------------------|
| a.Ontvangs en waardasie  | a. Werkswinkel     | a. Sekretarieel               |
| b.Fermentasie            | b. Wewery          | b. Boekhouding                |
| c.Gradering              | c. Geboue          | c. Handelware                 |
| d.Proctor (droging, ens) |                    | d. Versekering<br>(Bemarking) |
|                          |                    | e. Verskeping (Versending)    |

word deur die hoofbestuurder skriftelik verslag gedoen oor . alle aangeleenthede van die vereniging, insluitende finansiële state en verslae wat n oorsig gee soos wat dit van tyd tot tyd mag wees. Wanneer omstandighede dit vereis, word n vergadering tussen bestuur en departementshoofde gehou. Die bestuur is daagliks in verbinding met n intertelekommunikasie stelsel wat die organisasie glad laat verloop en oponthoud uitskakel deur oor en weer stap.

## 2. M.K.T.V. VOORMANNE-ORGANISASIE.

Sedert die beginjare van die M.K.T.V. het dit geblyk nodig te wees dat daar n skakel moet bestaan tussen die boer aan die een kant en die direksie en bestuur aan die ander kant.

Elke streek wat bedien word deur n takkantoor of pakhuis het sy plaaslike Voormanne-organisasie, met n voorsitter en sekretaris. Die voormanne word al om die ander jaar deur die Raad van Direkteure van die M.K.T.V. aangestel, met die voorbehoud dat indien die lede ontevrede is met die aanstelling van n voorman, hulle die reg sal hê om op n behoorlik gekonstitueerde vergadering n ander voorman te kies. By so n verkiesing moet n notule gehou word, asook n presensie-lys geteken deur die lede teenwoordig. Die notule en presensie-lys moet dan aan die Raad van Direkteure gestuur word vir goedkeuring en bekragtiging.

Die amp van n voorman is honorêr, maar die direksie sal reis- en verblyfkoste van voormanne op n redelike grondslag vergoed met betrekking tot vergaderings wat deur die Koöperasie belê word. Hulle ontvang ook vergoeding vir oesopnames en ander pligte wat hulle moet uitvoer.

Volgens die huishoudelike reglemente is die pligte van

---

Vir n skematiese voorstelling van die organisasie van die Vereniging, vgl. bylae hierteenoor.

die voormanne die volgende:-

- (a) Om as skakel te dien tussen die direksie en die lede van Vereniging (M.K.T.V.).
- (b) Om die uitgeplante tabakoes van jaar tot jaar noukeurig te skat en dit skriftelik aan die Koöperasie mee te deel, op n wyse en tyd of tye soos bepaal mag word deur die direksie en bestuur van die M.K.T.V.
- (c) Om informasie wat die Koöperasie aan Voormanne skriftelik of mondelings meedeel, getrou en met spoed onder die aandag van lede in elke betrokke wyk te versprei.
- (d) Om die direksie en bestuur van die Koöperasie op hoogte te hou van alle sake met betrekking tot tabak en sake van die Koöperasie wat in die voorman se wyk gaande mag wees en wat van genoeg belang is om onder die aandag van die direksie te kom.
- (e) Om voormannevergaderings wat deur die Koöperasie belê word, getrou by te woon en onmiddellik daarna n vergadering of vergaderings in sy wyk te hou, sodat die informasie wat verstrek is, onder lede kan versprei word.  
(Indien n voorman deur siekte of andersins verhinder word om so n voormannevergadering by te woon, mag hy n plaasvervanger na die vergadering stuur met n volmagbrief deur die betrokke voorman).
- (f) Om te dien as skakel waardeur belangrike inligting op n vinnige en betroubare wyse van die Koöperasie aan die lede, en van die lede aan die Koöperasie verstrek kan word betreffende alle sake waarin die lede en die Koöperasie belang het.

- (g) Om op n belangstellende en behulp same wyse raad aan boere te verstrek betreffende die beste produksie- en bewerkingsmetodes van tabak, om sodoende te verseker dat alle boere goed ingelig word en tabak van goeie gehalte en bewerking by die Koöperasie sal aflewer, in belang van sowel die lid as die Koöperasie. Elke voorman moet n voorbeeld vir die lede in sy wyk wees en altyd bereid wees om lede te help met die beste raad, om sodoende die algemene standaard van die nywerheid op te bou.

Behalwe die waardevolle kontak wat die voormanne-organisasie tussen die lede en die koöperasie bied i.v.m. die verbouing en bewerking van die produk ens., is die oesskatting van baie groot belang, want dit dien tot n groot mate as basis vir die bestuur vir vooruitbeplanning, vasstelling en organisasie van:

- i) Arbeidskragte benodig vir die bewerking en hantering van die verwagte oes;
- ii) geldelike behoeftes benodig vir voorskotte en bedryfsuitgawes;
- iii) bemarkingsmoontlikhede in samewerking met die Sentrale koöperasie, hetsy in geval van surplus of tekort.

Die voormanne-organisasie is van onskatbare waarde vir die M.K.T.V., soos dit uit voorgaande gesien kan word, en soortgelyke organisasies kan met groot sukses ook in ander landbou-koöperasies toegepas word.

### 3. DIE VERSKILLENDE AFDELINGS VAN DIE KOÖPERASIE.

Die verskillende afdelings word vir praktiese doeleindes, beheer en kontrole, in die afsonderlike hoofafdelings verdeel, naamlik:-

- i) Tegniese afdeling
- ii) Ingenieursafdeling
- iii) Administratiewe afdeling

Die funksionering van die verskillende afdelings val onder die toesig en beheer van die Hoofbestuurder, bygestaan deur die Assistent-Hoofbestuurder en Administratiewe Bestuurder, dog die betrokke afdelings-hoof is verantwoordelik vir die beheer en kontrole van sy afdeling binne die raamwerk van die Raad se beleid soos deur die Bestuur bepaal.

i) TEGNIESE AFDELING.

Die hoofwaardeerder oefen beheer en kontrole uit oor die volgende onderafdelings:-

- (a) Ontvangs en Waardasie.
- (b) Fermentasie.
- (c) Gradering.
- (d) Proctor (droging ens.)
- (e) Berging van voorrade.

(Elk van die onderafdelings beskik oor n voorman).

(a) ONTVANGS EN WAARDASIE-AFDELING.

Doeltreffende organisasie, bestuur en kontrole is in hierdie afdeling absolute vereistes, want dit is die mees direkte kontakpunt tussen die boer en sy koöperasie. In hierdie verband sê mnr. Hamman, die hoofbestuurder, die volgende: „Die lid moet sonder onnodige vertraging die nodige vriendelike stiptelike aandag op elke tydstip van die aflewering en waardasieproses ontvang. Hy moet gerus voel dat sy belange by en na inlewering in veilige hande is en dat hy hom nie hoef te bekommer oor klerklike foute, onnodige tydverlies en verwaarlosing van sy produk nie. Bo alles moet hy by sy Koöperasie tuisgemaak word en voel dat hy belangrik geag word wat inderdaad die geval is, want sonder die lede is daar geen koöperasie nie.”

In breë trekke sal die belangrikste roetine-prosedure wat stiptelik nagekom moet word, uiteen gesit word:-

1. By aankoms van die boer se tabak moet sy naam op die waardasiebeurtlys aangeteken word;
- ii. die aflaai van tabak van voertuie van boere moet sonder onnodige vertraging en met sorg onder toesig van die betrokke beampte geskied;
- iii. by die inweegskale moet die volle name en volledige adres met identifikasie van die boer se bale foutloos bepaal word (verskaffing van hul lidmaatskapnommer vergemaklik die identifisering);
- iv. sekure bruto gewigte van bale gelewer, moet bepaal en 'n kwitansie daarvoor uitgereik word;
- v. elke boer se bale by waardasieskale moet saam gegroepeer wees, sodat die een lid se tabak nie op 'n ander lid se naam ingeboek word nie;
- vi. daaglik moet die gewigte gekontroleer word van waardasieskale tesame met skaalwaens;
- vii. waardasieprys en gewig van elke klas moet in die skaalboek met die nodige opmerkings oor kondisie, bewerking, ens., aangeteken word;
- viii. die waardasiepryskaartjies met skaalboek moet na die kantoor gaan vir kontrolering van prysinskrywings;
- ix. waardasieskaalgewigte word met bruto baalgewigte gekontroleer, met inagneming van: gewig van pakmateriaal, normale aftrekking van 5% van tabak se gewig vir uitdroging en brekasievoorsiening asook vir ander omstandighede as gevolg van gebreke in die produk.
- x. die waardasiestrokie word voltooi en die boer se voorskottjek word aan hom deur die rekenmeestersafdeling oorhandig.

(Vir 'n waardebeoordeling van die produk, sien onder Bemerkings van Tabak, Afdeling C.).

(b) FERMENTASIE.

Wanneer tabak met die regte vogtigheidstoestand in miedens gepak word, ontstaan daar hitte as gevolg van chemiese reaksie; 'n wetenskaplike uiteensetting daarvan kan nie hier gegee word nie, maar vir alle praktiese doeleindes kan aanvaar word dat daar vir bemerkings- en vervaardigingsdoeleindes 'n verbetering van die blaas plaasvind. Daar kan dus vir die Koöperasie, lid en land nuwe rykdom in 'n tabakmied geskep word, terwyl daar deur nalatigheid in die proses 'n verkwanseling van rykdom en 'n bederwing en verkwisting van die tabak se inherente goeie eienskappe kan plaasvind. Dit is dus van die grootste belang dat die organisasie, beheer en kontrole tot die hoogste mate gehandhaaf moet word.

Van elke mied moet besonderheidsaantekening gehou word, en waarvan die vernaamste besonderhede die volgende is:

- i) miednommer;
- ii) datum van begin met miedpak;
- iii) datum van afsluiting van miedpak;
- iv) gewig tabak in mied;
- v) daaglikse temperatuur;
- vi) besonderhede i.v.m. oorplasings;
- vii) besonderhede i.v.m. soorte en kondisies van tabak;
- viii) weersomstandighede by opbou van mied;
- ix) weersomstandighede by oorpakking (indien nodig);
- x) datum van oorpakking.

Aantekeninge en besonderhede in die verlede vergader, dien as basis vir 'n koöperasie se toekomstige fermentasiebeleid, bepalinge van die korrekte grootte van 'n mied, die optimum temperatuur vir sekere miedens; dit is alles sake wat van belang is om foute en ondoeltreffendheid in die toe-

koms tot n minimum beperk.

(c) GRADERING EN DIE PROCTOR (drogings ens.)

n Uiteensetting van die afdelings kom voor onder Bemarking van Tabak in Afdeling C.

(ii) INGENIEURSAFDELING.

Die hoofingenieur oefen beheer en kontrole oor die volgende afdelings uit:-

- a) Werkswinkel.
- b) Wewery.
- c) Geboue.

(a) WERKSWINKEL.

Hierdie afdeling hou hom hoofsaaklik besig met die herstelwerk van masjinerie en ander toebehore, die maak van vervoerwaens, vir vervoer van tabak tussen die verwerkingsafdelings, die instandhouding van geboue ens.,

(b) WEWERY.

Vir die verbouing van tabak is kaasdoek nodig waarmee die tabakbeddings bedek moet word. Voor die afgelope Wêreld-oorlog is kaasdoek aangekoop en aan boere verskaf, maar gedurende toestande/ die oorlog het dit noodsaaklik gemaak dat met n eie wewery begin moes word, sodat die doek tans dan ook goedkoper aan die boer verskaf kan word as wat vroeër die geval was.

Omtrent 300,000 jaarts word jaarliks geweef teen n besparing van omtrent 2d. per jaart nadat alle onkoste en voorsienings in aanmerking geneem is, wat n groot besparing vir die koöperasie as geheel meebring.

Die weefmasjiene werk net om in eie behoeftes te voorsien.

(c) BOU-AFDELING.

Hierdie afdeling hou hom hoofsaaklik besig met aanbou en nasien van geboue en ander werksaamhede op hierdie terrein.

(iii) ADMINISTRATIEWE AFDELING.

Hierdie afdeling, wat direk onder die beheer van die Administratiewe-bestuurder val (dit is verbind met dié van die Hoofsekretaris), is goed en deeglik georganiseer, sodat die werksaamhede glad verloop en kontrole uitgeoefen kan word. Die volgende afdelings val daaronder:-

- (a) Sekretariële afdeling
- (b) Boekhou-afdeling
- (c) Handels-afdeling
- (d) Versekeringsafdeling
- (e) Versendings (Verskepings)-afdeling.

(a) DIE SEKRETARIËLE AFDELING.

Met n paar woorde kan oor hierdie afdeling volstaan word. Die werksaamhede van die sekretaris en sy personeel, tiksters en liasseerklerke, is die konvensionele.

Soos reeds vermeld, is die Poste van Administratiewe Bestuurder en Hoofsekretaris tans met mekaar verbind. Die Administratiewe Sekretariële afdeling resorteer dus onder hom. Hy word bygestaan deur n Administratiewe Sekretaris.

Daar is ook n <sup>g</sup>Tegniese Sekretaris. Sy werk is ook sekretarieel van aard maar hy het meer met die tegniese sy van sake te doen.

(b) DIE BOEKHOU-AFDELING.

Boekhou-beginsels wat by koöperatiewe organisasies algemeen in gebruik is, verskil in beginsel nie van die boekhouding van kommersiële ondernemings nie. Die Koöperatiewe Wet No. 29 van 1939 gee dan ook nie aan op watter wyse

die boekhouding van n Koöperasie gedoen moet word nie. Artikel 45 van bogenoemde wet bepaal egter dat die Raad van Direkteure minstens drie weke voor die jaarlikse algemene vergadering die balansstaat en wins-en-verliesrekening moet opmaak, waarvan n afskrif behoorlik deur die meerderheid van Direkteure en Ouditeure onderteken, tesame met die ouditeursverslag minstens 14 dae voor die datum vasgestel vir die jaarlikse algemene vergadering ter insae moet lê by die koöperasie, en n afskrif daarvan moet aan die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings gestuur word onmiddellik na die termyn van insae n aanvang neem. Sodanige balansstaat, wins-en-verliesrekening en ouditeursverslag word op die jaarlikse algemene vergadering voorgelees.

#### DIE M.K.T.V. SE BOEKHOUDING.

Soos reeds in Afdeling A aangetoon, het die direksie en bestuur vanaf die ontstaan van die Vereniging gepoog om die beste en doeltreffendste sisteem van boekhouding te gebruik wat by sy werksaamhede aanpas. Dit is nie hier die doel om die sisteem van boekhouding te behandel nie, maar om alleen op sekere beginsels daarvan te wys.

Waar moontlik, word vir elke afdeling n afsonderlike boekhoustelsel gebruik tot by die wins-en-verliesrekening<sup>n</sup> waarvan die saldo's verwerk word in die algemene wins-en-verliesrekening.

#### POELSISTEEM.

Die produk wat deur die boer aan die koöperasie gelewer word, word verdeel volgens soorte in verskillende poele, waarvan elk afsonderlik gehou word en proporsioneel met onkoste deur die koöperasie aangegaan belas word.

#### LEDEREKENINGS.

Afgesien van die geografiese uitgestrektheid van die

gebied waarin die M.K.T.V. optree, word alle rekenings van lede feitlik geheel en al in die hoofkantoor te Rustenburg geadministreer. Die stelsel van sentralisasie is meer doeltreffend vanuit een punt behartig as onder 'n stelsel van desentralisasie.

#### BETALING AAN LEDE.

Dié gedeelte is behandel onder die funksies van die Vereniging in Afdeling C van die verhandeling.

#### TRANSAKSIES MET LEDE.

Transaksies met lede geskied op 'n kontantbasis, waardeur klerklike werk uitgeskakel word i.v.m. die hou en uitstuur van maandelikse rekenings, wat weer inhou 'n verlaging van die administratiewe onkoste in vergelyking met 'n kredietbeleid. Volgens die kontantbeleid is daar dan ook geen sprake van slegte skulde nie.

#### TRANSAKSIES MET NON-LEDE.

Behalwe die lewering van die produk en die uitbetaling in die vorm van 'n voorskot en restant nadat voorsiening gemaak is vir bv. reserwes en sekere fondse, is daar geen verdere transaksies met non-lede nie. Die non-lid dra dus by tot die opbouing van fondse en deel alleen sover daarin as wat sy oes daardeur gefinansier word, maar die ledebelangefonds en die voordele daaraan verbande word verbeur. Dit dien dan ook as 'n aantrekking tot lidmaatskap.

Veral word dit aangetref by graankoöperasies dat die non-lid in die meeste gevalle daarby baat om nie by die koöperasie as lid aan te sluit nie, want sy oes word gefinansier met fondse waartoe hy niks bygedra het nie; hy dra nie by tot die administratiewe onkoste nie - indien enige, is dit baie gering; geen heffingsgelde word teen hom in berekening gebring nie, en tog bekom hy sy landboubeno-

digdhede op 'n indirekte wyse van die koöperasie.

#### MEGANISERING IN BOEKHOUSISTEEM.

Die Vereniging se beleid was nog altyd om hom aan te pas by die nuutste metodes van meganisering op die gebied van boekhouding. Nadat die doeltreffendheid van masjiene vasgestel is, word daarvan gebruik gemaak. Die jongste meganisering is gedurende Januarie 1958 ingevoer, wat die volgende inskrywings tegelyk doen:

- i) Ontvangsboek (gewig en waarde van die produk)
- ii) Kasboek met tjek-inskrywing en ander verwysingsnommers.
- iii) Grootboekrekening met afgedraagde saldo.
- iv) Uitskryf van die voorskottjek.

Die masjiene werk algehele doeltreffendheid in die hand.

#### (c) HANDELSAFDELING.

Dit is een van die doelstellings van die Vereniging om sy lede te voorsien van landbouwerktuie en masjinerie, mistowwe, saad en ander boerderybenodigdhede. Dié diens word ook gelewer by die verskillende takkantore. Ook in hierdie afdeling word 'n sentralisasiebeleid gevolg in soverre dit die inkope en vasstelling van verkooppriise van die benodigdhede betref. Deeglike kontrole word oor die handelsafdeling toegepas, naamlik:-

- i) Alle verkope geskied op 'n kontantbasis.
- ii) Voorraadlyste, bevattende
  - voorrade voorhande;
  - verkopings gedurende die maand;
  - aankope (ontvang van goedere); en
  - voorraad aan die einde van die maand, word maandeliks deur sowel die hoofkantoor as die takke opgestel vir kontroleerdoeleindes.

- iii) Met tussenpose word voorrade deur beamptes van die hoofkantoor self geneem.

### VERSEKERING.

Die Vereniging volg hier n beleid van algehele dekking; so word bv. die volgende dekkings gevind:      versekering van geboue, voorrade, sowel handelsvoorrade as tabak in ontvangs; getrouheidswaarborges; ongevalleversekering van werknemers; ongelukspolisie i.v.m. beamptes in diens op pad; gelde onderweg; derdepartydekking, bv. besoekers tydens besoek beseer.

Dit is ook een van die doelstellings van die Vereniging om sy lede se tabakoeste teen haelskade te verseker. Hieronder sal kortliks ook die geskiedenis en prosedures van die skema gegee word.

### HAELSKADE-VERSEKERING VAN OESTE.

Onder leiding van die M.K.T.V. is die Tabakhael Assuransie Koöperatiewe Maatskappy op 1 November 1935 te Rustenburg gestig, hoofsaaklik om die versekering van tabakoeste op koöperatiewe grondslag te onderneem. Die uitbetaling van skade-eise het in verhouding met premies ingevorder na aftrek van onkoste geskied. Alhoewel hierdie saak met groot belangstelling in die lewe geroep is, het dit duidelik geword dat die vooruitgang van die onderneming deur die volgende faktore gestrem is:

- i) Gebrek aan fondse by boere om premies te betaal;
- ii) gebrek aan algehele ondersteuning om n verspreide risiko te verseker;
- iii) n gerige<sup>n</sup> vergoeding op skade-eise as gevolg van n lae premietarief in vergelyking met die groot risiko op die versekerde tabak;
- iv) tot n mindere mate was daar ook geloofsbesware teen oesversekering, wat gelei het tot die naamsver-

andering van die maatskappy tot Helpmekaar Tabakhaelskade Maatskappy Beperk. (Die woord assuransie is vervang met „Helpmekaar“, en dit het ook n beter betekenis aan die werklike doel van die onderneming gegee).

Oor die algemeen het die tabakboere gevoel dat daar n metode gevind moet word om die stelsel te verbeter en indien moontlik die stremmende faktore te oorkom. Uiteindelik het die M.K.T.V. n Haelskade-beskermingsfonds in 1939 in die lewe geroep op die volgende grondslae:

- i) Die invordering van n heffing per lb. tabak gelewer gedurende n betrokke boekjaar, vir aanwending van haelskades op tabak geplant die daaropvolgende seisoen.
- ii) Bydraers tot die fonds in n betrokke boekjaar, is dan geregtig op haelskadedekking die daaropvolgende seisoen, sonder betaling van enige verdere premie of heffing.
- iii) Dekking teen haelskade vereis slegs die voltooiing van n registrasievorm, en haelskades moet binne 3 dae gerapporteer word.
- iv) Produsente wat nie enige heffing betaal het nie, kan aan die skema deelneem teen betaling van n premie deur die Raad bepaal.
- v) Die heffing en dekkingswaarde op tabak varieer volgendetipes, bv. oonddroog, ligte lugdroog en donker lugdroog, omdat die markwaardes van die tipes verskillend is.

Die genoemde skema kan as n verpligte assuransieskema beskou word sover dit die invordering van heffingspremie betref. Die deelname aan haelskadedekking by wyse van registrasie is egter vrywillig.

Die feit dat alle planters in die M.K.T.V. - gebied tot die haelfonds bydra, verseker dat die risiko teen hael-

skade weldeeglik versprei is, en die algehele ondersteuning van deelnemers is op hierdie wyse verwesenlik. Die belangrike faktore wat hierdie skema n sukses kan maak tot voordeel van die tabakboere, is as volg:

- i) Die heffingspremie per lb. tabak moet voldoende wees om die haelskades so na as moontlik op die waarde van die tabak te vergoed.
- ii) Die vasstelling van haelskade moet deur ervare opgeleide taksateurs gedoen word, om te verseker dat die toegestane skade korrek en algemeen eenvormig is. (Op die wyses van taksasie van haelskade sal nie nader ingegaan word nie).

Sedert die Haelbeskermingsfonds in die lewe geroep is, het die S.A.L.U. op aandrang van boere ondersoek ingestel na uitbreiding van haelversekering in verskeie produkte. As gevolg van die ondersoek is n assuransiemaatskappy op Koöperatiewe grondslag gestig om haelversekering teen gewaarborgde dekking te onderneem. Hierdie maatskappy is bekend as Sentrakas, en sy ondernemings word gesteun deur groot herversekeraars. Tabakboere kan ook nog n verdere dekking by Sentrakas uitneem.

Met die totstandkoming van die M.K.T.V. se „Helpme-kaar" Haelskade-skema en Sentrakas is daar n begin gemaak om die boer van Suid-Afrika te dek teen ondergang ingeval van verwoestende haelstorms. Die sukses van haelversekering-ondernemings is afhanklik van die heelhartige ondersteuning en samewerking van die boere.

#### VERSKEPINGSAFDELING (Versending)

Dié afdeling is behandel onder Bemarking van Tabak in Afdeling C.

#### 4. S A M E V A T T I N G.

Dit is die beginsel van die M.K.T.V. om 'n interne beleid te volg, gebaseer op 'n suiwer demokratiese grondslag, met die finale seggenskap by die vergadering van lede.

Die metode van kies van direkteure, nl. elke lid moet soveel stemme of sy stembrief uitbring as wat daar vakatures is, bring mee 'n algehele samewerking en die vermyding van groepsvorming.

Die voorman~~ne~~-organisasie, 'n skakel tussen lede en die Raad van Direkteure, lewer waardevolle diens vir die koöperasie as geheel, en die M.K.T.V. is nouliks denkbaar sonder dié organisasie, altans sonder die diens wat daardeur verrig word.

Wat die interne organisasie en bestuur aangaan, was dit steeds die beleid van die Raad van Direkteure om van die dienste van die allerbekwaamste persone as beamptes gebruik te maak om die doelstellings van die Vereniging tot uitvoer te bring, ooreenkomstig die bepalinge van die statuut van die Vereniging.

Die interne aangeleenthede word verdeel in drie hoofafdelings, naamlik:

Tegniese afdeling;

Ingenieursafdeling en

Administratiewe afdeling onder beheer van die hoofbestuurder, bygestaan deur die Assistent Hoofbestuurder en die Administratiewe Bestuurder in soverre dit die funksionering daarvan betref. Elk van die afdelings beskik oor 'n hoofbeampte wat beheer en kontrole daarvoor uitoefen binne die raamwerk van die Raad se beleid en soos deur die bestuur bepaal.

Die goeie samewerking tussen die Raad van Direkteure en die beamptes van die M.K.T.V. tot voordeel van die Ver-

eniging as geheel, is nouliks oortrefbaar, en die rede vir die sukses wat die Vereniging in die verlede behaal het, kan toegeskryf word aan die suiwere koöperatiewe beginsels van die Vereniging en die bereidwilligheid om diens te lewer.

---

A F D E L I N G C.

EKONOMIESE BETEKENIS.

A F D E L I N G C.HOOFSTUK 1VEKONOMIESE BETEKENIS.

Nou dat die M.K.T.V. in sy funksionering as landbou-koöperasie onder bestudering gekom het, dring enkele opmerkinge hulself na vore. Hoewel hier en daar in die verhandeling reeds n kort bespreking van bepaalde feite en/of verskynsels opgeneem is, was dit egter terloops; die werkwyse was hoofsaaklik beskrywend.

In die volgende paragrafe volg die ekonomiese betekenis van die Vereniging soos dit in sy doelstellings (funksies) tot openbaring kom en in die wyse en in watter mate die doelstellings in die praktyk tot uitvoering gekom het.

1. DIE VERNAAMSTE DOELSTELLINGS VAN DIE M.K.T.V.

- (a) Die hoofdoel van die Vereniging is om die tabak van sy lede te ontvang, te verwerk of te bewerk en om die tabak op die voordeligste wyse van die hand te sit;
- (b) lewering van landbou-benodigdhede;
- (c) verskaf voorskotte aan lede op gelewerde produkte;
- (d) belegging van fondse en verhuur van eiendom;
- (e) lenings aan lede;
- (f) inligting aan lede i.v.m. verbouing van tabak ens.;
- (g) behuisingslenings aan amptenare;
- (h) versekering teen haelskade;
- (i) aanstelling van amptenare;
- (j) indirekte dienste.

(Die hoofdoel, „Bemarking van tabak“, hierbo genoem, sal as sodanig apart behandel word).

B. LANDBOUBENODIGDHEDE:

Die statuut maak voorsiening vir dié dienslewering aan

lede, wat alleen op n kontantbasis geleen, met dien verstande dat die direksie na goeddure goedere aan lede op rekening kan verskaf, teen n bedrag van hoogstens 50% van enige verwagte agterskot op tabak deur n lid gelewer, en wat nie ooreenkomstig n lening op agterskotte alreeds aan die lid geleen is nie.

Non-lede wat tabak aan die Vereniging lewer, mag hoe genaamd nie van die diens van verskaffing van landbou-benodigdhede gebruik maak nie.

Sulke verskafde goedere word voorsien teen kosprys plus n kommissie wat van tyd tot tyd deur die direksie bepaal word. Nadat administratiewe onkoste afgetrek is, word die surplus aan die einde van die boekjaar as „Kommissie op dienste gelewer en diwerse verkopings" in die wins- en verliesrekening gekrediteer, waar dit outomaties die boerse onkoste verminder en dus onregstreeks aan die boer ten goede kom.

Die volgende syfers toon die Surplus aan:

T A B E L

| Jaar    | Bedrag | Jaar | Bedrag | Jaar | Bedrag | Jaar | Bedrag |
|---------|--------|------|--------|------|--------|------|--------|
|         | £      |      | £      |      | £      |      | £      |
| 1926-27 | 186    | -35  | 3,736  | -43  | 2,994  | -51  | 7,928  |
| -28     | 134    | -35  | 479    | -44  | 4,388  | -52  | 9,042  |
| -29     | 97     | -37  | 879    | -45  | 3,952  | -53  | 4,099  |
| -30     | 70     | -38  | 678    | -46  | 4,383  | -54  | 4,944  |
| -31     | 316    | -39  | 922    | -47  | 4,137  | -55  | 4,706  |
| -32     | 105    | -40  | 1,381  | -48  | 3,929  | -56  | 6,674  |
| -33     | 261    | -41  | 1,169  | -49  | 4,877  | -57  | 9,444  |
| -34     | 908    | -42  | 2,064  | -50  | 5,903  |      |        |

C. VOORSKOTTE AAN LEDE.

Klousule 61 van die statuut bepaal dat lede n voorskot kan ontvang van hoogstens 75 persent van die geskatte waarde van die tabak deur hulle aan die vereniging gelewer, watter waarde bepaal word deur waardeerder(s) van die Ver-

eniging. (Verdere besonderhede oor waardasie kan onder die afdeling oor 'Bemarking van Tabak' gevind word).

Nadat die tabak deur die Vereniging bewerk en verkoop is, word eers voorsiening gemaak vir onderstaande voordat die surplus aan lede uitbetaal word, nl.

- (i) rente op seisoenslenings, indien enige;
- (ii) administratiewe onkoste, in verhouding van gewig en waarde van bydraes van die verskillende poele;
- (iii) waardevermindering op roerende en onroerende eiendom;
- (iv) onkoste i.v.m. die bemarking van tabak.

Verder word voorsiening gemaak vir die Ledebelangefonds en die nodige reserwes, nl.:

- i) ledebelangefonds;
- ii) boufonds;
- iii) haelskade-beskermingsfonds;
- iv) reserwe vir onvoorsiene uitgawes en verliese;
- v) reserwe vir moontlike slegteskulde
- vi) reserwe vir spesiale organisasie.

Die Ledebelangefonds is op sigself van groot waarde en betekenis vir die lid, want dit kan beskou word as 'n assuransië wat opgebou word, en wanneer die lid die ouderdom van 60 jaar bereik het, of in geval van uiterste siekte en by geval van dood, word die bedrag aan dié lid of agterblywendes uitbetaal. Wanneer 'n lid so 'n bedrag ontvang, is dit vry van inkomste-belasting, want dit word gedurende die tyd van opbouing as inkomste van die betrokke lid gereken. Nie-lede verbeur die voorreg van die Ledebelangefonds, alhoewel hulle bydraes tot genoemde fondse en reserwes moet maak.

Nadat vir bogenoemdes voorsiening gemaak is, word die restant op 'n basis soos bygedra tot die verskillende poele aan lede by afsluiting van die boekjaar (31 Maart) uitbe-

taal. Die agterskot wat die lede ontvang plus restant, was gedurende die afgelope aantal jare selde minder as 65% van die voorskot.

D. BELEGGING VAN FONDSE EN VERHUUR VAN EIENDOM.

Die doelstellingsklousule maak voorsiening daarvoor dat die Vereniging sodanige eiendom, wat nie nodig is vir sy doelstellings nie, mag verhuur, asook dat enige fondse of geld, wat nie onmiddellik vir sake van die Vereniging benodig is nie, namens die Vereniging belê kan word teen rente.

As gevolg van n beleid van sentralisasie en die voordele daaraan verbonde, bv. beter verwerking van die produk, eenvormige waardasie en vermindering van uitgawes, word van die pakhuse van die verskillende takke verhuur, wat n aansienlike bedrag aan inkomste jaarliks aan die vereniging lewer.

Sekere gedeeltes van die jaar is daar groot kontantbedrae wat die Vereniging belê teen rente, hoofsaaklik by die Land- en Landboubank van Suid-Afrika.

Die volgende syfers toon die inkomste wat die Vereniging sedert 1936 aan rente en huur ontvang het.

T A B E L

| Jaar | Rente  | Huur  | Jaar | Rente  | Huur  |
|------|--------|-------|------|--------|-------|
|      | £      | £     |      | £      | £     |
| 1936 | 577    | 189   | 1947 | 13,445 | 1,244 |
| -37  | 650    | 272   | -48  | 23,628 | 2,140 |
| -38  | 3,048  | 300   | -49  | 31,460 | 3,937 |
| -39  | 4,429  | 309   | -50  | 42,413 | 5,286 |
| -40  | 6,699  | 1,310 | -51  | 37,276 | 8,239 |
| -41  | 8,142  | 964   | -52  | 39,883 | 9,810 |
| -42  | 10,090 | 948   | -53  | 34,931 | 9,276 |
| -43  | 10,524 | 1,391 | -54  | 27,603 | 7,476 |
| -44  | 12,357 | 1,451 | -55  | 48,427 | 6,495 |
| -45  | 13,924 | 1,303 | -56  | 79,872 | 7,004 |
| -46  | 15,330 | 1,305 | -57  | 38,563 | 7,611 |

Die inkomstes vir die afgelope paar jaar dek/<sup>n</sup> groot gedeelte van die verwerkingsonkoste van die produk.

E. LENINGS AAN LEDE.

Klousule 68 van die statuut maak daarvoor voorsiening dat, indien die vereniging fondse beskikbaar het vir dié doel, die Raad van direkteure na goeddunke lenings aan goedgekeurde lede mag toestaan teen die sekuriteit van verwagte agterskotte op tabak werklik aan die vereniging aangelewer. Die Raad stel jaarliks die persentasie vas van die sogenoemde agterskot wat geleen word, maar dit mag in geen geval meer wees as 75% daarvan nie. Indien die agterskot onvoldoende is om die lening af te los, mag die balans van die lening in rekening gebring word teen toekomstige kontantvoorskotte betaalbaar aan so n lid. Dit moet hier vermeld word, dat dit in die praktyk nog nooit gebeur het dat die waardasie te hoog vasgestel is nie. Die rentekoers op

sulke lenings is  $\pm 5\%$ . Vandat dié soort van diensverskafing aan lede in 1936 in die lewe geroep is, het lede nog elke jaar daarvan gebruik gemaak, soos onderstaande tabel aantoon:

T A B E L

| Jaar    | Totale lenings | Jaar | Totale lenings. |
|---------|----------------|------|-----------------|
|         | £              |      | £               |
| 1936-37 | 8,415          | 1948 | 77,575          |
| -38     | 17,159         | -49  | 80,090          |
| -39     | 23,650         | -50  | 84,679          |
| -40     | 27,697         | -51  | 69,466          |
| -41     | 52,678         | -52  | 63,276          |
| -42     | 53,290         | -53  | 43,433          |
| -43     | 56,432         | -54  | 39,549          |
| -44     | 70,387         | -55  | 42,466          |
| -45     | 45,180         | -56  | 35,310          |
| -46     | 72,680         | -57  | 58,177          |
| -47     | 54,387         |      |                 |

F. INLIGTING AAN LEDE.

Reeds vanaf die ontstaan van die Vereniging was dit sy doel om aan sy lede inligting te verskaf in verband met die verbouing van tabak, om sodoende alleen 'n goeie kwaliteit produk te lewer en daardeur die naam van die Vereniging goed te hou.

Die Vereniging doen op sigself geen wetenskaplike navorsing in verband met die verbouing van tabak nie, omdat dit ook nie vir dié doel gestig is nie, maar deur samewerking met die Tabaknavorsingstasie te Rustenburg word waardevolle inligting aan boere verskaf, veral ten opsigte van:

- i) Aanplanting van die beste soort tabak vir bemarkings-

doeleindes;

- ii) ontleding van grond en voorligting i.v.m. bemesting daarvan en wisselbou;
- iii) inligting i.v.m. aanplanting en algemene verbouing;
- iv) oes van die blad en droging daarvan;
- v) bestrydingsmetodes en middele ter bestryding van insektes, plantsiektes ens.

As gevolg van die noue samewerking tussen die verskillende Tabakkoöperasies onder die Sentrale koöperasie, en die kontrole wat laasgenoemde het oor die voorrade van sy affiliasies, kan boere altyd op hoogte gehou word met moontlike tekorte en/of surplusse en of daar 'n afsetgebied vir sodanige surplus in ander lande bestaan. Deur sulke inligting aan lede te versprei, deur middel van die voormansstelsel, omsendbriewe en jaarverslae op ledevergaderings, kan die lede in alle gevalle tot eie voordeel produseer asook meehelp om 'n stabiliteit in tabakpryse te handhaaf.

In die besonder beywer die bestuur van die Vereniging hom om die lede altyd op hoogte te hou van alle belangrike besonderhede van die Tabaknywerheid as geheel.

#### G. BEHUISINGSKEMA AAN AMPTENARE.

Indien die Vereniging vir dié doel fondse beskikbaar het, mag die Raad van Direkteure na goeddunke behuisingslenings aan amptenare in sy diens toestaan. Volgens die statuut mag die totale gesamentlike bedrag van sulke lenings nie meer wees as £35,000 nie.

Die vernaamste voorwaardes waaronder lenings toegestaan word, is as volg:

- i) maksimum lening aan 'n amptenaar is £3,000.
- ii) Aansoek om lening word alleen gedoen op 'n aansoekvorm verskaf deur die Raad van Direkteure.
- iii) Die duur van die lening mag nie langer as 20 jaar wees nie, teen 'n rentekoers van minstens 5% per jaar, wat bereken word op die uitstaande maandelikse balans.

- iv) Eiendomsbewys van grond moet gelewer word.
- v) Die geboue moet na voltooiing deur die amptenaar teen brandskade verseker word vir 'n bedrag nie minder as deur die Raad vasgestel nie.
- vi) Die eiendom moet deur die amptenaar in 'n behoorlike toestand gehou word.
- vii) Die Raad het ten alle redelike tye die reg om die eiendom wat verbind moet word te inspekteer.
- viii) Sodanige lenings word alleen teen eerste verband toegestaan.

Naas die fondse wat die vereniging aan amptenare beskikbaar stel, word daar ook voorsiening gemaak vir 'n Pensioen-assuransieskema en Siektefonds, waartoe die Vereniging die helfte van die bydraes maak. Personeellede mag ook goedere wat nie deur die Vereniging in voorraad gehou word nie, deur die Vereniging teen kontant bestel, teen kosprys. Sulke bestellings kan alleen geskied met die goedkeuring van die bestuur. Goedere wat in voorraad is, kan alleen verkry word teen dieselfde prys as wat vir lede vasgestel is.

Amptenare mag gedurende die stil tye van werksaamhede verlof neem, wat wissel van 21 tot 25 dae na gelang die status van die amptenaar. Langverlof word in die diskresie van die Raad van Direkteure toegestaan nadat die amptenaar 10 jaar ononderbroke op die permanente personeel gedien het. Siekteverlof word op merite, gestaaf deur mediese getuienis, deur die Raad toegestaan.

#### H. VERSEKERING TEEN HAELSKADE.

Ook op hierdie gebied lewer die M.K.T.V. waardevolle diens aan sy lede. Die skema word met groot sukses toegepas en planters maak daarvan gebruik.

Volgens die bepalinge van klousule 73 (a) is alle lede se tabak outomaties gedek teen haelskade, sonder regstreekse betaling van 'n heffing of premie, mits hy die vorige boekjaar tabak van daardie jaar se oes gekweek en in kommer-

siële hoeveelhede in sy eie naam gelewer het, en mits hy die nodige prosedure vir registrasie van sy tabakoes nagekom het. Die voorwaardes van registrasie word van tyd tot tyd deur die Raad van Direkteure vasgestel.

(b) Waar n lid nie in die voorafgaande boekjaar tabak van daardie jaar se oes gelewer het nie, kan sy oes gedeek word teen betaling van n heffingsbydrae tot die fonds of fondse wat die Raad van Direkteure van tyd tot tyd vasstel.

(c) Waar n planter, wat vir n tydperk van vyf agtereenvolgende jare tot die fonds of fondse bygedra het, die vorige jaar nie tabak kon lewer nie, omdat sy oes geheel en al vernietig was deur oorstromings, droogte, hael of vuur, kan so n planter vir die een daaropvolgende jaar vrye dekking van sy oes verkry, mits hy die voorgeskrewe prosedure vir registrasie van sy tabakoes nakom.

Die Raad van Direkteure kan na goeddunke die bedrag op die haelskade-beskermingsfonds verpoel sonder om tussen die verskillende klasse tabakoeste nl. oonddroog, ligte lugdroog en donker lugdroog, wat beskerm is teen haelskade, n onderskeid te maak, of die bedrag op die haelskade-fonds volgens die verskillende klasse van tabak in aparte poele laat plaas en so hou van jaar tot jaar. Die metode in gebruik is dié van aparte poele.

In 1939 is met die skema begin met n fonds van £15,000, en vandag staan die fonds op £184,956. Vir die afgelope aantal jare, is 100% skade-eise aan lede uitbetaal, gebaseer op die dekkingswaarde wat toegestaan is, nieteenstaande groot skades wat deur haelstorme veroorsaak is.

#### I. AANSTELLING VAN AMPTENARE.

Vanaf die ontstaan van die Vereniging was die beleid nog steeds om van die bekwaamste persone gebruik te maak om die doelstellings van die Vereniging tot uitvoering te bring. Klousule 3 (k) bepaal: om bekwame persone aan te stel om sy doelstellings uit te voer en sy lede te onder-

rig en van advies te dien aangaande tabakboerdery.

(Dit is nie hier die taak om al die vereiste eienskappe wat die verskillende amptenare moet besit, te behandel nie). n Tabakkoöperasie is n spesialiteitsonderneming, en daarom is daar ook sekere werkverrigtings wat alleen deur n spesialis behartig kan word - as maar net gedink word aan die werksaamhede van waardeerders, gradeerders, persone belas met die fermentasie en proctor. (Hieroor meer by die behandeling van Bemarking van Tabak).

Die hoofbestuurder moet met al bogenoemde afdelings vertrouwd wees om die nodige kontrole uit te oefen en die organisasie glad te laat verloop. Dit kan hier genoem word dat die bestuurders van die M.K.T.V. wat in die verlede die grootste sukses gehad het, persone was wat hulle van die laagste trap in die werksaamhede van die Vereniging opgewerk het tot die amp van bestuurder.

Van tyd tot tyd, wanneer dit nodig mag wees, word waardeerders- en gradeerderskursusse gehou om die amptenare daarby betrokke op te lei, en waarin ook eksamen afgelê moet word vir bevordering. Die kursus het uitgebrei, sodat gedurende Oktober 1957 ook ander leerstof aangebied was soos: Teorie van Koöperasiewese, Bedryfsekonomie en Rekeningkunde.

So trag die Vereniging om die beste te doen vir sy amptenare, wetende dat dit tot voordeel van die hele organisasie as geheel sal wees.

Dit is opmerklik om die koöpratiewe gees waar te neem onder, veral, die senior amptenare, wat dan ook op n mooi en goedgesinde wyse oorgedra word aan jongere lede asof dit n blywende tradisie moet wees.

Volgens my beskeie mening is die span van amptenare van die M.K.T.V. nouliks oortrefbaar en een van die grootste bates van die Vereniging.

J. INDIREKTE BYDRAE TOT STAATSINKOME.

Behalwe die inkomstes uit lede se belasting en die werkverskaffing aan honderde persone, ontvang die Staat jaarliks 'n groot bedrag aan aksynsbelasting op tabakverbruik in die Unie. Die M.K.T.V. lewer meer as 50% van die totale produksie en verbruik van die Unie; as die helfte van die belasting geneem word oor die afgelope paar jaar, dan is die inkomste van die Staat uit die produksie meer as £7½-miljoen per jaar.

---oooOooo---

H O O F S T U K V.a) BEMARKING VAN TABAK.I. Geskiedkundige ontwikkeling van bemarking van tabak en aanleidende oorsake tot die bemarkingstelsel soos vandag.

Gedurende die tydperk voor unifikasie is tabak in slegs n paar streke soos Magaliesberg, Piet Retief, en Oudshoorn verbou. Destyds het daar geen koöperasie bestaan nie en planters was verplig om hulle tabak regstreeks aan fabrikante, winkeliers en spekulante te verkoop. Soos dit kon verwag word, was die pryse laag en in die meeste gevalle moes die produsente neem wat hulle vir hul produk kon kry.

As gevolg van n diep gevoelde en ekonomies blywende behoefte aan ordelike bemarking, is die M.K.T.V. in 1909 gestig, en dit het vanaf sy ontstaan oortuigende bewys gelewer van sukses as gevolg van georganiseerde bemarking van die boer se produk. Daar is heelwat meer probleme by die kweek van tabak as bv. by mielies. As laasgenoemde geoes, gedors en gegradeer is, is dit gereed vir die mark, maar in die geval van tabak moet die blaar, as dit van die land af kom, nog n hele reeks prosesse deurgaan voordat dit mark kan word. Vir dié prosesse is tegniese kennis en sekere installasies, soos proctor-masjiene („redryers”) nodig, waaroor alle boere nie kan beskik nie. n Sentrale en goed toegeruste onderneming soos n koöperasie kan hierdie werk vir sy lede onderneem en n veel groter sukses daarvan maak. Dit was dan ook een van die belangrikste ekonomiese oorwegings wat tot die stigting van die betrokke koöperasie gelei het.

In ander tabakstreke het koöperasies later begin om produsente te bedien, maar hulle het ook voor groot moeilikhede te staan gekom in hulle pogings om bevredigende pryse vir die produk van hulle lede te verkry.

Hierbo is na sekere tegniese voordele verwys wat deur koöperasies verkry kan word. Daar is nog n ander ewe belangrike voordeel, nl. die van gesamentlike afset. Die tabakproduksie is grootliks in die hande van talle klein kwekers, wat by die afset van hul produk magteloos staan teenoor die groot handelaars en fabrikante. Koöperasies kan hierom n groot diens aan produsente bewys deur as enigste kanaal te dien waardeur tabak die mark bereik, mits alle produsente hulle getroue ondersteuning aan die koöperasies toesê. Laasgenoemde was egter nie die geval nie, en die talle nie-lede en sommige ontroue lede het die pogings van die koöperasies om beter pryse vir hulle lede se tabak te verkry, meestal verydel.

In 1925 is n wysiging van die Koöperatiewe Wet aangebring om verpligte koöperasie te bewerkstellig, wat in 1926 van toepassing geword het in die streke wat destyds deur die M.K.T.V. bedien is. Aanvanklik was verpligte koöperasie by tabak nie n sukses nie; die rede hiervoor moet hoofsaaklik gesoek word in die prysbeleid wat na 1926 deur verpligte koöperasie gevolg is en ongunstige klimaats-toestande wat destyds geheers het. Koöperasies het die prys aan fabrikante sodanig verhoog, dat dit onvermydelik tot groot produksievermeerderings gelei het. Spoedig het die Unie n oorproduksie van tabak gehad, waarvoor n mark gevind moes word. Intussen het die groot depressie van 1929-31 gevolg wat toestande nog vererger het. In 1932 word die Tabakreëlingswet deur die regering aangeneem om te verseker dat die surplus tabak uit die land verwyder word. Op elke handelaar het daar dus die verpligting gerus om die kwota persentasie wat deur die betrokke Minister bepaal is, uit te voer. Die wye invoer uit Rhodesië is ook onder sekere beperkings geplaas. Die strewe van hierdie wetgewing het ten doel gehad om die wanverhouding tussen vraag en aanbod reg te stel.

Die vorige wet word in 1935 opgevolg deur 'n tweede, waardeur die Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid in die lewe geroep is. Die Beheerraad het die mag gekry om heffings te lê op tabak wat plaaslik verbruik word, om subsidies te bepaal vir tabak wat uitgevoer word en om die tolvrye kwotas ten opsigte van invoere vanaf Rhodesië te bepaal. Na die aanname van die Bemarkingswet in 1937 het tabakbeheer onder die wet ingekom en is die Tabakraad in 1939 hersaamgestel.

(Subsidies skep die indruk dat die boer van regeringsweë gesubsidiëer word, daarom is dit meer van pas om die woord „Uitvoertoelae" te gebruik, want in die verlede het dit nog nooit in die tabakbedryf gebeur dat die regering enige subsidies betaal het nie; tabakkoöperasies het nog altyd die volle verantwoordelikheid op hulle geneem deur fondse wat die boer self bygedra het.)

## 2. BEMARKINGSMASJINERIE IN DIE UNIE.

Vandag word tabak in Suid-Afrika kragtens die volgende twee wette bemark:

- i) Die Koöperatiewe Wet (Wet No. 29 van 1939) soos gewysig.
- ii) Die Bemarkingswet (Wet No. 26 van 1937) soos gewysig.

### KOÖPERATIEWE WET:

In Suid-Afrika funksioneer tabakkoöperasies binne die raamwerk van hulle eie regulasies wat nie teenstrydig met die Koöperatiewe Wet mag wees nie. Kragtens gemelde regulasies is dit die hoof funksies van 'n tabakkoöperasie om sy lede se tabak op die mees ekonomiese wyse in blaarvorm

- a) te ontvang vir waardasie;
- b) te fermenteer waar nodig;
- c) te gradeer ooreenkomstig amptelike standaarde;

d) te verpak en

e) te bemark.

In die eersgenoemde funksie hierbo is genoem dat tabak deur die koöperasies van sy lede ontvang word. Koöperasies koop nie die lid se tabak nie en die lid verkoop nie sy tabak aan sy koöperasie nie. Die lid lewer sy produk aan sy koöperasie wat dit namens sy lid bemark. Hierin onderskei ons Koöperatiewe stelsel hom van alle ander stelsels van tabakbemarking in die wêreld.

### BEMARKINGSWET.

Kragtens die Bemarkingswet is die tabakreëlinskema volgens Proklamasie No. 51 van 1939 ingestel. Die skema is van tyd tot tyd gewysig, onder andere om voorsiening te maak vir die instelling van 'n Raad van Beheer oor die tabaknywerheid. Hierdie Raad se magte is in die Tabakreëlinskema neergelê en die funksies van die Raad is, saaklik gestel, om die blaartabaknywerheid in die algemeen in Suid-Afrika te beheer.

Die belangrikste funksies van die Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid kan kortliks as volg genoem word:

- (i) Om die Unie van Suid-Afrika in agentskapsgebiede af te baken.
- (ii) Om vir elke sodanige gebied 'n agent (tot dusver nog altyd 'n tabakkoöperasie) aan te stel, deur die bemiddeling waarvan alle blaartabak geproduseer in die betrokke gebied bemark moet word.
- (iii) Om die amptelike standaardgrade van tabak vas te stel en voorskrifte te maak ten opsigte van die verpakking van blaartabak vir binne- en buitelandse bemarking (Staatskoerant, kennisgewings No. 920 van 1939 en No. 234 van 6 Februarie 1942, soos gewysig).
- (iv) Om die minimum verkoopspryse te bepaal waarteen elke graad deur die agentskap verkoop mag word.
- (v) Om toe te sien dat die regulasies kragtens die bepalinge van die tabakbeheerderskema nagekom word.
- (iv) Om die in- en uitvoer van blaartabak te beheer.

GEORGANISEERDE BLAARTABAKBEMARKING.

Onder die Koöperatiewe en bemarkingswette is die bemarking van blaartabak in Suid-Afrika vir alle praktiese doeleindes volkome onder beheer en koöperatief georganiseer. Behalwe die Transkei-gebied, waar die naturelle ook 'n klein hoeveelheid tabak produseer, meestal vir eie gebruik, is die hele Unie in tien agentskapsgebiede van die Beheerraad opgedeel. Elke gebied word deur 'n Tabakkoöperasie bedien, soos reeds uiteengesit in Afdeling A, hoofstuk II van die verhandeling. Die agentskap in Natal is die Natal Indiër Koöperasie. Die Swazilandse Koöperasie val buite die Unie en is dus nie 'n agentskap van die Beheerraad nie.

Die vermelde tien koöperasies funksioneer elkeen selfstandig wat hulle interne beleid en werksaamhede betref. Vir die doel van koördinasie van beleid van algemene belang en gesamentlike optrede, is die koöperasies (Swaziland ingesluit) in die Sentrale Koöperatiewe Tabakmaatskappy van Suid-Afrika saamgesnoer as affiliasies. Die funksies van die Sentrale Koöperasie (Centabak) sal later behandel word, maar dit sal reeds duidelik genoeg wees as gesê word dat die blaartabaknywerheid honderd persent koöperatief georganiseerd is en dat daar in die wêreld nouliks 'n ander groep tabakprodusente is wat oor beter diensfasiliteite vir die bemarking van hulle produk beskik, as wat in Suid-Afrika aangetref word. Op die tabakkoöperasies rus daar 'n baie groot verantwoordelikheid om te verseker dat sy diens en fasiliteite aan die hoogste eise van ekonomiese doeltreffendheid moet voldoen, veral ook wat betref die waardebeoordeling van tabak by lewering deur lede.

### 3. METODES VAN TABAKBEMARKING IN DIE WÊRELD.

Om die beheerde metode van tabakbemarking in die Unie tot sy reg te laat kom in hierdie bespreking, sal dit

wenslik wees om van die vernaamste bemarkingsmetodes van enkele ander lande van die wêreld kortliks te behandel.

Die volgende metodes is die mees algemene:

- a) Openbare veilings, byvoorbeeld in die V.S.A. en Suid-Rhodesië.
- b) Waardasie/Verkoopsisteen soos in Switserland en Duitsland.
- c) Kontrakproduksie, direkte onderhandelings tussen boer en koper, soos in Columbia en Venezuela in Suid-Amerika.
- d) Die sogenoemde inskrywingsmetode, soos in Nederland.
- e) Suid-Afrikaanse beheerde bemarking deur die koöperatiewe stelsel wat, so ver dit die produsent betref, deur die waardasie-sisteen voorafgegaan word.

a) OPENBARE VEILINGS.

Op openbare veilings word die gewone prosedure gevolg dat die produk opgeveil en aan die hoogste bieder verkoop word. Die eienaar plaas gewoonlik 'n reserweprys op die ware wat hy aanbied om opgeveil te word.

TABAKVEILINGS IN V.S.A.

Tabakveilings in die V.S.A. is min of meer op dieselfde beginsels geskoei, en algemeen gesproke werk die sisteen wat daar toegepas word as volg:

- i) Vir elke amptelike graad tabak word 'n minimum prys deur die regering vasgestel.
- ii) Voor die veilings begin, word elke klas tabak gegradeer ("pre-classification").
- iii) Vervolgens vind die veilings plaas. Behaal die graad nie die minimumprys soos deur die regering vasgestel nie, dan koop die regering die tabak teen die minimumprys vir sy stabiliteitspoel en bemarking.

Hierdie stelsel van bemarking gee 'n aansienlike stabiliteit aan die produsente, dog om die stabiliteit te handhaaf, verg dit reuse bedrae van die kant van die staat.

Die produsent is daarenteen gebonde aan produksiebeperkings, wat op sy beurt probleme inhou soos die beheer van oppervlaktes en die handhawing van goeie kwaliteit tabak.

### RHODESIESE VEILINGS.

Suid-Rhodesië volg algemeen dieselfde wyse van die openbare veilingsisteen soos toegepas in die V.S.A., behalwe dat dit nog nie „pre-classification" toepas nie en ook geen stabiliteitspoel het wat 'n minimum prys waarborg nie maar alleen die voorbehoud dat geen tabak teen minder as een pennie per pond verkoop mag word nie.

Onder die Federasie se bemarkingswet het die betrokke Minister egter die mag om minimumpryse vas te stel, maar in die afwesigheid van 'n stabilisasiepoel en -fondse hou dit vir die boer geen waarborg in dat sy tabak wel verkoop sal word nie.

Die veilingstelsel soos in Suid-Rhodesië toegepas, bring mee dat pryse van jaar tot jaar en selfs gedurende dieselfde seisoen aan ernstige prysskommeling onderhewig kan wees. Verder skep dit spekulatiewe toestande, met die implikasies wat daarmee gepaard gaan.

#### b. WAARDASIE VERKOOPSISTEEM.

Dié metode van bemarking word aangetref in lande soos Switserland en Duitsland. Die organisasies bestaan uit produsente sowel as fabrikante, en om die produsent se tabak te bemark, word bv. in Switserland van die volgende sisteem gebruik gemaak:

- i) Fabrikante besit ontvangs- of koopdepots in die betrokke tabakproduserende gebiede.
- ii) Produsente lewer hulle tabak aan die depot in hul gebied, waar elke klas tabak soos die boer dit lewer waardeur word.
- iii) Die waardasie geskied deur:
  - a) Twee fabrikante-verteenwoordigers.
  - b) Twee produsente-verteenwoordigers.
  - c) Een arbiter (benoem deur produsente).

- iv) By waardasie word in die eerste geval geen geld-prys bepaal nie maar n graadkode waaraan n prys gekoppel is. Dit kom algemeen op dieselfde beginsel neer soos toegepas deur ons koöperasies in Suid-Afrika.
- v) Die waardasielokaal is voorsien van n vervoerband waarop die tabak klas vir klas by die waardeerders verbygaan. Die vier waardeerders maak afsonderlik hulle waardasie en skryf dit op n strokie papier wat dan aan die arbiter oorhandig word. Verskil die waardeerders binne sekere perke, word die gemiddelde geneem. Indien die verskil die sekere perke oorskry, dan bespreek die arbiter dit met die waardeerders en vel sy beslissing op dié her-waardasie. In Suid-Afrika is dit net produsente-belange wat n oordeel vel oor die waardasie van tabak, hoewel die fabrikant of koper se belange beskerm is deur die uiteindelijke amptlike standaardgraad wat hy teen n vasgestelde prys koop.
- vi) Die waardasiekode is bepaal op drie klasse, nl.:
- a) onderblare,
  - b) middelblare en
  - c) topblare.

Elke klas word weer ingedeel in drie grade, nl., eerste, tweede en derde graad. Die waardasie van n sekere klas word dus as volg bepaal:

| Gehalte (graad) | Kontrakprys  | % van tabak<br>gelewer. | Waardasie-<br>prys. |
|-----------------|--------------|-------------------------|---------------------|
| Eerste Graad    | 25d. per lb. | 80                      | 2,000               |
| Tweede graad    | 20d. " "     | 15                      | 300                 |
| Derde graad     | 10d. " "     | 5                       | 50                  |
|                 |              | 100%                    | 2350 + 100.         |

Gemiddelde waardasieprys = 23.5d. per lb.

n Opname van die produksiekoste word gemaak wat gefinansier word deur fabrikante, en op dié basis word n ooreenkoms aangegaan tussen fabrikante en produsente oor die pryse.

Die waardasie soos hierbo beskryf is finaal, en indien die produsente nie met die pryse tevrede is nie, kan hulle niks daaromtrent doen nie, behalwe dat hulle besware by hul regering kan indien, wat op n ondersoek en verslag

omtrent waardasieaangeleenthede kan uitloop met die oog op 'n moontlike verbetering op toekomstige lewerings.

Ná waardering word die tabak aan fabrikante volgens hulle verbruik op 'n persentasiebasis toegeken. Grade wat deur een fabrikant nie benodig word nie, kan deur die betrokke fabrikant aan 'n ander uitgeruil en/of verkoop word. Hy is dus vry om daarmee te handel soos hy wil. Waar die verbruik die produksie oorskry, lewer dit geen probleem vir fabrikante om van die tabak ontslae te raak wat hulle uit ekonomiese oorwegings nie self wil verwerk nie.

Bemarkingsmetodes kan natuurlik van land tot land en selfs in 'n betrokke land verskil om by plaaslike omstandighede aan te pas. In Switserland self is 'n persentasie van die oes vry om in vrye mededinging verkoop te word. Daar is ook gevalle waar boere nie self die droging van tabak onderneem nie, maar die groen blare verkoop op die land aan maatskappye wat die droging self onderneem.

C. KONTRAKPRODUKSIE: DIREKTE ONDERHANDELING TUSSEN  
PRODUSENTE EN KOPERS.

Dié vorm van bemarking word aangetref in die Suid-Amerikaanse state Columbia en Venezuela en andere, waar die produsente individueel vir handelaars en fabrikante volgens ooreekoms produseer. Die boer produseer en verkoop sy produk aan sulke kopers teen pryse waartoe onderling ooreengekom is. Dit het min of meer dieselfde patroon as toestand wat vroeër in Suid-Afrika geheers het voor Koöperatiewe of beheerde bemarking in werking getree het.

D. INSKRYWINGSISTEEM: BEMARKINGSMETODE IN NEDERLAND.

Nederland produseer feitlik geen tabak nie maar het nog altyd 'n belangrike rol gespeel in die bemarking van tabak, meer bepaald ten opsigte van sigaartabak afkomstig van Nederlands-Oos-Indië, onder andere Java en Sumatra. Die Delhi-

maatskappy speel n groot rol as produsentverskaffer wat op groot skaal tabak in die Ooste produseer.

Die belangrikste beginsel by die inskrywings, ook genoem inskripsie-sisteem, is dat, na besigtiging van monsters, die tabak nie op openbare veilings verkoop word nie maar deur geslote veilings of tenders (inskrywings). Op die inskripsieveilings het dit altyd gewemel van handelaars en makelaars wat een of ander verhandelingsfunksie vervul het, om sodoende n profyt te maak of kommissie te verdien voordat die produk uiteindelik die fabrikant bereik. Hoedanig dit die verskil tussen die produsenteprys en die prys wat die fabrikant moet betaal beïnvloed, is selfsprekend. Dié sisteem van bemarking het gedurende die afgelope aantal jare minstens tydelik feitlik tot stilstand gekom. Dit het die vorm van n meer n direkte onderhandeling tussen verskaffer en koper aangeneem. Die pryse wat verskaffers ontvang, sal natuurlik beïnvloed word deur die verhouding wat daar heers tussen vraag en aanbod.

#### E. KOÖPERATIEWE EN BEHEERDE BEMARKING IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

Die voorafgaande sisteme is van die bekendste, alhoewel daar nog ander metodes is waarvolgens blaartabak bemark of verhandel kan word. Prosedures by n spesifieke sisteem mag van land tot land verskil, hoewel die grondbeginsels dieselfde mag wees. By enige sisteem wat toegepas word, is daar een belangrike doel waarna gestreef moet word, en dit is om die kortste weg te volg vanaf die produsent na die verbruiker en terselfdertyd n billike waarde op die tabak van die produsent plaas. <sup>1)</sup> Terwyl produsente uit die aard van die saak moeilik self die vervaardiging kan onderneem, moet hulle die kortste pad na die fabrikant vind, en dit is twyfelagtig of daar in die wêreld

---

1) J.P. Hamman: Beheerde bemarking van Tabak: Koöperatiewe en Bladmankurses te Rustenburg, Okt. 1957.

n korter weg na die fabrikant is as die koöperatiewe- en beheerde weg wat in die Unie van Suid-Afrika gevolg word.

Voordat die hooftema van die onderwerp, naamlik die koöperatiewe waardasiestelsel in Suid-Afrika behandel word, is dit van pas om eers in breë trekke n kort oorsig te gee hoe die skakels van die plaaslike koöperatiewe en beheerde bemarkingsketting in mekaar geskakel is, naamlik:

1. Die eerste en belangrikste skakel is die produsente self. Sonder hulle sou daar geen koöperatiewe en beheerde bemarkingsstelsel in Suid-Afrika, soos dit vandag bestaan, gewees het nie.
2. Die tweede skakel is die koöperasies wat deur die produsente gevorm word en deur hulle gebruik word om hulle tabak te ontvang, dit gereed te maak vir bemarking en te bemark.
3. Die derde skakel is die Sentrale Koöperatiewe Tabakmaatskappy wat deur die bestaande tabakkoöperasies gevorm is om gekoördineerde optrede ter bevordering van gemeenskaplike belange te verseker.
4. Die vierde skakel is die Tabakbeheerraad wat onder die Tabakreëlinskema kragtens die Bemarkingswet saamgestel is.
5. Die vyfde skakel is die fabrikant wat die produk vir verwerking aankoop.

Die belangrikste funksie van die Koöperasie en die Tabakbeheerraad is reeds genoem en daar sal hier nie verder ingegaan word nie. Met die oog op beheerde bemarking is dit van belang om daarop te wys welke rol die Sentrale koöperasie daarin speel.

Centabak se funksies kan meer spesifiek as volg opsom word:

- i) Dit moet die kragte van sy geaffilieerde koöperasies koördineer, ten einde n eenvormige optrede te

verseker waar produsente se algemene belange ten opsigte van produksie en bemarking en wat daarmee gepaard gaan dit vereis; dit wil sê Centabak is 'n beleidvormende sentrale en dien as mondstuk vir sy lede-koöperasies waar gemeenskaplik opgetree moet word, soos byvoorbeeld by prysaanbevelings by die Tabakraad en in enige opsig waar die gemeenskaplike belange van sy lede geraak word.

- ii) Dit moet die verkoop van die tabak van sy lede kontroleer of, indien nodig, op die voordeligste wyse self van die hand sit.

Centabak is verantwoordelik vir uitvoere van Virginiese tabak na die buiteland namens sy affiliasies, maar wat die binnelandse bemarking betref, verkoop elke koöperasie sy eie tabak self aan die fabrikante en ander kopers. Centabak bepaal slegs die algemene verkoopsvoorwaardes, soos onder andere neergelê in die sogenoemde Model kontrak wat tussen koöperasies en kopers aangegaan word.

Van die belangrikste funksies wat Centabak in die bemarking van blaartabak in Suid-Afrika vervul, is om kontrole uit te oefen oor die tabakverkope van sy lede. Dit geskied deurdat Centabak sy affiliasies se Virginiese tabak behalwe roltabak aan fabrikante en groothandelaars toeken. Daar bestaan ook by die verbruiker 'n vraag na tabak in blaarvorm, veral onder naturelle, daarom die toekennings aan groothandelaars.

#### CENTABAK SE ALLOKASIE-SKEMA.

Die grondbeginsels van die toekennings kom daarop neer dat 'n koper 'n deel uit 'n gegewe oes ontvang op 'n persentasiebasis in verhouding met sy verbruik, gedurende die voorafgaande kalenderjaar, van 'n besondere tipe of tipes teenoor die totale landsverbruik.

Indien n sigaretfabrikant byvoorbeeld 15% van die land se ligte sigarettabak gedurende die voorafgaande kalenderjaar verwerk het, dan dien dit as grondslag om sy toekenning van ligte sigarettabak uit die komende oes te bereken. Dieselfde beginsel geld ook vir toekennings aan pyptabakfabrikante, hoewel hulle binne perke voorkeur kry by ligte tabak (oonddroog en lugdroog), groep 2 of n laere gradereeks, terwyl groep 1 of n hoëre gradereeks en die balans van groep 2 meer bepaald tot beskikking van sigaretfabrikante gestel word.

Die allokasiesisteen beoog dat elke koper in n sekere kopersgroep (byvoorbeeld van sigaretfabrikante) sy tabak teen dieselfde gemiddelde prys aankoop as sy konkurrent in dieselfde groep.

Kopers is verplig om die volle reeks van grade aan hom toegeken, te koop. Hy het geen keuse om grade uit te soek nie.

#### VERSEKERING WAT KOPERS GENIET ONDER DIE KOÖPERATIEWE EN BEHEERDE BEMARKINGSTELSEL.

- i) Uniformiteit in grade wat volgens amptelike standarde deur die land gehandhaaf moet word.
- ii) Uniformiteit in aankoopspryse.
- iii) n Regmatige aandeel in die land se tabakopbrengs wat beskikbaar is vir bemarking.

#### VERSEKERING WAT PRODUSENTE GENIET DEUR MIDDEL VAN HUL KOÖPERASIES.

- i) Dat elke affiliasie sy regmatige aandeel in die Uniemark sal kry (Uitskakeling van mededinging tussen koöperasies ten opsigte van dieselfde kwaliteit van die produk).
- ii) Dat daar n vasgestelde minimumprys vir elke amptelike graad verkry sal word.

Sover dit die lede van die koöperasies gesamentlik aangaan, is hulle verseker dat die tabakpoel waarin hulle hul tabak gelewer het, die volle voordeel van die produk se prys sal kry. Daar bestaan diverse soorte van poele; die belangrikste drie is tans:

Virginiese Tabak.

Oonddroogpoel

Ligte lugdroogpoel en

Donker lugdroogpoel.

Die Westelike Provinsie Koöperasie, Paarl, produseer n Turkse tabaktipe en dus is daar n Turkse tabakpoel.

Die indiwiduele lid se waarborg vir die volle prys vir sy produk is n billike en konstante waardasie by die lewering van sy tabak aan die koöperasie, sodat die lid sy pro rata aandeel sal kry uit die volle nettoopbrengs van die tabakpoel waarin hy deel het, en dit is hier waar die belangrikste aspek van die onderwerp onder behandeling kom, nl. die waardasie van tabak onder die sisteem van koöperatiewe bemarking in Suid-Afrika.

WAARDASIE OF WAARDEBEPALING VAN TABAK.

Die praktyk stel baie hoë eise aan tabakwaardeerders, want die sukses van n tabakkoöperasie word tot in die grootste mate in die waardasieafdeling beslis. Die optrede en beslissing van waardeerders kan vir die koöperasie òf goedgesindheid òf veroordeling van lede verwerf. Daarom is die volgende vereistes vir waardeerders van die allebelangrikste belang:

- i) Verstandige omgang met mense.
- ii) Kennis van tabak en die beoordeling van tabak se waarde (nie juis geldwaarde nie).

As in gedagte gehou word dat daar oor die sewentig erkende grade is, en dat tabak deur die produsente nie

honderd persent op die plase gegradeer (gesorteer) word nie, verg dit n deeglike tegniese kennis van die produk om dit te kan waardeer.

Tegniese kennis van tabak is nie die enigste vereiste wat die waardeerder moet besit nie, maar hy moet verstaan om met mense (lede) verstandig en aangenaam omgang te kan hou. Dit is tot voordeel van die lid self, van die ko-operasie as geheel asook van die hele tabaknywerheid, dat die lid teenwoordig sal wees wanneer sy produk waardeer word, want daar leer hy baie deur aanbevelings wat deur waardeerders gedoen word, om sodoende die bewerking en gehalte van blad te verbeter indien nodig. Goeie kritiek, waar die lid dit verdien, lei gewoonlik tot nog beter bewerking en kwaliteitverbouing, wat op sy beurt weer voordele inhou vir alle betrokkenes vanaf die boer tot by die verbruiker.

n Waardeerder moet verder deeglik kennis hê van:

- i) Die standaard van die amptelike tabakgrade in Suid-Afrika.
- ii) Die stapel- of mietfermentasie van tabak.
- iii) Die bepaling van die voggehalte van tabak.

#### GRADEKENNIS:

Gradekennis is die fondament waarop die waardasiesisteenem berus. n Waardeerder moet met die amptelike woordomskrywings van die verskillende grade vertroud wees en hy moet die kleur-, lengte- en gehaltefaktore van elke graad uit die hoof ken.

#### FERMENTASIE:

In Suid-Afrika word nog tot n groot mate van stapel- of mietfermentasie gebruik gemaak. In die reël word alle lugdroog- en alle groenkleurige oonddroog-tabak in miete gefermenteer. Die waardeerder moet dus kennis dra van

die sigbare veranderings en/of verbeterings wat tabak in stapelfermentasie en selfs baalfermentasie ondergaan, sodat hy dit by waardasie in aanmerking kan neem. Hierdie kennis stel hom in staat om te beslis of die betrokke klas tabak regstreeks na die graderingsafdeling moet gaan of na die betrokke miet vir fermentasie, en hoedanig die tabak daarby verandering sal ondergaan. Proefnemings met tabak in fermentasieprosesse is dus vir die nodige kennis 'n absolute vereiste.

#### BEPALING VAN DIE VOGGEHALTE VAN TABAK.

'n Waardeerder moet homself vertrouwd maak met die beoordeling van voggehaltes in tabak deur sy gevoelsoordeel te toets met die uitslae van vogtoetsapparate. Dit is natuurlik onmoontlik om alle tabak wat deur 'n koöperasie ontvang word met 'n vogapparaat te toets. Die voggehalte word deur die oog en gevoelsoordeel van die waardeerders bepaal, en dit beslis dan of die voggehalte van die tabak by aflewering goed is of nie.

#### WAARDASIEPRYSVASSTELLING:

Waardasie geskied nie deur 'n willekeurige oordeel van die waardeerder nie, maar ooreenkomstig bepaalde prosedures of beginsels, waarvan die belangrikste die volgende is:

##### (i) Waardasieprysvasstelling deur Raad: <sup>1)</sup>

Vir die doel van waardasie word deur die Raad vir elke tabakpoel, d.w.s. vir oonddroog, ligte lugdroog, donker lugdroog ens., waardasieklasse en vir elke klas 'n waardasieprys bepaal. Die waardasieklas en waardasieprys is nie met die amptelike standaardgraad en die verkoopsprys verge-

---

I) J.P. Hamman: Beheerde Bemaking van Tabak. Koöperatiewe- en Bladmanskursus, Okt. 1957

lykbaar nie, hoewel laasgenoemde die fondament is waarop die waardasieklas en prys berus.

(ii) Waardasiekode:

Met die standaardgraad as grondslag en bepaalde faktore in aanmerking nemende, bepaal die waardeerder n klas tabak se waardasiekode, wat vir die doel van die lid en die administrasie in pennies per lb. uitgedruk word, en sodoende assosieer die waardeerder die tabak ook met sy geldwaarde.

Deur n gesonde prysbeleid te handhaaf, word die produksie van n goeie gehalte tabak wat goed bewerk is aangemoedig, terwyl die produksie van swak bewerkte tabak met n swak gehalte ontmoedig word. Om die waardasie te bepaal, is daar dus baie faktore wat die waardeerder in aanmerking moet neem, waarvan die volgende van die belangrikste is, soos die tabak hom aan die waardeerder openbaar:

- i) kleur;
- ii) lengte en breedte van blad;
- iii) ander gehalte-eienskappe (olieagtigheid, tekstuur, ens.);
- iv) voggehalte;
- v) sortering;
- vi) algemene bewerking en
- vii) variëteite of tabaktipes.

GRADERING VAN TABAK IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.<sup>1)</sup>

Gradering van tabak geskied in Suid-Afrika kragtens Artikel 43 van die Bemarkingswet (Wet No. 26 van 1937 soos gewysig).

Ingevolge die magte wat deur hierdie artikel aan die Minister van Landbou verleen is deur middel van regulasies

1) C.D. Human: Bladman-waardeerderskursus. Rustenburg, Okt. 1957.

wat van tyd tot tyd by wyse van proklamasie in die Staatskoerant gepubliseer is, is graadbeskrywings gegee ten opsigte van alle tipes Virginiese tabak waarvolgens niemand enige graad tabak mag verkoop, tensy dit nie in een of ander van die grade soos gespesifiseer word in die betrokke proklamasie gegradeer kan word nie.

### BELANGRIKHEID VAN GRADERING.

In die nywerheiswêreld word die graad van 'n gefabriseerde artikel bepaal deur die hoeveelheid materiaal en arbeidskapitaal wat daaraan bestee word; net so word dit ook deur die handel en verbruiker vereis dat landbouprodukte se waarde bepaal word volgens die kwaliteitselemente wat die grootste in aanvraag is of wat die beste graad artikel deur fabrikasie kan lewer.

Dit is dus belangrik om die tabakblaar te gradeer volgens die kwaliteitselemente wat die meeste gesog is by die koper of fabrikant, veral met die oog daarop om te verseker dat die produsent die beste pryse vir sy tabak kry.

'n Grondige kennis van die produk se fabrikasiewaarde is van baie groot belang by die gradering daarvan. Dit is dus van die grootste belang dat die produsent en sy koöperasie ten minste saamwerk ten einde die gradering van tabak vanaf die plaas en by die koöperasie op die hoogste peil te handhaaf.

Benewens die noodsaaklikheid van sortering om 'n basis vir waardebepaling van tabak of enige ander produk te verkry, moet die gradering daarvan ook dien om die bruikbaarheid van tabak te vergemaklik. Alhoewel tabak op die uiterlike presies dieselfde eienskappe mag hê, verskil die kwaliteitselement, wat uiteindelik die inherente rookeienskappe bepaal, van tipe tot tipe en van blad tot blad.

In die praktyk is dit egter nie altyd moontlik om alle tabak se inherente eienskappe te meet ten einde presies te kan bepaal wat die onderskeie rookeienskappe daarvan is nie. Gevolglik moet by gradering gelet word op die uiterlike kwaliteitsfaktore wat tot die grootste mate die inherente eienskappe van die tabakblad verraaï.

In die volgende paragrafe sal in breë trekke alleen gewys word op die vernaamste faktore wat in aanmerking geneem moet word by tabakgradering, asook die fasiliteite benodig in 'n gradeerkamer.

#### STELSEL VAN GRADERING VOLGENS GROEPGRADE: 1)

Wanneer tabak in 'n betrokke land geproduseer word om in die eerste plek te voorsien in sy eie behoeftes, is dit nie nodig en as gevolg van ekonomiese oorwegings ook nie wenslik om tabak tot in die fynste besonderhede te gradeer nie. Gewoonlik hang die stelsel van gradering baie nou saam met die bemarkingstelsel wat toegepas word. Is die bemarkingstelsel 'n beheerde stelsel, waardeur kopers en fabrikante òf deur middel van wetgewing òf deur middel van onderlige ooreenkomste tussen produsente en fabrikante verplig word om die reeks van tabak wat geproduseer word te bewerk, dan word gewoonlik gebruik gemaak van 'n stelsel wat die groep-gradestelsel genoem word en wat in die Unie tans in gebruik is.

Die algemene beginsels van gradering waarvolgens die blare aan die plant verdeel en onderverdeel word tot 'n punt bereik is waar enige verdere onderverdeling nie meer nodig of verkieslik is nie, dien ook in die Unie as basis waarop die gradering plaasvind. By dié stelsel word nie tot dieselfde mate klem gelê op die groeps- en kwaliteitsfaktore

---

1) C.D. Human: Bladman-waardeerderskurses. Rustenburg, Okt. 1957.

soos byvoorbeeld in die stelsel in gebruik in die V.S.A. nie. Hier word meer klem gelê op die samevoeging van n verskeidenheid van kwaliteit binne dieselfde graad, op eenvormigheid van kleur en tot n groot mate op die lengte van blad.

FAKTORE WAARVOLGENS DIE VERSKILLENDE GRADE  
SAAMGESTEL WORD.

i) Tipe verdeling:

Hierby word daarop gelet of die tipe oonddroog, ligte lugdroog, „Burley" of donker lugdroog is.

ii) Kleurverdeling:

Elk van genoemde tipes van tabak word weer volgens kleure verdeel, behalwe in die geval van donker lugdroog-tabak, waar die kleur nie so n belangrike rol speel nie omdat die tipe tabak oorwegend eenvormig donkerbruin is.

iii) Lengte-verdeling:

Die lengte van die tabakblaar, sover dit die inherente rookeienskappe betref, kan as sodanig nie as basis vir die bepaling van n graad geneem word nie. Omdat die stelsel wat in gebruik is in die Unie nie voorsiening maak vir soveel grade waarin die verskillende elemente van kwaliteit wat aanwesig is by die verskillende lengtes van blare opgeneem kan word nie, word verskillende lengtes in dieselfde graad ~~saam~~gevat. In die geval van snuiftabak, donker lugdroog en „Burley"-tabak, speel die <sup>e</sup>lengte n groter rol by die bepaling van n graad. Waar lengtes dus wel n rol speel, word die volgende as basis geneem, naamlik:

- (a) lank,
- (b) middelslag,
- (c) kort.

iv) Kwaliteitsverdeling:

Die volgende maatstawwe van kwaliteit word ten opsigte van alle tipes Virginiese tabak gebruik, naamlik:

- a) goed,
- b) middelmatig,
- c) swak.

Elk van die voorgenoemde kwaliteite word gebaseer op n kombinasie van die volgende elemente, naamlik gladheid en sygtigheid van blad, olieagtigheid, rypheid, lywigheid, kleurskakering en uniformiteit.

Alhoewel die voorgenoemde onderverdeling, naamlik kleur, lengte en kwaliteit nie so streng geskied volgens die posisie van die blad aan die boom soos in die geval van die stelsel wat in gebruik is in die V.S.A. en Suid-Rhodesië nie, is die onderliggende gedagte tog dat, veral ten opsigte van die kwaliteit en lengte van die blare, volgens die posisie aan die plant gegradeer word, naamlik:

- a) onderblare,
- b) middelblare en
- c) topblare.

Uit die genoemde vier faktore, naamlik tipe, kleur, lengte en kwaliteit word die graad van tabak in die Unie bepaal.

Binne die perke van die graadspesifikasie word die toelaatbare kleure, lengtes en kwaliteite ten opsigte van elke standaard-graad gegradeer volgens graadbeskrywings soos geproklameer in die Staatskoerant. <sup>1)</sup>

#### FASILITEITE BENODIG VERAL BY KOÖPERASIES.

Met die oog daarop dat tabak in n hele aantal grade gegradeer word, is dit absoluut nodig dat die sorteerlokaal oor voldoende ruimte beskik ten einde al die sorteerfunksies glad te laat verloop. Die hoeveelheid tabak wat gedurende die seisoen hanteer word, is sekerlik die vernaamste faktor wat die grootte van die lokaal sal be-

---

1) Staatskoerant, No. 2996 van 6 Februarie 1942.

paal. Benewens die ruimte wat nodig is vir behoorlike gradeertafels en platforms waarop grade gepak word, moet daar genoeg ruimte beskikbaar wees vir elke werker om die tabak behoorlik te kan hanteer.

#### Gradeertafels:

Hier word hoofsaaklik gebruik gemaak van twee tipes van tafels, naamlik:

- i) gradeerbandtipe,
- ii) gewone houttafels op bokke.

Die eerste tipe tafel, bestaan uit n rubberband wat by die twee ente om n silinder draai. Die band is gewoonlik twee voet wyd. Aan die een kant van die band is daar in die lengte daarvan n houttafel van vier voet wyd gemonter.

Die tabak wat gegradeer word, word van die een ent van die band daarop gevoer, en die gradeerders wat agter die band staan of sit, neem net die betrokke grade waarvoor elkeen verantwoordelik is van die band af en sit dit op die houttafel reg voor die band. Die oorblywende tabak op die band word graad vir graad deur die res van die gradeerders laer af in die ry uitgehaal, behalwe in gevalle waar n spesifieke graadgroep oorwegend uit een graad bestaan, wat tot by die onderent van die tafel deurloop terwyl die minderheid grade deur die gradeerders onderweg uitgehaal word. Wanneer die band by die ent van die tafel draai, is daar geen tabak meer op nie. Die verskillende grade wat deur die gradeerders uitgehaal is en voor op die houttafel geplaas is, word deur nasieners nagegaan en dan op platforms gepak. Op die platforms word die tabak deur n tweede groep nasieners sowel as die gradeervoorman nagesien.

In die geval van die tweede tipe tafel, naamlik gewone

houttafels op bokke, wat ongeveer vier voet wyd is, is die metode van gradering feitlik dieselfde, behalwe dat die tabak by die gradeerder stil staan. Die metode is ook nie so doeltreffend nie, want die tabak moet na elke gradeerder gebring word.

Beide die voorgenoemde gradeertafels kan so lank wees as wat omstandighede dit mag vereis.

### Lig:

Beligting in 'n doeltreffende gradeerkamer is een van die belangrikste, miskien dié belangrikste vereiste by die oprigting en beplanning van 'n gradeerkamer. Navorsing in verband met die beligting van gradeerkamers geniet steeds die aandag van deskundiges op hierdie gebied. Tot dusver word die meeste gebruik gemaak van natuurlike beligting, d.w.s. beligting deur daglig uit die hemelruim. Onderbrekings in hierdie bron van lig deur bewolkte dae en die beperkte aantal ure per dag wat goeie egalige sonlig beskikbaar is, het egter daartoe gelei dat die wetenskap vandag sover gevorder het dat kunsmatige beligting van gradeerkamers reeds met sukses toegepas kan word.

Omdat daglig in intensiteit en kleur by sekere tye van die dag varieer, is natuurlike beligting ook nie dwarsdeur die dag dieselfde nie. Kunsmatige lig, daarenteen, is meer egalig maar alle tipes van kunsmatige lig is nie geskik vir die gradering van tabak nie.

### Vog:

Een van die belangrikste uiterlike eienskappe van tabak is dat dit maklik vog absorbeer, maar aan die ander kant verloor dit die opgeneemde vog weer net so maklik. Vir die hantering en bemarking is dit absoluut nodig dat tabak die regte voginhoud moet bevat. Is dit te droog, veroorsaak dit hanteringsprobleme en onnodige brekasie, en indien

te sag weer, moontlike skade deur verkleuring en vermuffing.

Van n gradeerder, maar veral van die gradeervoorman, word verwag dat hy n deeglike en afgeronde kennis sal hê van die produk waarmee hy werk. Hy moet vertrouwd wees met die verskillende soorte grade, sowel as met die offisiële graadbeskrywings. Verder moet sorg gedra word dat die grade streng volgens standaard gehandhaaf word. Tabak is n duur produk en slegs n paar bossies van n beter graad in n swakker graad beteken n aansienlike verlies vir die organisasie; aan die ander kant is swakker bossies in n beter graad n nadeel vir die klant van die organisasie.

Die gradeerafdeling moet gedurig in kontak bly met die Waardasie- en fermentasieafdelings vanwaar die tabak vir die gradeerafdeling afkomstig is, asook moet met die volgende afdeling, naamlik die hangafdeling, waar die tabak in gereedheid gebring word om na die drogings- en klammingspros te gaan (proctor-masjien), waarna die finale nasien van grade in werklikheid plaasvind.

#### Proctor-afdeling.

Nadat die bossies tabak in die hangafdeling oor stokke gehang is, word die stokke met tabak aan die voerkant van die proctor aan die proctor-kettings gehaak om dit stelsmatig deur die hitte-, koel- en aanklamkamer van die proctor-masjien te voer.

Ook in die finale proses, voordat die tabak gebaal word, word tegniese kennis vereis wat gepaard gaan met intense aandag, want n geringe fout, veral i.v.m. die voghoud van tabak, kan groot verliese meebring. Hier word die tabak dus in sodanig vir baaldoeleindes gereed gemaak dat dit nie weer in die baal sal sweet en/of muf nie en sodat dit die noodsaaklike verouderingsproses, sonder verlies van kleur of gehalte, in baalvorm kan ondergaan.

VERDERE VOORDELE VERKRY DEUR GEBRUIKMAKING VAN  
PROCTOR-MASJIE.<sup>1)</sup>

- i) Waar tabak by fermentasie moontlik effens gemuf of gestik het, kan sulke tabak met voordeel deur die proctor-masjien gestuur word.
- ii) Waar tabak groen is, kan dit ook met voordeel deur die proctor aangeklam word om dan weer in 'n mied vir verdere fermentasie verpak te word.
- iii) Die tabakkewer kan deur middel van hitte in die hittekamer van die proctor vernietig word.
- iv) Stof of ander vreemde materiaal wat miskien alreeds by die boer op die plaas tussen tabakblare gekom het, kan vernietig word.

BAAL EN VERSENDING VAN TABAK:

Die baal bevat die produk wat die Koöperasie bemark, en die indrukke wat die fabrikante van 'n koöperasie kry, word tot 'n groot mate gegrond op die netheid en voorkoms van bale.

Centabak en die Raad van Beheer bepaal die grote en gewig van die bale, en hier moet toegesien word dat die baling streng volgens die voorskrifte geskied. Alhoewel die goeie bewerking van tabak deurgaans ewe belangrik is, is daar veral vier stadia waar die kontrole so te sê perfek moet wees om die maksimum waarde vir die produk te verseker. Die stadia is:

- i) fermentasie,
- ii) gradering,
- iii) proctor-proses en
- iv) die finale uitweeg en fakturering van tabak.

Met die uitweeg van tabak moet seker gemaak word

---

1) G.F. Combrinck: Bladman-waardeerderskurses: Rustenburg, Okt. 1957.

dat die gewigte absoluut reg is, want selfs een lb. oorgewig per baal beteken  $\pm 0.4\%$  van die oes. Dit is dus belangrik dat:

- i) die tabak met die regte voginhoud verpak word,
- ii) dat gebruik gemaak sal word van n tipe skaal  
(Dial) sodat die gewig gelees en deur n tweede beampte gekontroleer kan word, en
- iii) die tabak netjies gepak en verpak sal word.

Met die baal en uitweeg van tabak is dit wenslik dat gebruik gemaak word van twee stelle boeke waarvan ten minste een stel uit los blaaie moet bestaan. Die een boek bly in besit van die proctor-afdeling waarin aangetoon word die graad, baalnommer en gewig van elke baal daagliks gemaak. Die tweede, die losblad-stel, toon aan die graad, die baalnommer en gewig, met twee ekstra kolomme vir gebruik deur die versendingsafdeling. Hierdie kolomme maak voorsiening vir die finale uitweeg en vir die naam van die fabrikant aan wie uitgeweeg word. Die versendingsafdeling kry aan die einde van elke dag die los velle, en dit is hul werk om te kontroleer en te sertifiseer dat die aantal bale wat aangetoon word wel deur hulle ontvang is.

Wanneer tabak later in die baal uitgeweeg word, vergemaklik en bespoedig dit die uitweeg waar die los velle gebruik word en dit alleen maar nodig is om die gewig te kontroleer en die naam van die fabrikant teenoor sy bale in te skryf. Met die fakturering later is al die bale van elke graad in numeriese orde, en dit weer vergemaklik die werk van die fabrikant wanneer hy tabak in ontvangs neem. (Dit is die hoof-oogmerke. Prosedures of aantekeninge word na gelang van vereistes aangepas.)

#### VERKOOPSOORENKOMS TUSSEN KOÖPERASIE EN FABRIKANTE (KOPERS.)

Die verkoopsvoorwaardes word vervat in die sogenoemde

modelkontrak wat verdeel is in:

- i) ooreekoms en
- ii) waarborg, waarvan die vernaamste bepalings vir die doel van die verhandeling as volg opgesom kan word:

i) OOREENKOMS:

(Fabrikant hierna genoem: Maatskappy).

- a) Die verskillende grade en hoeveelhede van tabak wat aan die maatskappy toegeken is deur die Vereniging, met die uitdruklike verstandhouding dat die Vereniging homself nie op enige wyse hoegenaamd bind om die onderskeie hoeveelhede te lewer nie, aangesien die gemelde hoeveelhede alleenlik gebaseer is op beraming van die verwagte oes plus voorraad voorhande. (Hier kan dus geen repudiëring wees as die hoeveelheid nie gelewer kan word nie).
- b) Enige van die gemelde tabak wat bedoel is om enige aangeduide graad te verteenwoordig, moet so na as moontlik aan die algemene gemiddelde kwaliteit van tabak, soortgelyk aan daardie graad ten tyde van fakturering, wees.
- c) Indien anders ooreengekom, sal tabak vir ongeveer drie weke in bale gehou word voordat dit uitgeweeg en gefaktureer word.
- d) Die Maatskappy mag skriftelik aansoek doen om verteenwoordig te wees by die uitweeg van tabak wat gefaktureer word, en ongeveer 10% van elke hoeveelheid tabak wat so uitgeweeg en gefaktureer is, mag in die Vereniging se pakhuise ondersoek word. Bly die Maatskappy in gebreke om dit te doen, sal aanvaar word dat by fakturering die transaksie finaal is en afsluit. Is daar 'n verskil tussen die parate voor of ten tyde van die uitweeg oor gewig en/of kwaliteit, word dit deur arbitrasie besleg.
- e) Tabak sal van tyd tot tyd soos beskikbaar deur die

Vereniging uitgeweeg, gefaktureer en versend word.

f) Alle verpakkings- en baalmateriaal bly die eiendom van die Vereniging en moet binne 'n redelike tyd teruggestuur word, anders word die Maatskappy met die kosprys daarvan gedebiteer.

g) Betaling van die koopprys van elke hoeveelheid tabak wat uitgeweeg en gefaktureer is deur die Vereniging aan die Maatskappy, sal van tyd tot tyd geskied in kontant binne dertig (30) dae gereken vanaf faktuurdatum. Bankwissels vir nie langer nie as 90 dae kan gereël word vir vereffening, plus rente vir 60 dae, en alle bankkoste moet deur die Maatskappy betaal word.

h) Die Vereniging onderneem om alle tabak wat in sy pakhuis is te verseker teen brandskade, tot tyd en wyl dit aan die Maatskappy gefaktureer is en die faktuur deur die Maatskappy ontvang is, waarna die risiko op die Maatskappy oorgaan wat dan verplig is om die tabak te verseker terwyl dit nog in die pakhuis van die Vereniging is. Maatskappye dra ook alle risiko van versending.

i) Indien bergingsruimte in die pakhuis van die Vereniging beskikbaar is en die Maatskappy verlang dat sy tabak deur die Vereniging geberg moet word, mag bergingsruimte verskaf word teen 'n bedrag van 4d. per baal per maand vanaf faktuurdatum. Die Vereniging sal geensins verantwoordelik of aanspreeklik wees vir enige skade of verlies aan tabak of houters terwyl dit geberg word vir die Maatskappy nie.

j) Die eiendomsreg sal nie tot die Maatskappy oorgaan nie tot sodanige tydstip wanneer die hele koopprys van die genoemde tabak ten volle betaal is. Indien die Maatskappy begeer dat enige tabak aan hom versend moet word voor sodanige betaling, sal die Maatskappy, indien die Vereniging dit vereis, 'n bankwaarborg vir die verskuldigde bedrag gee.

k) Die Vereniging sal op sy koste en uitgawe die volle

uitvoerkwota op tabak wat beheer is uitvoer. Die tabak gekoop deur Maatskappye, word dus beskou as kwota- en heffingsvry.

ii) WAARBORG:

Hier sal alleen die eerste paragraaf van Waarborg woordeliks gesiteer word, want n opsomming sal nie reg daaraan laat geskied nie:

„Ons, die ondergetekendes, .....  
 Direkteure en/of Aandeelhouders in .....  
 in ons persoonlike en individuele hoedanighede, waarborg en bind onself hiermee, gesamentlik en afsonderlik en in solidum, aan die ..... (hierna genoem „die gemelde Vereniging“) as borge en medeprinsipale skuldenare, vir die betaling, op aanvraag van alle en iedere som of somme geld wat die genoemde ..... (hierna genoem „die gemelde skuldenaar“) nou of van tyd tot tyd hierna mag skuld of verskuldig mag wees, of verskuldig mag word aan die gemelde Vereniging sy opvolgers of regverkrygendes, vir of ten opsigte van, of in verband met, of ontstaande uit die aankoop van tabak deur die skuldenaar van die gemelde Vereniging; ditsy of sodanige skuld ontstaan uit die aankoop van tabak alreeds of nog te word gefaktureer of gelewer aan die gemelde skuldenaar, of op sy versoek aan sy gemagtigde of derde party, of uit alle of enige skuldbewyse, wissels of ander likwiede dokumente, alreeds of hierna te word gemaak, geaksepteer of geëndosseer, of ten gevolge van enige onderneming, verbintenis of verpligting deur of van die gemelde skuldenaar aan die gemelde Vereniging, sy gemagtigde of regverkrygendes, uit enige skuld-oorsaak hoegenaamd, of van skade wat die gemelde Vereniging te enige tyd mag ly as gevolg van die nie-vervulling of nienakoming van enige van die bepalinge van enige koop of kon-

trak of ooreenkoms vir die aankoop van tabak of andersins; of enige erkennings en/of bekentenisse deur die reëlings met die gemelde skuldenaar in verband met enige van die voorafgaande of enigiets ontstaande daaruit; insluitende in alle gevalle enige en alle rente, afslag, bankkoste, kommissie, wisselkoste, seëls en alle noodsaaklike of gewone koste en uitgawes; met die voorbehoud dat ons aanspreeklikheid beperk sal wees tot enige skuld van die gemelde skuldenaar aan die gemelde Vereniging, wat sal of mag aangegaan word voor die eerste dag van April, eersvolgende; of die skuldoorsaak waarvan ontstaan het of mag ontstaan voor daardie datum."

By alle transaksies wat die Vereniging aangaan, of dit met sy lede, amptenare, kopers van die produk of watter ander geval dit ook mag wees, word absoluut seker gemaak dat die Vereniging geen verliese sal ly as gevolg van slegte skulde nie. Reeds vir 'n paar dekades het die Vereniging nog geen bedrag as slegte skulde afgeskryf nie. Daarom dat die reserwe vir slegte skulde dan ook minimale bedrag van £1263 verteenwoordig, en as dit vergelyk word met 'n gemiddelde omset van oor £3.5-miljoen jaarliks, is dit feitlik geen voorsiening nie.

#### SAMEVATTING EN SLOTOPMERKINGS:

Deurgaans is in die voorafgaande gewys op die sukses wat die M.K.T.V. behaal het, nieteenstaande die probleme waarteen dit te kampe gehad het, en op die taktvolle wyse waarop die probleme te bowe gekom is. Die vraag kom onwillekeurig op: waaraan het die M.K.T.V. sy suksesse te danke? Die verklarings vir dié sukses kan kortliks as volg weergegee word:

1) KOÖPERATIEWE BEGINSELS EN DIE HAND-  
HAWING DAARVAN.

Die M.K.T.V. is gestig weens nood aan die begin van die 20ste eeu deur die tabakplanters van die Rustenburgse distrik, onder leiding van mnr. Ottermann, om deur gesamentlike optrede te poog om hulle tabak deur een kanaal, hulle koöperasie, te bemark en fasiliteite in te stel tot hulle wedersydse voordeel.

2) BEMARKING DEUR EEN KANAAL.

Voordat Verpligte Koöperasie onder die Koöperatiewe Wet in 1925/26 ingestel is, het dit met Tabakkoöperasies baie moeilik gegaan, omdat daar geen beheer oor die bemarking van die produk was nie. Fabrikante en Kopers wat na hulle eie geldelike voordeel en nie na dié van die koöperasie en sy lede gekyk het nie, kon steeds weë en middele vind om selfs lede van die Koöperasie ontrou teenoor die koöperasie te maak, afgesien nog van nie-lede wat beweeg kon word om hulle tabak deur ander kanale en nie deur die koöperasie nie te bemark.

Bemarking deur een kanaal is deur die instelling van die Bemarkingswet van 1937 verder verstewig, sodat dit vandag feitlik 100% onder beheer is. Koöperasies is die enigste agente van die Tabakraad, en elke tabakkoöperasie bedien 'n spesifieke gebied, sodat daar geen oorvleueling bestaan nie wat die ontvang en bemarking van die planters se produk betref. Dan is daar nog die Sentrale Tabak Koöperasie van Suid-Afrika, Beperk, wat die tabakkoöperasies saamsnoer en algemene beleid koördineer.

3. TABAKPRYSE.

Met die bemarking deur een kanaal en met die gekoördineerde optrede van die verskillende tabakkoöperasies, kan

die pryse van tabak vir die boer so bestendig gehou word as wat die vraag en aanbod met die steun van die bemarkingswet dit toelaat. Met die gekoördineerde optrede kan ook veel gedoen word om vroegtydig leiding aan produsente te gee wat betref die land se behoeftes wat by produksie in aanmerking geneem moet word.

Die tabakpryse in die Unie vergelyk baie gunstig met die pryse in die Verenigde State en Suid-Rhodesië, wat ook gepaard gaan met 'n stabiliteit wat nouliks oortref kan word.

#### 4. FINANSIËLE ONAFHANKLIKHEID.

Die tabakkoöperasie het ongetwyfel veel bygedra tot die getroue ondersteuning van sy lede, want die finansiële stabiliteit van die M.K.T.V. bring onteenseglike voordele vir lede mee. Die Vereniging is nie van enige ander finansiële instellings afhanklik vir voorskotte, bedryfsuitgawes, vaste kapitale beleggings in geboue ens. nie. Daar is geen rente op oeslenings wat betaal moet word nie; trouens, die beskikbare fondse verskaf aan lede 'n verdere indirekte inkomste uit rente-verdienste, huurgelde ontvang en bergingsgelde van kopers wanneer hulle tabak deur die Vereniging geberg word.

#### 5. KREDIETVERSKAFFING.

Dit is die beleid van die M.K.T.V. om geen krediet aan lede te verskaf nie behalwe lenings op agterskotte. Enige diens wat die Vereniging dus lewer in die vorm van die verskaffing van landbou-benodigdhede ens., kan aan lede teen die mees voordelige pryse geskied. Die lede weet dat die Vereniging geen krediet verskaf nie en aanvaar dit so as beleid. Daar bestaan dus geen wrywing tussen die lid en sy koöperasie nie, omdat krediet aan hom nie geweier hoef

te word nie, ook nie onenigheid nie, omdat daar nie gediskrimineer hoef te word nie en die lid nie vir uitstaande skulde opgeskroef hoef te word nie. Omdat dit aan finansieringsinstellings bekend is dat die Vereniging nie sy lede se oeste as gevolg van kredietverskaffing of skulde in pand hou nie, beïnvloed dit die kredietwaardigheid van die lid veral by handelsbanke ten goede, en dit alles lei tot die voorkoming van onnodige wrywing tussen die koöperasie en sy lede.

Versekerde kredietverskaffing kan 'n diens wees, maar willekeurige krediet is gewis 'n ondiens

#### 6. RESERWES OF LEDEBELANGEFONDS:

Die Algemene reserwefonds, wat ook die Ledebelangefonds genoem word, is 'n sterk bindende faktor tussen die lede en die Vereniging.

Vanaf die vroegste jare het die lid daaraan gewoon geraak en dit so aanvaar dat jaarliks 'n sekere bedrag van sy oes na die Ledebelangefonds en Reserwefonds gaan en dat hy volgens sy leweransies 'n pro-rata bydrae daartoe maak. Die lid weet dat sy koöperasie se sake daarmee gefinansier word en verder dat sy bydrae eintlik, wanneer dit aan hom uitbetaal word, 'n assuransië vir uiterste siekte, gevalle van dood of vir die oudag is. Die lid is bewus daarvan dat as hy sy produk nie op sy eie naam by die M.K.T.V. lewer nie, hy sy bydrae tot die Ledebelangefonds op sulke lewerings verloor. Die uitbetaling van 'n lid se aandeel uit die fonds, wanneer hy daarvoor kwalifiseer, dien as groot reklame vir die vereniging weens sy dienste en weldaad aan so 'n lid, sy weduwee of erfgename bewys.

Die suksesse van die M.K.T.V. hang dus, saaklik gestel,

af van die handhawing van die volgende beginsels:

- a) Algehele beheer en bemarking deur een kanaal.
- b) Gesamentlike optrede deur alle tabakkoöperasies deur een sentrale liggaam.
- c) Uitskakeling van oorvleueling tussen tabakkoöperasies.
- d) Finansiële krag van die Vereniging deur fondse wat die lede self ingestel het.
- e) Kontantsake met lede, wat onnodige wrywing tussen lede en die Vereniging uitskakel en lede se kredietwaardigheid by finansiëringsinstellings versterk.
- f) Opbouing van 'n Ledebelangefonds wat 'n bykomende sekuriteit vir lede meebring.
- g) Getroue ondersteuning van lede tot hulle eie voordeel.
- h) Gesonde beleid wat die Raad van Direkteure handhaaf
- i) Uitsers bekwame amptenare wat die doelstellings van die Vereniging ten uitvoer bring. Hulle vorm 'n koöperasie binne 'n Koöperasie - diens vir diens.

---oooOooo---

BYLA ES T A T U U T

VAN

DIE MAGALIESBERGSE KOOPERATIEWETABAKPLANTERSVERENIGING.

(Geregistreer Kragtens Wet No. 29 van 1939)

---oooOooo---

DOELSTELLINGS.

3. Die doelstellings van die vereniging is:-

- (a) om die tabakoes van sy lede op die voordeligste wyse van die hand te sit;
- (b) om die tabak van sy lede te verwerk of bewerk en om die aldus verwerkte of gedeeltelik verwerkte tabak op die voordeligste wyse van die hand te sit;
- (c) om landbougereedskap en -masjinerie, saad, misstowwe en ander boerderybenodigdhede ten behoeve van sy lede aan te koop of op ander wyse te verkry en aan hulle te verskaf;
- (d) om ten behoeve van sy lede landbougereedskap of masjinerie aan te koop of op ander wyse te verkry of te huur, en te gebruik;
- (e) om volgens n koöperatiewe stelsel winkels te verkry, te open en aan te hou om tabak, of tabakprodukte, van die hand te sit en te lewer;
- (f) om roerende en onroerende eiendom te verkry deur aankoop of op ander wyse, en te huur, ten einde die doelstellings van die vereniging te kan bereik, en om sodanige eiendom as wat nie meer gebruik kan word of nodig is vir die doelstellings van die vereniging nie van die hand te sit of te verhuur;
- (g) om geld op lening op te neem vir enigeen van die wettige doeleindes van die vereniging en te dien einde die roerende en onroerende eiendom van die vereniging te verhipotekeer;
- (h) om versekering van oeste, produkte en landbougereedskap en -masjinerie volgens n koöperatiewe stelsel te onderneem en voort te sit, of om as agent van sy lede ten opsigte van sodanige versekering op te tree;
- (i) om aan sy lede geld voor te skiet op tabak wat deur hulle aan die vereniging afgelewer is;
- (j) om enige fondse of geld van die vereniging wat

nie onmiddellik vir die sake van die vereniging benodig is nie, namens die vereniging uit te leen, te belê, of op rente uit te sit op sodanige wyse as wat van tyd tot tyd deur die raad van direkteure bepaal mag word;

- (k) om bekwame persone aan te stel om sy doelstellings uit te voer en sy lede te onderrig en met advies te dien aangaande tabak-boerdery;
- (l) om inligting in te win en te versprei aangaande die beste manier om op voordelige wyse met tabak te boer;
- (m) om inligting aangaande die wêreldmarkte en aangaande koöperasie in die algemeen in te win en te versprei;
- (n) om deur aankoop of op ander wyse aandele te verworf in enige sentrale of federale koöperatiewe landboumaatskappy of sentrale of federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy of in n ander koöperatiewe landboumaatskappy met beperkte aanspreeklikheid of n spesiale koöperatiewe boeremaatskappy met beperkte aanspreeklikheid, geregistreer ingevolge die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939, of met verlof van die Minister van Landbou in n koöperatiewe handelsvereniging of sentrale of federale koöperatiewe handelsmaatskappy;
- (o) om met verlof van die Minister van Landbou verkry ooreenkomstig sub-artikel (2) van artikel ses van die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939:-
  - (i) voorsiening te maak vir beskerming van tabakoeste van persone wat nie lede van die vereniging is nie teen skade veroorsaak deur hael;
  - (ii) onderhewig aan die bepalinge van sub-artikel (2) van artikel nege van Wet No. 19 van 1932, n ooreenkoms aan te gaan met enige tabakhandelaar wie ooreenkomstig sub-artikel (1) van artikel nege van voorgenoemde wet verplig is om n bepaalde gewig van n bepaalde soort tabak uit te voer, ten einde sodanige tabakhandelaar van die verpligting te bevry deur sodanige tabak namens sodanige tabakhandelaar uit te voer; en
  - (iii) namens en ten behoeve van n beherende raad wat n skema volgens die Bemerkingswet, 1937, of n wysiging daarvan, uitvoer, te handel met tabak, of dit te hanteer, op te berg of te behandel, en algemeen namens of ten behoeve van so n raad op te tree;
- (p) om alle ander dinge te doen wat volgens cordeel van die Minister van Landbou aan die verwesening van bovermelde doelstellings verbonde is of daartoe sal bydra;
- (q) om met verlof van die Minister van Landbou verkry ooreenkomstig die laaste voorafgaande para-

graaf, aan te sluit by die distrik boere- en Landbou-Unies.

KAPITAAL.

Art. 4. Die vereniging hoef geen vaste kapitaal te hê nie, en die fondse nodig vir die verrigting van die werksaamhede van die vereniging word verkry-

(a) uit lenings aangegaan deur die vereniging;

(b) op enige ander wyse;  
en sluit die reserwefondse en die ledebelangefonds in.

LIDMAATSKAP.

(a) Toetreding.

Art. 5. Bona fide boere kan lede word op aansoek by die raad van direkteure, wat die reg het om applikante vir lidmaatskap op grondslag van hierdie statute aan te neem of om lidmaatskap te weier sonder om redes op te gee.

Art. 6. Elke persoon wat lid wil word, moet die aansoekvorm wat vir daardie doel verskaf word, in duplikaat onderteken en dit aan die raad van direkteure stuur, wat binne drie maande op 'n behoorlik saamgestelde raadsvergadering moet besluit of lidmaatskap sal toegestaan word al dan nie en moet toesien dat die applikant binne 'n redelike tyd skriftelik in kennis gestel word van die besluit.

Art. 7. Elke lid word deur sy handtekening op die aansoekvorm vir lidmaatskap gebind aan die bestaande statuut en byvoeging tot of wysiging van die statuut, wat van tyd tot tyd wettiglik gemaak mag word.

Art. 8. Elke lid betaal een pond (£1) toetredingsgeld, 'n bedrag wat op enige jaarlikse algemene vergadering verander mag word. Hierdie toetredingsgeld word by die reserwefonds van die vereniging gevoeg. Elke lid moet ook vir 'n tydperk van agt jaar, in sulke jare as wat hy genoegsame tabak aflewer, jaarliks die som van vyftien sjielings tot die boufonds van die vereniging bydra. Sodanige bydrae tot die boufonds word by die afsterwe van die betrokke lid so gou as moontlik nadat bewys van dood, tot bevrediging van die vereniging, gelewer is, aan sy weduwee; en ingeval die oorledene geen weduwee nalaat nie, aan die bevoordeelde uit die boedel sonder rente uitbetaal.

Art. 9. Die weduwee van 'n gestorwe lid, of 'n bevoordeelde uit die boedel van 'n gestorwe lid ingeval die oorledene geen weduwee nalaat nie, kan onder goedkeuring van die raad van direkteure, toegelaat word as lid in die plek van die oorledene en kan, as sodanige voordeeltrekkende persoon, binne twee maande na die oorledene se dood, die regte en verpligtings van laasgenoemde in die vereniging oorneem.

As nóg die weduwee nóg enige bevoordeelde sodanige regte en verpligtings oorneem, betaal die ver-

eniging die volle belange van die oorledene in die Ledebelangefonds asook n bedrag deur die raad van direkteure te word bepaal maar wat in geen geval 50 persent van die belange van die oorledene in die reserwefonds (uitgesluit enige spesiale reserwes) van die vereniging aan die end van die boekjaar waarin hy oorlede is, mag oortref nie;-

- (a) Aan enige persoon wat deur die oorlede lid voor sy dood skriftelik aan die vereniging aangedui is of, indien daar geen sodanige skriftelike instruksie van die oorlede lid bestaan nie,
- (b) aan die weduwee van die oorlede lid of, ingeval die oorledene geen weduwee nalaat nie,
- (c) aan die bevoordeelde of bevoordeeldes uit sy boedel.

Enige sodanige bedrag onder hierdie klousule beskikbaar vir oorname of uitbetaling is in elk geval onderheilig aan aftrek van enige bedrag wat alreeds ingevolge klousule 65 uitbetaal is. Die belange van n oorlede lid in die vereniging in hierdie klousule gemeld, vorm nie deel van die oorledene se boedel nie en enige uitbetaling daarvan geskied volgens die bepalinge van hierdie regulasies.

n Lid se belang in die reserwefonds verteenwoordig slegs sy bydraes daartoe gemaak ingevolge die bepalinge van klousule 63(c) van hierdie statuut, in verhouding met dergelike bydraes van ander lede en sluit nie die bydraes van nie-lede van die vereniging in nie. Die bydraes van nie-lede bly in die reserwefonds en word nie gedurende die bestaan van die vereniging verdeel nie.

(b) Bedanking en uitsetting.

Art. 10. n Lid kan slegs aan die end van die boekjaar bedank, en dan slegs as hy ses maande van tevore die vereniging skriftelik kennis gegee het van sy voorneme om te bedank. So n kennisgewing word op die agenda geplaas en in die notule van die eerste vergadering van die raad van direkteure, nadat dit deur die vereniging ontvang is, genoteer; en so spoedig daarna as moontlik word die lid deur die vereniging skriftelik in kennis gestel dat die kennisgewing aldus genoteer is. n Lid is nie geoorloof om n kennisgewing van sy voorneme om te bedank terug te trek sonder skriftelike toestemming van die raad van direkteure nie.

Art. 11. n Lid kan aan die end van n boekjaar uit die vereniging uitgesit word as daartoe vroeër besluit is deur nie minder nie as twee-derdes van die lede teenwoordig op n algemene vergadering, spesiaal vir daardie doel byeengeroep: Met dien verstande dat n lid nie uitgesit mag word nie tensy-

- (a) so n lid n vergadering van krediteure byeenroep of n skikking met sy krediteure tref;
- (b) so n lid insolvent verklaar word of te eniger tyd versuim om sy ware en wettige skulde te betaal, of ingeval deur n geregshof n bevel vir die betaling van n som geld, teen hom uitgereik word;

- (c) so n lid versuim om sy verpligtings teenoor die vereniging, hetsy deur hierdie statuut voorgeskryf, hetsy ten aansien van n kontrak, na te kom.

Art. 12.. Die lidmaatskap van n lid wat oorlede is, word geag beëindig te wees aan die end van die boekjaar waarin hy oorlede is.

Art. 13. As n lid insolvent word, word sy lidmaatskap nie sonder meer deur sodanige insolvensie beëindig nie.

Art. 14. Ingeval n lid bedank omdat hy sy boerdery opgee het, kan hy, met goedkeuring van die raad van direkteure sy belang in die Ledebelegingsfonds wat ingevolge klousule 65 opgebou is en sy reg op al die bates van die vereniging skriftelik oormake aan n jonger lid van sy familie wat binne twee maande daarna moet toestem om lid van die vereniging te word: Met dien verstande dat die reg aldus verkry, onderworpe is aan al die voorwaardes van lidmaatskap: Met dien verstande verder dat so n goedkeuring van die direkteure verkry word by besluit van die raad aangeneem binne drie maande na die datum waarop so n bedanking van krag word.

Art. 15. Behoudens die bepalinge van klousule 14, het lede wat bedank het of uitgesit is, geen reg op hul belange in die Ledebelegingsfonds of op enige ander eiendom van die vereniging nie.

Art. 25. Die raad van direkteure tree op namens die vereniging en oefen binne die beperkings van hierdie statuut sy magte uit asof daartoe besluit is op n algemene vergadering.

Art. 26. Die raad van direkteure gee verslag en rekenskap van al sy transaksies aan elke algemene vergadering, wanneer hy gevra word sulks te doen.

Art. 27. Die direkteure vergader so dikwels as wat nodig is.

Art. 28. n Direkteur mag vir sy dienste aan die vereniging n betaling ontvang wat kan bestaan uit-

(a) soos deur die raad bepaal,

(i) n vasgestelde bedrag per raadsvergadering bygewoon, maar nie te bogaande tweemaal meer as die bedrag toegelaat per dag vir verblyfkoste;

(ii) n toelaag per dag vir verblyfkoste;

(iii) n toelaag tot dekking van reiskoste;

(iv) n betaling en/of toelaag ten opsigte van enige spesiale dienste deur hom met gesag van die raad gelewer.

(b) n honorarium, soos besluit deur lede op die jaarlikse algemene vergadering.

Art. 29. Die raad van direkteure stel n toereikende personeel aan om die sake van die vereniging te verrig,

stel hul salarisse vas en bepaal hul pligte. Die raad van direkteure het ook die reg om werknemers te skors en te ontslaan.

Art. 30. Die raad van direkteure sorg dat elke lid van die personeel, wat in die diens van die vereniging n verantwoordelike pos beklee, voldoende borg stel.

Art. 33. Die raad van direkteure sorg vir versekering teen verlies of skade aan, of aanspreeklikheid van die vereniging weens brand, ongeluk, gevare van die see, of andersins en maak ook voorsiening vir sulke versekering ten aansien van die produkte van lede en ander goedere terwyl dit onder die sorg en beheer van die vereniging is.

Art. 34. Die raad van direkteure sorg dat die notule van die verrigtings van al die algemene vergaderings en van elke vergadering van die raad van direkteure in afsonderlike vir daardie doel gehoue boeke, aangeteken word op so n manier dat dit behoorlik gerangskikte besonderhede bevat van die sake op elke vergadering behandel. Die notule van die verrigtings van elke raadsvergadering, jaarlikse algemene of spesiale algemene vergadering word op die eersvolgende raadsvergadering, jaarlikse algemene of spesiale algemene vergadering (soos die geval mag wees) voorgelê, en, indien dit op daardie vergadering goedgekeur word, word dit deur die handtekening van die voorsitter daarvan bekragtig.

Art. 35(d) n Lid die boetes deur die statuut voorgeskryf, op te lê. Aldus opgelegde boetes word in die reserwefonds gestort. Geld (nie voorskotte nie) wat aan n lid verskuldig is vir produkte deur hom aan die vereniging afgelewer, kan aangewend word vir betaling van die boetes hom deur die vereniging opgelê: Met dien verstande dat wanneer die raad van direkteure besluit het om n lid n boete op te lê, die raad hom n skriftelike kennisgewing moet stuur van sy voorneme en die redes daarvoor, en in die kennisgewing moet vermeld word dat hy, op n datum, tyd en plek daarin bepaal, persoonlik voor die raad kan verskyn met of sonder getuies, of aan die raad kan instuur n skriftelike verklaring, deur homself en ander persone onderteken, waarin sy redes teen die oplegging van die boete aan-gegee word. Die oplegging van die boete word uit-gestel tot dat die datum en tyd in die kennisgewing bepaal verloop is; en

(e) hul magte oor te dra aan komitees, wat bestaan uit soveel direkteure as wat die raad mag aanstel. n Aldus gevormde komitee moet hom by die uitoefening van die aldus oorgedrae magte hou aan die reëls wat die raad hom mag voorskryf.

#### ONBEVOEGDHEID VAN DIREKTEURE.

Art. 36. n Direkteur tree af-

- (a) as hy insolvent verklaar word, of n skikking tref met sy krediteure; of
- (b) as hy kranksinnig word of skuldig gevind word aan n oortreding en veroordeel word tot tronkstraf sonder die keuse van boete; of

- (c) as hy afwesig bly van vier agtereenvolgende vergaderings van die raad sonder verlof van die raad (en sodanige verlof mag nie toegestaan word vir 'n tydperk lopende oor meer as ses agtereenvolgende gewone vergaderings nie tensy hy afwesig is op sake van die vereniging); of
- (d) as hy as lid van die vereniging bedank of op wettige wyse as lid uitgesit word, of op enige ander wyse ophou om lid van die vereniging te wees; of
- (e) as hy 'n maand vooruit aan die raad skriftelik kennis gee van sy voorneme om sy amp neer te lê en as sy bedanking deur die Raad aangeneem word.

BEVOEGDHEID OM LENINGS TE SLUIT.

Art. 37. Die raad van direkteure mag geen lening aangevat die vereniging 'n verpligting van meer as £100 (een honderd pond) op lê nie, tensy daardie lening goedgekeur is deur minstens twee-derdes van die lede teenwoordig op 'n algemene vergadering spesiaal vir daardie doel byeengeroep en waarvan behoorlik kennis gegee is met volledige besonderhede van die voorgestelde lening.

ALGEMENE VERGADERINGS.

Art. 38. 'n Jaarlikse algemene vergadering van lede word binne vier maande na die end van die boekjaar gehou met die doel om-

- (a) die balansstaat, wins- en verliesrekening en die ouditeurs-verslag voor te lees en te oorweeg;
- (b) 'n algemene rapport van die direkteure te oorweeg;
- (c) direkteure en 'n ouditeur te kies; en
- (d) algemene onderwerpe, met inbegrip van klagtes wat lede mag inbring, te behandel.

OUDITERING.

Art. 51. Ouditeurs word aangestel, hul pligte gereël en hul beloning bepaal ooreenkomstig die bepalings van artikel drie-en-veertig van die Wet op Koöperatiewe Vereniging, 1939, of die wysigings daarvan wat alsdan van krag mag wees.

Art. 52. 'n Afskrif van die Balansstaat en wins- en verliesrekening, behoorlik deur die ouditeur en 'n meerderheid van die direkteure onderteken, met die verslag van die ouditeur daarby, moet op die kantoor van die vereniging ter insage lê vir die lede minstens veertien dae voor die datum vasgestel vir die jaarlikse algemene vergadering, en 'n afskrif daarvan word aan die Registrateur gestuur sodra die tydperk van insage 'n aanvang neem. Sodanige balansstaat, wins- en verliesrekening en ouditeurs verslag word ook op die jaarlikse algemene vergadering voorgelees, tensy die vergadering anders besluit.

Die direkteure stel van tyd tot tyd vas of en in

hoever en op welke tyd en plekke en op watter voorwaardes of volgens watter reëls die rekeinge en boeke van die vereniging of sommige daarvan ter insage van lede wat geen direkteure is nie beskikbaar sal wees, en n. lid, wat geen direkteur is nie, het nie die reg om van rekeninge, boeke of dokumente van die vereniging insage te verlang nie, tensy hom daardie reg by die wet verleen is of hy daartoe van die direkteure of van die vereniging op n algemene vergadering magtiging ontvang.

#### LEWERING VAN TABAK.

- Art. 53. Elke lid is verplig om sy gehele tabakoes in die vorm van blaartabak deur bemiddeling van die vereniging te verkoop, met uitsondering van wat hy vir eie verbruik nodig het.
- Art. 54. Elke lid betaal aan die reserwefondse van die vereniging n boete van ses pennies vir elke pond (gewig) tabak wat hy versuim om af te lewer ooreenkomstig die hieraan voorafgaande regulasie, en bly ook aanspreeklik vir alle verdere verlies of skade deur die vereniging gely weens sy versuim om te lewer.
- Art. 55. Alle tabak word ontvang, bewerk, gegradeer en van die hand gesit op voorwaardes soos deur die raad van direkteure bepaal. Die raad van direkteure het ook die reg om te weier om enige tabak te ontvang wat hy vir die doeleindes van die vereniging van minderwaardige kwaliteit, bewerking of toestand beskou, of sodanige tabak mag op risiko en onkoste van die eienaar van die hand gesit word.
- Art. 56. Elke lid moet op versoek, aan die voormanne of ander verteenwoordigers van die raad volle besonderhede van sy verwagte tabakoes verskaf, of wanneer daartoe versoek deur die raad van direkteure, die vereniging na afloop van planttyd skriftelik in kennis stel van die eventuele gewig van sy verwagte tabakoes.
- Art. 57. n Lid wat versuim om aan die bepalings van die voorafgaande regulasie te voldoen, is onderhewig aan betaling van n boete van £5 wat by die reserwefonds gevoeg word.
- Art. 58. Ingeval van enige dispuut oor afgelewerde tabak, hetsy in verband met die waardasieprys, gewig, ontvangs of enigiets anders, is die beslissing van die raad van direkteure, of sy behoorlik aangestelde verteenwoordiger of verteenwoordigers, finaal en bindend vir alle partye.
- Art. 59. Die raad van direkteure kan na goeddunke die tydperk of tydperke vasstel gedurende welke die vereniging enige van die verskillende klasse tabak wat ooreenkomstig klousule 62 geklassifiseer word, in ontvangs sal neem, en elke lid moet met so min moontlik versuim nadat hy geoes het, maar binne die tydperk of tydperke aldus vasgestel, sy tabak by die naaste pakhuis van die vereniging aflewer.

Art. 60. Geen voorskot word aan lede betaal alvorens die tabak werklik in een van die pakhuise van die vereniging afgelewer en deur die raad van direkteure se gevolmagtigde verteenwoordigers gewaardeer en in ontvangs geneem is nie, en die raad van direkteure kan verder na goeëdunke die tydperk of tydperke vasstel gedurende welke voorskotte op enige van die verskillende klasse tabak wat ooreenkomstig klousule 62 geklassifiseer word, deur die vereniging ooreenkomstig klousule 61 uitbetaal sal word.

#### BETALING AAN LEDE.

Art. 61. Lede kan 'n voorskot ontvang van hoogstens 75 persent van die geskatte waarde van die tabak deur hulle aan die vereniging afgelewer, watter waarde bepaal word deur die persoon of persone daartoe aangestel deur die raad van direkteure.

#### Gewysig 1957.

Art. 62. „Alle tabak gedurende elke boekjaar aan die vereniging ooreenkomstig klousule 53 afgelewer, word deur die vereniging gedurende sodanige boekjaar in klasse soos deur die raad besluit in ontvangs geneem en gerangskik. Aflewering geskied in blaarvorm, en in bossies of hande gebind, behalwe waar die raad van direkteure anders bepaal, en word sodanig afsonderlik gehou, bewerk en van die hand gesit. Vir die opbrengs van elke klas tabak word afsonderlik met lede afgerek.

Die beslissing van die raad van direkteure of van sy gevolmagtigde verteenwoordigers met betrekking tot die plasing van tabak in enige besondere klas is final.

Art. 63. Van die opbrengs van tabak, uit elke klas verkoop, word jaarliks met lede op die volgende wyse afgerek:-

- (1) Van die totale bedrag ontvang vir elke klas tabak gedurende die boekjaar verkoop, word aan die end van sodanige jaar in verband met sodanige afsonderlike klas tabak, aan die vereniging gedurende sodanige jaar gelewer, afgetrek-
  - (a) die bedrag van die voorskotte aan lede ooreenkomstig klousule 61 gemaak;
  - (b) die rente op die seisoenlening deur die vereniging aangegaan om die inneming van elke afsonderlike klas tabak te finansier;
  - (c) die proporsionele verdere onkoste deur die vereniging beloop;
  - (d) 'n proporsionele bedrag as en vir waarde vermindering van die roerende en onroerende eiendom van die vereniging;
  - (e) alle bydraes ten opsigte van bemerking van tabak soos deur die raad van direkteure bepaal. Die aftrekkings bedoel onder (c) en (d) word teen elkeen van die klasse tabak in klousule 62 genoem, afsonderlik bereken in verhouding met die gewig en die waarde van alle tabak in elke klas tot die gewig en die waarde van alle tabak in al

die klasse gedurende die boekjaar aan die vereniging afgelewer.

(2) Die oorskot in elk van die verskillende klasse word in onderstaande volgorde aangewend-

- (a) n Heffing gelykstaande aan minstens vyf persent daarvan, soos bepaal deur die raad van direkteure, word na n Ledebelangefondsrekening gekrediteer wat administreer word, soos in klousule 65 bepaal: Met dien verstande dat indien enige gedeelte van sodanige heffing die belange verteenwoordig van persone wat nie lede van die vereniging is nie, die betrokke bedrag direk na die reserwefonds gekrediteer word:
- (b) Voorsiening word gemaak vir die uitbetaling aan lede van die verskil, of soveel daarvan as wat beskikbaar vir uitbetaling mag wees, tussen die volle waardasie en die voorskot daarop gemaak ooreenkomstig klousule 61:
- (c) n Bedrag deur die raad van direkteure te word bepaal, dog wat nie minder mag wees as een-tiende van die totale bedrag aangewend onder (a) van hierdie paragraaf, word in die reserwefonds gestort:
- (d) n Bedrag deur die raad van direkteure te word bepaal, dog wat nie meer mag wees as die bedrag aangewend onder (c) van hierdie paragraaf nie word opsy gesit in n spesiale reserwefonds vir onvoorsiene uitgawes:
- (e) Voorsiening word gemaak vir n haelskadebeskermingsfonds wat bereken word teen n persentasie-basis, nie noodwendig soortgelyk vir die klasse nie, ten opsigte van elke klas tabak gedurende dieselfde boekjaar afgelewer, op die oorskot na aftrek van (a), (b), (c) en (d) in hierdie paragraaf, en watter persentasies deur die raad van direkteure bepaal word.

Vyf-en-sewentig persent van die bedrag in die haelskade-beskermingsfonds van elke klas tabak aan die einde van elke boekjaar, plus die betrokke gedeelte van die registrasiefooie onder klousule 75 betaalbaar, word, na aftrek van die betrokke taksasie-, administrasie- en ander onkoste daaraan verbonde, aangewend om haelskade veroorsaak in die daaropvolgende boekjaar, uit te betaal. Die oorblywende 25 persent op die fondsrekening tesame met enige surplus, na volle betaling van alle goedgekeurde eise, word oorgedra na die fondse vir die volgende boekjaar.

- (f) Van die oorskot na aftrek van (a) tot (e) hierbo, word voorsiening gemaak vir n verdere bedrag na die voormelde Ledebelangefonds wat bereken word teen n persentasiebais, nie noodwendig soortgelyk vir die klasse nie, ten opsigte van alle klasse tabak gedurende dieselfde boekjaar afgelewer, welke persentasie of persentasies deur die raad van direkteure bepaal sal word: Met dien

verstande dat indien enige gedeelte van sodanige voorsiening die belange verteenwoordig van persone wat nie lede van die vereniging is nie, die betrokke nie-lede bydrae direk na die reserwefonds gekrediteer word;

- (g) n Uitbetaling aan lede, van die restant daarna beskikbaar word gemaak, op die basis van die waarde ooreenkomstig klousule 61 op hul afgelewerde tabak geplaas.

Hierdie uitbetalings is onderhewig aan die goedkeuring van die raad van direkteure en word, mits fondse beskikbaar is, gemaak so spoedig moontlik na die end van die boekjaar gedurende welke die tabak afgelewer is:

Art. 64.(1)

Ingeval aan die end van enige boekjaar alle tabak gedurende sodanige boekjaar deur lede afgelewer nie verkoop is nie, gaan die vereniging voort om, ooreenkomstig klousules 62 en 63 sodanige onverkoopte tabak gedurende die daaropvolgende jaar of jare, na gelang dit nodig blyk, in afsonderlike klasse te behandel totdat die oorspronklike geheel van elke klas totaal uitverkoop is.

- (2) Die opbrings van daardie gedeelte van elke klas tabak, onverkoop gedurende, maar verkoop sedert, die boekjaar waarin sodanige tabak afgelewer is, word, nadat die onkoste vermeld in paragraaf (1) van klousule 63 alreeds gedek is, aangewend in die volgorde soos bepaal in paragraaf (2) van klousule 63: Mits dat van die totale bedrag vir aanwending gedurende enige boekjaar en ten opsigte van elke klas tabak wat onverkoop oorgebly het aan die end van die voorafgaande boekjaar eers afgetrek word-

- (a) die rente op die onafbetaalde gedeelte van die lening deur die vereniging aangegaan om die inneming van die oorspronklike geheel van sodanige klas te finansier;
- (b) assuransiepremies betaal of betaalbaar ten opsigte van sodanige onverkoopte tabak; en
- (c) alle verdere onkoste deur die vereniging aangegaan in verband met die hanteer en verkoop van sodanige tabak.

Hierdie uitbetalings is onderhewig aan die goedkeuring van die raad van direkteure en word, mits fondse beskikbaar is, gemaak so spoedig moontlik na die end van die boekjaar gedurende welke die tabak verkoop is. Ingeval die tabak in enige klas voor die end van sodanige boekjaar geheel uitverkoop is, mag die raad van direkteure na goeddunke en mits fondse beskikbaar is, uitbetalings aan lede maak so spoedig moontlik nadat alle tabak verkoop is.

LEDEBELANGEFONDS.

## Art. 65.

- (a) Die heffing wat kragtens klousule 63(2)(a) en (f) ingevorder word, word in 'n spesiale fonds genoem "Ledebelangefonds" in die naam van elke lid afsonderlik gestort.
- (b) Die geld in hierdie fonds kan afsonderlik belê word en of kan deur die vereniging gebruik word vir enige van die doelstellings van die vereniging:
- (c) Die belange van lede in die Ledebelangefonds word mits fondse beskikbaar is in die volgende omstandighede en onderhewig aan die gemelde voorwaardes en die goedkeuring van die raad van direkteure soos volg aan hulle uitbetaal:-
  - (i) 'n Lid wat die ouderdom van 60 jaar bereik het, is geregtig, mits hy daarom aansoek doen, op uitbetaling van sy belang in die fonds. Sodanige lid kan aansoek 'n uitbetaling doen enige tyd na bereiking van die ouderdom van 60 jaar; en indien hy sy boerdery na sulke uitbetaling verder voortsit, is hy geregtig om elke vyf jaar na bereiking van die ouderdom van 60 jaar aansoek te doen om uitbetaling van verdere belange wat hy in die fonds opgebou het;
  - (ii) enige lid wat nog nie die sestigste lewensjaar bereik het nie en wat homself as liggaamlik ongeskik voel om sy boerdery voort te sit, kan een keer voor sy sestigste verjaarsdag aansoek doen om uitbetaling van sy belange in die fonds en nadat die raad van direkteure homself tevrede gestel het van die liggaamlike toestand van die lid kan die raad in sy uitsluitende oordeel en sonder verstrekking van enige redes, besluit om die aansoek goed of af te keur en by goedkeuring word die bedrag wat aan die betrokke lid betaalbaar is, aan hom uitbetaal;
  - (iii) wanneer 'n lid bedank omdat hy sy boerdery opgegee het, kan hy, met goedkeuring van die raad van direkteure en onderhewig aan die bepalinge van klousule 14, sy belang in die fonds aan 'n jonger lid van sy familie oordra;
  - (iv) wanneer 'n lid te sterwe kom, kan, met goedkeuring van die raad van direkteure en onderhewig aan die bepalinge van klousule 9, die belange van die oorledene in die fonds aan sy weduwee of aan 'n bevoordeelde uit sy boedel oorgedra of uitbetaal word.

Onderhewig aan die bepalinge van hierdie klousule is die beslissing van die raad van direkteure met betrekking tot die berekening of vasstelling van enige bedrag betaalbaar onder hierdie klousule finaal en bindend vir alle partye en by sodanige vasstelling kan die raad ook in aanmer-

king neem enige onkoste wat die vereniging mag beloop het of nog mag beloop in die behandeling van die aansoek om uitbetaling.

UITVOER VAN KWOTATABAK.

Art. 66. Alle tabak wat die vereniging van n tabakhandelaar ontvang wat ooreenkomstig sub-artikel (1) van artikel 9 van Wet No. 19 van 1932 verplig is om n bepaalde gewig van n bepaalde soort tabak uit te voer, word deur die vereniging in ontvangs geneem en behandel op sulke terme en voorwaardes as wat die raad van direkteure van tyd tot tyd mag bepaal.

LENINGS AAN LEDE.

- Art. 68.
- (1) As die vereniging fondse beskikbaar het vir die doel mag die raad van direkteure na goedgekeurde lenings aan goedgekeurde lede toestaan teen die sekuriteit van verwagte agterskotte op tabak werklik aan die vereniging afgelewer.
  - (2) Beskikbare kontantgelde wat betaalbaar is aan n lid ten opsigte van agterskotte, word deur die vereniging aangewend ter afbetaling van enige lening deur so n lid ingevolge hierdie voorsiening aangegaan en, indien die totale betaalbare agterskot minder is as die lening aangegaan, is die raad van direkteure by magte om die uitstaande balans van die lening in te vorder deur dit van toekomstige kontant-voorskotte betaalbaar, van die betrokke lid af te trek.
  - (3) Die raad stel jaarliks die persentasie van die sogenoemde agterskot wat geleen mag word vas, maar dit mag in geen geval meer wees nie as 75 persent van die verwagte agterskot op tabak werklik afgelewer aan die vereniging.
  - (4) Op lenings gemaak ooreenkomstig die voorafgaande, word rente bereken vanaf die datum van die lening gemaak word tot die datum waarop die lening terugbetaal word teen n rentekoers wat die raad van direkteure jaarliks vasstel maar wat egter nie minder as driekwartpennie per £ per maand of gedeelte van n maand en nie meer as een en n half pennie per £ per maand of gedeelte van n maand mag wees nie, en by welke rentekoers die administrasiekoste ingesluit is.

VERSKAFFING VAN LANDBOUBENODIGDHEDE AAN LEDE.

- Art. 71. As die vereniging daartoe in staat is, en onderhewig aan die goedkeuring van die raad van direkteure kan hy sy lede van landbougereedskap en -masjinerie, saad, misstowwe en ander boerderybenodigdhede vir die produksie en lewering van tabak, voorsien.
- Art. 72. Sodanige artikels word voorsien teen kosprys plus n kommissie deur die raad van direkteure bepaal en elke bestelling van n lid moet van kontant

vergesel wees: Met dien verstande dat die Raad van Direkteure in sy diskresie goedere aan lede op rekening kan verskaf teen n bedrag van hoogstens 50% van enige verwagte agterskot op tabak deur n lid gelewer en wat nie ooreenkomstig klousule 68 aan hom geleen is nie, teen sulke voorwaardes en kondisies soos deur die raad bepaal.

WYSE VAN BESKERMING TEEN HAELSKADE.

Art. 73.

- (a) Onderhewig aan die bepalings van hierdie regulasies, is elke lid se tabak outomaties gedek teen haelskade, sonder regstreekse betaling van heffing of premie, mits hy die vorige boekjaar tabak van daardie jaar se oes gekweek en in kommersiële hoeveelhede in sy eie naam gelewer het en mits hy die nodige prosedure vir registrasie van sy tabakoes nagekom het.
- (b) Waar n lid nie in die voorafgaande boekjaar tabak van daardie jaar se oes gelewer het nie, kan sy oes gedek word teen betaling van n heffingbydrae tot die fonds of fondse wat die raad van direkteure van tyd tot tyd vasstel.
- (c) Waar n planter, wie vir n tydperk van vyf agtereenvolgende jare tot die fonds of fondse bygedra het, die vorige jaar nie tabak kon lewer nie omdat sy oes geheel en al vernietig was deur oorstromings, droogte, hael en vuur, kan so n planter vir die een daaropvolgende jaar vrye dekking van sy oes verkry, mits hy die voorgeskrewe prosedure vir registrasie van sy tabakoes nakom.

Art. 74. Elke lid se tabakoes mag geregistreer word, vir beskerming teen haelskade, onder die klasse en in verhouding met die waarde van tabak wat deur hom in die voorafgaande boekjaar by die vereniging gelewer is. Die registrasie- of dekkingswaarde per morg van die verskillende klasse tabak, word van tyd tot tyd deur die raad van direkteure vasgestel.

Gewysig 1957.

Art. 75. „Beskerming teen haelskade geskied by wyse van registrasie op sulke voorwaardes as wat die raad van direkteure mag vasstel.”

Art. 76. Vir die doel van registrasie vir die beskerming teen haelskade en die inboeking en berekening daarvan kan die raad van direkteure namens die vereniging een of meer lede of beampptes van die vereniging aanstel as waardeerders of kontroleurders.

Art. 77. Enige lid wie gedek wil wees teen haelskade aan sy tabakoeste moet die sekretaris voorsien van n aansoek om registrasie op n vorm deur die vereniging vir daardie doel verskaf. Op bedoelde vorm moet volle besonderhede verskaf word van die verskillende soorte tabak en datums van plantings daarvan.

Art. 78. Dit is n voorwaarde van registrasie dat elke aansoek om registrasie van dekking teen haelskade van n

tabakoës of oëste vergesel moet wees van 'n sketsplan soos deur die raad van direkteure voorgeskryf en wat die ligging van die tabakland of lande waarop die aansoek of aansoeke betrekking het, op so 'n manier aantoon dat dit sonder twyfel ge-identifiseer kan word.

Art. 79. By ontvangs van 'n aansoek om registrasie vir dekking teen haelskade erken die vereniging dadelik aan die applikant die ontvangs daarvan en die raad van direkteure oorweeg daarna sonder versuim, maar nie later as dertig dae daarna die aanname of verwerping van die aansoek.

Art. 80. Dekking teen haelskade word geag te begin vanaf die datum waarop die aansoek om registrasie daarvan deur die raad van direkteure aangeneem is. Mits dat die raad van direkteure na goëddunke mag besluit dat dekking 'n aanvang neem vanaf die datum waarop die formele aansoek om registrasie daarvan in die pos geplaas is, of vanaf die datum van ontvangs daarvan op een of ander kantore van die vereniging.

Art. 81. Die raad van direkteure kan na goëddunke:-

- (a) die bedrag, op die haelskade-beskermingsfonds verpoel sonder om tussen die verskillende klasse tabakoëste wat beskerm is teen haelskade 'n onderskeid te maak; of
- (b) die bedrag op die haelskadefonds volgens die verskillende klasse van tabak in aparte poele laat plaas, en so hou van jaar tot jaar.

#### BETALING VAN SKADEËISE.

Art. 82. Wanneer eise gemaak word vir die betaling van verliese of skade stel die raad van direkteure, indien nodig, een of meer assessors aan om enige sodanige verliese of skade, veroorsaak deur hael aan die tabakoëste van lede, te takseer.

Art. 83. Die beslissing van die assessor, assessors of die meerderheid van hulle, betreffende enige verliese of skade deur 'n lid gely, is finaal en hy of hulle oorhandig met redelike spoed aan die sekretaris 'n verklaring waarin die persentasie van sodanige verliese of skade soos deur hom of hulle of 'n meerderheid van hulle getakseer is, genoem word: Mits dat die raad van direkteure geregtig is om die beslissing van die assessor of assessors in hersiening te neem deur aanstelling van twee ander assessors om sodanige beslissing te wysig, of goed te keur, of om 'n ander taksasie te maak, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat vir die raad aanneemlik is: Mits verder dat, indien 'n lid nie tevrede is nie met die persentasie van die skadevergoëding aan hom toegeken, die raad op skriftelike versoek van so 'n lid, gepos of ontvang binne drie dae na taksasie van sy haelskade, verdere ondersoek kan laat instel ten einde, indien nodig, die toegekende skadevergoëding in hersiening te neem. Indien, egter, die bewerings op grond waarvan die lid verdere skadevergoëding eis, nie by so 'n verdere ondersoek in die opinie van die raad gestaaf word nie, is die onkosse verbonde aan so 'n verdere ondersoek deur die betrokke lid betaalbaar en word van die reeds toegekende skadevergoëding afgetrek.

- Art. 84. Ingeval n lid verlies of skade ly aan sy tabakoeste weens hael moet hy binne drie dae die sekretaris voorsien van n beraming van sulke verlies of skade, en sulke ander besonderhede, datums en informasie as wat redelik geëis mag word, en sodanige verlies of skade word daarna getakseer deur die assessor of assessors aangestel soos in die hierin voorafgaande regulasies bepaal: Mits dat die raad van direkteure hierdie vereiste in hul diskresie mag wysig.
- Art. 85. Hoër skadevergoeding dan die vasgestelde bedrag per morg, soos vasgestel deur die raad op elke afsonderlike klas, word nie uitbetaal ten opsigte van enige verlies of skade nie. In gevalle waar die tabak nie gesond of normaal en skoon op die land gestaan het nie voor die haelskade, moet die assessors dit in aanmerking neem en word daar nie hoër skadevergoeding uitbetaal nie anders as op die basis van die verminderde waarde per morg wat volgens die taksasie van die assessor of assessors vasgestel is. Die raad van direkteure kan na goeddunke van enige lid wie skade of verlies gely het, eis om sodanige bewys as wat redelik geëis mag word voor te lê betreffende die hoeveelheid en waarde van dié deel van sy tabakoeste wat hy nog ingesamel het en hulle mag die waarde van sodanige gedeelte aftrek van die totale bedrag waarvoor die betrokke lid se tabak getakseer is voordat enige vergoeding uitbetaal word.
- Art. 86. Ingeval geen eis vir skadevergoeding ingedien word voor of op 31 Mei in elke jaar, of ingeval n lid weier of versuim om binne daardie tyd bewys te lewer, soos vermeld in die voorafgaande regulasies, is die raad van direkteure by magte om sodanige eis te ontken en dit as verval beskou, en sodanige eis verval daarna „ipso facto" en is van nul-en-gener-waarde.
- Art. 87. Haelskade veroorsaak gedurende April en Mei in elke jaar word vir die doel van hierdie regulasies, beskou as haelskade veroorsaak gedurende die voorafgaande boekjaar.
- Art. 88. Ingeval van totale of gedeeltelike verlies deur hael gedurende die seisoen wanneer daar volgens die raad of sy assessors genoeg tyd is om die beskadigde tabak om te ploeg en die lande weer met tabak te beplant, word net die onkoste op die vernietigde tabakoeste plus enige verdere vergoeding in die diskresie van die raad aangeneem as getakseerde verlies. In so n geval is die herbeplante tabakoeste verder gedek teen haelskade.

Gewysig 1957.

- Art. 89. „Waar n lid n eis ingestel het, word sy skadeëis in die daaropvolgende jaar of agtereenvolgende jare, as hy weer n eis instel, met 10% verminder: met dien verstande dat, ingeval so n lid in enige jaar daarna geen eis instel nie, word sy skadeëis weer van vooraf soos n gewone eis ten volle in berekening gebring.
- Art. 90. Goedgekeurde eise vir skadevergoeding by die vereniging ingedien, word nie betaal nie voor die end van die boekjaar gedurende welke die skade veroorsaak was, ten einde die vereniging in staat te stel om die totale getakseerde skade tot aan die end van die boek-

jaar te bereken. Ingeval die bedrag beskikbaar vir uitbetaling van skadevergoeding aan die end van sulke boekjaar nie voldoende is om alle eise gedurende die jaar gemaak, uit te betaal nie, word betaling gemaak in verhouding tot die bedrag of bedrae beskikbaar.

Art. 91. Skadevergoeding word nie betaal nie:-

- (a) waar n lid ten tyde van die aansoek om registrasie vir beskerming teen haelskade n valse opgawe maak van welke aark ook met betrekking tot die oeste wat deur die vereniging gedek word;
- (b) waar die oeste nie die bona fide eiendom van die lid is nie ten tyde van registrasie vir dekking en tyde van beskadiging;
- (c) waar die lid by indiening van n eis vir skadevergoeding n valse verklaring maak met die doel om bedrog te pleeg;
- (d) waar n eiser vir skadevergoeding weier of onredelik versuim om alle moontlike hulp en informasie aan die vereniging of sy assessors te verskaf om sy eis te ondersoek. Die bewyslas van enige haelskade berus op die lid;
- (e) waar die tabak van die land geoes is voordat die assessors die verlies of skade getakseer het;
- (f) waar n lid versuim het om sy tabakoes te registreer vir beskerming teen haelskade, binne die tydperk soos neergelê in hierdie regulasies;
- (g) waar die tabak kleiner is as 9 duim hoog van die grond af tot by die hartjie van die plant;
- (h) waar die tabak na 15 Januarie in enige jaar uitgeplant is; en/of
- (i) Waar die skade minder is as 15 persent van die beskadigde tabak.

Art. 92. Ondanks enige van die voorafgaande bepalings rakende die haelskadebeskermingsfonds, is die raad van direkteure by magte om enige versekering of herversekering ter groter en/of veiliger dekking van tabakhaelskade aan te gaan en van die fondse van die haelskadebeskermingsfonds vir die doel aan te wend.

B I B L I O G R A F I E

- J.J. Adams: n Historiese oorsig van die koöperatiewe Wetgewing in Suid-Afrika. Voordrag gehou voor: Eerste Vakansiekursus in Koöperasieleer, Stellenbosch 1952.
- G.F. Combrink: Die Proctor-afdeling. Voordrag gehou voor: Bladman-waardeerderskursus, Rustenburg 1957.
- J.P. Hamman: Beheerde bemarking van tabak. Voordrag gehou voor: Bladman-waardeerderskursus, Rustenburg 1957.
- C.D. Human: Gradering van tabak. Voordrag gehou voor: Bladman-waardeerderskursus, Rustenburg 1957.
- H.H. Klerck: Tabakkoöperasies onder die Beheerraadstelsel. In: Georganiseerde Landbou, Februarie 1957.
- Amptenaar van M.K.T.V. Verhaal van Wyle G.W. Ottermann. In: Georganiseerde Landbou, Maart 1957.
- Finansiële state en verslae van die M.K.T.V.
- Notule van Direkteursvergaderings van die M.K.T.V. vanaf stigting tot 1957
- Notule van Jaarlikse Algemene Vergaderings van die M.K.T.V. tot 1957.
- Notule van die Sentrale Koöperatiewe Tabakmaatskappy van Suid-Afrika Beperk.
- Offisiële Jaarboeke van die Unie van Suid-Afrika.
- Staatskoerante (verskeie).
- Die Koöperatiewe Wet (Wet No. 29 van 1939) soos gewysig.
- Die Bemarkingswet (Wet No. 26 van 1937) soos gewysig.